**REDES WAAROM LEERDERS DIE SKOOL VERLAAT: 'n GEVALLESTUDIE VAN 'n SPESIFIEKE SKOOL**

**deur**

**STEVEN NICOLAS VALENTYN**

**Mini-tesis voorgelê as gedeeltelike voltooiing van die vereistes vir die graad**

**Magister Educationis**

**in die Fakulteit van Onderwys en Sosiale Wetenskappe**

**aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie**

**Studieleier: Dr BP Thuynsma**

**Mowbray**
**Junie 2009**

**VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID**

Ek, Steven Nicolas Valentyn, verklaar hiermee dat die inhoud van hierdie werk my eie is, en dat die tesis nie voorheen ingedien is vir akademiese eksaminering om enige kwalifikasies te bekom nie. Die opinies hierin vervat is my eie en nie noodwendig dié van die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie nie.

………………………………. ……………………………

**Geteken** **Datum**

**ABSTRAK**

Baie leerders verlaat sekondêre skole voordat hulle by daardie spesifieke skool matrikuleer. Sommige migreer bloot na ander skole terwyl ander hul opvoeding by skoolgebaseerde Verdere Onderwys en Opleidingskolleges (VOO) voortsit of beroepsgerigte kursusse volg. Navorsing het egter bewys dat baie leerders sekondêre skole verlaat en bloot *dropouts* word, dit wil sê leerders wat nie hul opvoedingsloopbaan op een of ander manier voortsit nie.

Hierdie studie is daarop gefokus om, deur ’n gevallestudiebenadering, die redes waarom ’n spesifieke sekondêre skool in die Wes-Kaap jaarliks hoë syfers van skoolverlatings beleef, te identifiseer. ’n Deeglike literatuurondersoek het aan die lig gebring dat *push out of school*- en *pull out of school*-faktore oorwegend die redes is waarom leerders skole verlaat. Uit die literatuur kon ek ook identifiseer dat meer *pull out of school*-redes tot skoolverlatings gelei het. My navorsing is binne die teoretiese raamwerk van *push out of school*- en *pull out of school*-redes onderneem.

Ek het ’n gemengde-metodebenadering, wat kwantitatiewe en kwalitatiewe ondersoeke ingesluit het, gevolg om data te bekom. Die navorsingsperiode was vir die eerste sewe maande van 2008. Die instrumente wat aangewend is om data in te samel, sluit in vraelyste wat na 80 skoolverlaters versprei is, semi-gestruktureerde onderhoude met 12 skoolverlaters en hul ouers, asook ontleding van skooldokumentasie.

Die inligting vanuit die vraelyste word deur middel van grafieke (histogramme) aangebied, ontleed en bespreek. Die inligting wat verkry was deur middel van onderhoude is in tabelvorm saamgevat, in beskrywende vorm aangebied en tematies ontleed en bespreek.

Daar is bevind dat *pull out of school*–faktore, soos huislike omstandighede, swangerskap, verhuising, siektes en groepdruk, sowel as *push out of school*-faktore soos onderprestasie, graadherhaling, onveiligheid by die skool, die feit dat die leerder uitgesit was, weiering van gesag en taalprobleme, tot skoolverlatings bygedra het. Aanbevelings rakende die bevindinge tot die studie word in hoofstuk vyf uiteengesit.

# ERKENNING

**My opregte dank en waardering aan die volgende partye:**

- Ons Hemelse Vader deur wie alles moontlik gemaak was.
- Dr. Beatrice Thuynsma, my studieleier en mentor, vir haar leiding, advies, geduld en volgehoue motivering.
- Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) wat toestemming verleen het dat ek navorsing in die skool mag onderneem.
- Die Skoolbeheerraad van die spesifieke skool waar die gevalle-studie onderneem was.
- Alle skoolverlaters en hul ouers vir hul goedhartige deelname aan die studie.
- Mnr. Jeremy Koeberg en lede van die ondersteuningsgroep vir die kwaliteit ure van wedersydse ondersteuning.
- My vrou Patricia en kinders (Le-Anne en Jodie) vir hulle liefde, ondersteuning en verdraagsaamheid tydens my ure van studie.
- Die **Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie** vir hul finansiële ondersteunning.

**INHOUDSOPGAWE**


| | | |
|---|---|---|
| | Verklaring van oorspronklikheid | ii |
| | Abstrak | iii |
| | Erkennings | iv |
| | Woordelys | ix |

**HOOFSTUK EEN:** INLEIDING EN AGTERGROND

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.2 | Agtergrond en motivering | 2-4 |
| 1.3 | Probleemstelling | 4 |
| 1.4 | Navorsingsvrae waarop die studie gefokus is | 4 |
| 1.5 | Navorsingsmetodologie | 5 |
| 1.6 | Die gebruikswaarde van die studie | 5 |
| 1.7 | Tekortkominge van die studie | 6 |
| 1.8 | Etiese oorwegings | 7 |
| 1.9 | Oorsig van die navorsingsverslag | 7-8 |

**HOOFSTUK TWEE:** LITERATUURSTUDIE

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Inleiding | 9 |
| 2.1.1 | Definisies van ’n skoolverlater | 9-10 |
| 2.1.2 | Samevattende faktore wat bydra tot skoolverlating | 10 |
| 2.2 | Klassifikasie van faktore | 10-13 |
| 2.2.1 | Buite-skoolverwante redes | 13 |
| 2.2.1.1 | Redes wat verband hou met huislike omstandighede | 13-15 |
| 2.2.1.2 | Sosiale of gemeenskapsfaktore | 16-17 |
| 2.2.2 | Skoolverwante redes | 17 |
| 2.2.2.1 | Onderprestasie deur leerders en graadherhaling | 17-19 |
| 2.2.2.2 | Herhaalde afwesigheid | 19 |
| 2.2.2.3 | Lae moraal en gebrek aan motivering t.o.v die skool | 20 |
| 2.2.2.4 | Kwaliteit van opvoeders en opvoeding asook beskikbaarheid van hulpbronne | 21 |
| 2.2.2.5 | Beskikbaarheid van hulpbronne | 21 |
| 2.2.2.6 | Skoolmilieu, struktuur en organisasie | 21-23 |
| 2.2.3 | Individuele faktore | 23-24 |
| 2.2.3.1 | Groep- en portuurdruk | 24-25 |
| 2.2.3.2 | Jeugswangerskap | 25-27 |
| 2.2.3.3 | Geslagsverwante faktore | 27 |
| 2.2.3.4 | Persoonlike verbintenis tot die opvoeding | 27-28 |
| 2.3 | Afsluiting | 28 |

**HOOFSTUK DRIE:** NAVORSINGSMETODOLOGIE

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Inleiding | 29-30 |
| 3.2 | Die gevallestudiebenadering | 30-31 |
| 3.3 | Navorsingsontwerp | 31-32 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.4 | Metodes van dataversameling | 32-33 |
| 3.4.1 | Monsterneming | 33 |
| 3.4.2 | Etiese oorwegings | 34 |
| 3.4.3 | Prosedure van dataversameling | 34-35 |
| 3.4.4 | Instrumente om data te versamel | 35 |
| 3.4.4.1 | Vraelyste | 35-36 |
| 3.4.4.2 | Onderhoude | 36-38 |
| 3.4.4.3 | Dokumente (skoollêers van leerders) | 38 |
| 3.5 | Triangulasie | 38-39 |
| 3.6 | Ontleding van data | 39 |
| 3.6.1 | Ontleding van vraelyste | 39-40 |
| 3.6.2 | Ontleding van onderhoude | 40-41 |
| 3.6.3 | Ontleding van dokumentasie | 41 |
| 3.7 | Tekortkominge van die studie | 41-42 |
| 3.8 | Samevatting | 42 |

**HOOFSTUK VIER:** AANBIEDING EN ONTLEDING VAN DATA

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Inleiding | 43 |
| 4.2 | Aanbieding van data vanuit die vraelyste | 43 |
| 4.2.1 | Die geslag van skoolverlaters | 44 |
| 4.2.2 | Graadverspreiding van skoolverlaters | 44-45 |
| 4.2.3 | Maandverspreiding van skoolverlatings | 45-46 |
| 4.2.4 | Verspreiding van skoolverlaters se ouderdomme | 46 |
| 4.2.5 | Hooftemas: redes vir skoolverlating | 47 |
| 4.2.5.1 | Subkategorieë van die "pull-out of school" faktore | 47-48 |
| 4.2.5.2 | Subkategorieë van die "push-out of school" faktore | 48-49 |
| 4.2.6 | Leerders wat hul skoolloopbaan voortsit teenoor "drop-outs" | 49-50 |
| 4.3 | Ontleding en bespreking van data vanuit die vraelyste | 50 |
| 4.3.1 | Die geslag van die skoolverlaters | 50 |
| 4.3.2 | Graadverspreiding van skoolverlaters volgens verskillende grade | 50-51 |
| 4.3.3 | Maandverspreiding van skoolverlatings in verskillende maande | 51 |
| 4.3.4 | Verspreiding van ouderdomme van skoolverlaters | 51 |
| 4.3.5 | Ontleding van die hooftemas as rede vir skoolverlating | 51-52 |
| 4.3.5.1 | Sub-kategorie: "Pull-out of school" faktore | 52 |
| | - swangerskap | 52-53 |
| | - huislike omstandighede | 53 |
| | - verhuising | 54 |
| | - siekte | 54 |
| | - groepdruk | 54-55 |
| 4.3.5.2 | Sub-kategorie: "Push-out of school" faktore | 55 |
| | - onderprestasie deur leerder | 55-56 |
| | - uitgesit | 56 |
| | - voel onveilig by die skool | 56-57 |
| | - graadherhaling | 57 |
| | - weiering van gesag | 57 |
| | - taalprobleme | 58 |
| 4.3.6 | Leerders wat hul skoolloopbane voortsit teenoor dié wat "drop-outs" geword het | 58 |
| 4.4 | Aanbieding van onderhoude met skoolverlaters en ouers van skoolverlaters | 58 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.4.1 | Onderhoude met skoolverlaters | 59 |
| 4.4.1.1 | Algemene inligting rondom skoolverlaters | 59 |
| 4.4.1.2 | Redes vir skoolverlating | 60 |
| 4.4.1.2.1 | "Pull-out of school" faktore | 60 |
| | - huislike omstandighede | 61 |
| | - groepdruk | 61 |
| | - siekte | 61 |
| 4.4.1.2.2 | "Push-out of school" faktore | 61 |
| | - onderprestasie | 62 |
| | - graadherhaling | 62 |
| | - voel onveilig by die skool | 62 |
| | - uitgesit | 62 |
| 4.4.2 | Onderhoude met ouers van skoolverlaters | 63 |
| 4.4.2.1 | Algemene inligting rondom skoolverlating | 63-64 |
| 4.4.2.2 | Redes vir skoolverlating volgens ouers | 64-66 |
| 4.5 | Ontleding en bespreking van data vanuit die onderhoude met skoolverlaters en hul ouers | 66 |
| 4.5.1 | "Pull-out of school" faktore | 66 |
| | - huislike omstandighede | 66-68 |
| | - groepdruk | 68-70 |
| | - siekte | 70 |
| 4.5.2 | "Push-out of school" faktore | 70 |
| | - swak akademiese prestasie (onderprestasie) | 70-71 |
| | - graadherhaling | 71-73 |
| | - uitsetting | 73 |
| | - gevoel van onveiligheid by die skool | 74 |
| 4.5.3 | Wat die skool kon doen om skoolverlatings te voorkom volgens die skoolverlaters en hul ouers | 74-77 |
| 4.6 | Ter afsluiting | 77 |

**HOOFSTUK VYF:** BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Inleiding | 78-79 |
| 5.2 | Opsomming van bevindinge | 79 |
| 5.2.1 | Algemene inligting wat verband hou met skoolverlaters | 79-80 |
| 5.2.2 | Redes vir skoolverlating | 80-81 |
| 5.2.2.1 | "Pull-out" faktore | 81 |
| 5.2.2.2 | "Push-out" faktore | 82-83 |
| 5.3 | Aanbevelings | 83-86 |
| 5.4 | Verdere navorsing | 86 |
| 5.5 | Ter afsluiting | 87 |

**BRONNELYS** 88-92

## LYS VAN FIGURE


**Figuur 2.1:** Buite-skoolverwante redes wat verband hou met skoolverlatings 13
**Figuur 2.2:** Opsomming van huislike en gesinsfaktore wat tot skoolverlatings kan lei 14
**Figuur 2.3:** Gesinsonvolledigheid wat 'n negatiewe invloed kan hê op die leerder se belangstelling in die skool 15
**Figuur 2.4:** Sosiale of gemeenskapsfaktore wat tot skoolverlatings kan lei 16
**Figuur 2.5:** Skoolverwante redes tot skoolverlatings 17
**Figuur 2.6:** Kettingreaksie van gereelde afwesigheid tot uiteindelike skoolverlating 19
**Figuur 2.7:** Individuele faktore wat kan lei tot skoolverlatings 24
**Figuur 4.1:** Die geslag van skoolverlaters 44
**Figuur 4.2:** Graadverspreiding van skoolverlaters 44
**Figuur 4.3:** Maandverspreiding van skoolverlatings 45
**Figuur 4.4:** Verspreiding van skoolverlaters se ouderdomme 46
**Figuur 4.5:** Hooftemas: redes vir skoolverlatings 47
**Figuur 4.6:** *Pull out of school*-faktore 48
**Figuur 4.7:** *Push out of school*-faktore 49
**Figuur 4.8:** Voortsetting van skoolloopbane vs. *dropouts* 49
**Figuur 4.9:** Skoolverlaters en hul ouers se voorstelle oor wat die skool kon doen om skoolverlatings te voorkom 77


## LYS VAN TABELLE


**Tabel 1.1:** Aantal leerders wat die skool verlaat het oor die afgelope vyf jaar 2
**Tabel 1.2:** Aantal leerders wat die skool verlaat het oor die afgelope vyf jaar vir die tydperk Januarie – Julie 3
**Tabel 2.1:** Kategorieë van faktore wat lei tot skoolverlatings 11
**Tabel 2.2:** Bydraende faktore tot skoolverlatings 12
**Tabel 2.3:** Persentasie skoolverlatings en voortsetting van skoolloopbane vir 'n spesifieke ouderdomsgroep in Suid-Afrika. 25
**Tabel 4.1:** Opsommende inligting vanuit die onderhoude met skoolverlaters 60
**Tabel 4.2:** Opsommende inligting vanuit die onderhoude met ouers van skoolverlaters 65
**Tabel 5.1:** Vooruitsig van skoolverlaters 78


## BYLAE


**Bylae A:** Aansoekbrief aan die WKOD 93
**Bylae B:** Toestemmingsbrief ontvang van die WKOD 94
**Bylae C:** Aansoekbrief aan die Skoolbeheerliggaam 95
**Bylae D:** Toestemmingsbrief ontvang van die Skoolbeheerliggaam 96
**Bylae E:** Toestemmingsbrief aan leerders (en ouers) vir die voltooiing van die vraelys 97
**Bylae F:** Toestemmingsbrief aan leerders en hul ouers vir deelname aan die onderhoud 98
**Bylae G:** Vraelys aan skoolverlaters 99
**Bylae H:** Onderhoudskedule aan skoolverlaters 100
**Bylae I:** Onderhoudskedule aan ouers van skoolverlaters 101
**Bylae J:** Kriteria vir dokumentanalise 102

## WOORDELYS

- **Skoolverlater -** ’n Leerder wat die skool verlaat sonder om Graad 12 by daardie spesifieke skool te voltooi.

- ***Dropout*** - ’n Leerder wat die skoolsisteem permanent verlaat voordat hy/sy matrikuleer. Sodanige leerder migreer nie na ’n ander skool nie, registreer ook nie by ’n Verdere Onderwys en Opleidingskollege nie en volg geen beroepsgerigte kursus nie.

- ***Pull out of school*-faktore -** Dit is buite-skool (eksterne) faktore wat daartoe lei dat leerders die skool verlaat. Hierdie faktore is gesetel in die individu, huishoudings en gemeenskap. Die skool is nie in beheer van hierdie faktore nie, maar kan ’n wesenlike invloed daarop uitoefen.

- ***Push out of school*-faktore** - Dit is faktore wat intern met die skool verbind word. Die skool behoort in beheer te wees van hierdie faktore en kan deur effektiewe bestuur van hierdie faktore verhoed dat leerders die skool verlaat.

- **WKOD** - Wes-Kaap Onderwysdepartement, ’n liggaam wat openbare onderwys en opleiding administreer.

- **VOO-KOLLEGES -** Verdere Onderwys en Opleidingskolleges is instellings wat voortgesette en beroepsgerigte onderwys aan individue bied.

# HOOFSTUK EEN
# INLEIDING EN AGTERGROND

## 1.1 Inleiding

Die fenomeen van vroeë skoolverlating kom volgens Masitsa (2006:166) in alle lande wat 'n formele onderwysstelsel het, voor. In baie lande is die probleem van vroeë skoolverlating so kritiek dat minder as 50% leerders hul skoolloopbaan voltooi (Lagana, 2004:212). Volgens *The Citizen* (2005:6) het min of meer die helfte van die 80 000 leerders wat in 1992 in die Wes-Kaap Graad 1 begin het, in 2004 matriek behaal. In die Suid-Afrikaanse konteks word Graad 1 tot Graad 9 as 'n verpligte skoolfase beskou, terwyl Graad 10 tot 12 as nie-verpligtend beskou word (Motala, Dieltiens, Carrim, Kgobe, Moyo & Rembe, 2008). Leerders wat dus die skool ná die verpligte skoolfase verlaat, word nie noodwendig as vroeë skoolverlaters beskou nie. Die voormalige Minister van Onderwys, Naledi Pandor, het haar soos volg oor hierdie kwessie uitgespreek:

> It is important to emphasise that not all individuals who leave the schooling system after Grade 9 are necessarily dropping out of the education system. Many have completed the compulsory school phase and may pursue other options in terms of careers or education (South Africa. Department of Education, 2004: ix-x).

'n Ministeriële komitee wat oor skoolverlating in Suid Afrika verslag gedoen het, het bevind dat die meeste metodologieë wat aangewend is om skoolverlatingsyfers te bepaal, ongegrond was (South Africa. Departement of Education, 2008: xvii). Die volgende is kritieke veranderlikes wat nie, volgens die komitee, deur navorsers in ag geneem is nie.

- Beleidsverandering wat leerders toelaat om maksimum vier keer in hul skoolloopbaan grade te herhaal. Die toelatingsvereiste vir Openbare Skole maak voorsiening vir een graadherhaling binne elke skoolfase, wat dus effektief 'n leerder toelaat om 'n twaalf jaar-skoolloopbaan in sestien jaar te voltooi.
- Die bevordering van Graad 9-leerders na Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) kolleges om vir Graad 10-12 ekwivalente te registreer.
- Ander vorme van onderriginstellings soos private VOO-kolleges, huisskole en werk-gebaseerde kolleges waarna leerders migreer.
- Leerders wat na ander skole migreer.

Dit is dus duidelik dat die Suid-Afrikaanse Onderwysdepartement (SAO) nie leerders wat die skoolsisteem verlaat en elders hul opvoedingsloopbaan voortsit, as vroeë skoolverlaters beskou nie, maar wel as skoolverlaters.

Die destydse Onderwysminister, Naledi Pandor, meen egter dat die probleem van skoolverlating nou ’n nasionale probleem geword het. In ’n onlangse verslag wat daarop fokus om leerders binne die skoolsisteem te behou, het Naledi Pandor gesê: “the high drop-out rates among coloured pupils is a concern and would have to be addressed” (South Africa. Departement of Education, 2008:9). Die voormalige Minister maak verder die stelling dat “there is a problem of learner retention, which is more pronounced after Grade 9. Between eleven to fifteen percent of children left school each year after Grade 9, the last year of compulsary education” (South Africa. Departement of Education, 2008:11).

Vir die doel van hierdie ondersoek sal “skoolverlaters” gedefinieer word as *alle leerders wat die skool verlaat sonder om by dié spesifieke skool te matrikuleer*. Gegewe die definisie is dit belangrik om in ag te neem dat, soos reeds verduidelik, nie alle skoolverlaters as *dropouts* beskou kan word nie. Hierdie studie fokus dus op die redes vir skoolverlating in die algemeen en sluit dus ook leerders in wat hul opvoedingsloopbane elders voortsit.

## 1.2 Agtergrond en motivering

As opvoeder by ’n sekondêre skool het ek waargeneem dat groot getalle leerders jaarliks, oor al die grade, die skool om een of ander rede verlaat. Ek het verder ondersoek ingestel en gaan kyk na die skool se statistiek rakende skoolverlaters. Die onderstaande tabel verskaf die getalle van skoolverlaters vir die tydperk 2003-2007.

**Tabel 1.1: Aantal leerders wat die skool verlaat het oor die afgelope vyf jaar**

| Jaar | Totale Gr. 8-inskrywings | Aantal leerders wat die skool verlaat het sonder om Graad 12 te voltooi | | | | | | Totale Inskrywings (Rol) | % Skoolverlaters p.j |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Gr. 8 | Gr. 9 | Gr. 10 | Gr. 11 | Gr. 12 | Totaal | | |
| 2003 | 358 | 42 | 37 | 52 | 19 | 3 | 153 | 1437 | 9,3 |
| 2004 | 386 | 41 | 33 | 57 | 21 | 2 | 154 | 1531 | 9,9 |
| 2005 | 448 | 33 | 27 | 51 | 17 | 2 | 130 | 1610 | 8,1 |
| 2006 | 316 | 20 | 28 | 47 | 29 | 3 | 127 | 1589 | 12,4 |
| 2007 | 269 | 13 | 25 | 59 | 28 | 2 | 127 | 1433 | 11,2 |
| Gemiddelde skoolver - latings per jaar oor die vyf jaar | | 29,8 | 30,0 | 53,2 | 22,8 | 2,4 | 138,2 | Jaarlikse gemiddelde | |
| | | | | | | | | 1520 | 10.1 |

Volgens Tabel 1.1 is dit duidelik dat gemiddeld 138 leerders jaarliks oor die afgelope vyf jaar die skool verlaat het. Die ingekleurde gedeelte fokus op ’n spesifieke groep skoolverlatings vanaf Graad 8 in 2003 tot in Graad 12 in 2007. Van die 358 leerders wat dus in 2003 vir Graad 8 ingeskryf het, het 157 (dit wil sê 157/358 x 100 = 43,9 %) leerders die skool verlaat sonder om by dié skool te matrikuleer. Dit kom neer op gemiddeld 31 leerders per jaar uit dié spesifieke groep. Die grootste uitvalsyfer blyk dan ook in Graad 10 te wees.

Ná verdere ondersoek het die statistiek van die skool geopenbaar dat die grootste persentasie skoolverlating binne die eerste sewe maande van die jaar plaasvind (Januarie tot Julie). Uit die skool se rekords is dit duidelik dat baie leerders nie ná die wintervakansie (Junie/Julie) vir skool opdaag nie. Dit dien dan ook as motivering waarom die navorsingsperiode vir hierdie studie van Januarie 2008 tot Julie 2008 is. Die volgende tabel verskaf inligting oor skoolverlating vir die eerste sewe maande van die jaar oor die afgelope vyf jaar.

**Tabel 1.2: Aantal leerders wat die skool verlaat het oor die afgelope vyf jaar met die fokus op Januarie - Julie**

| Jaar | Totale Inskrywings (Rol) | Totale Gr. 8 - inskrywings | Aantal leerders wat die skool verlaat het in die periode Januarie-Julie | | | | | | % Skool-verlaters (Jan-Jul) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Gr. 8 | Gr. 9 | Gr. 10 | Gr. 11 | Gr. 12 | Totaal (Jan. tot Jul.) | |
| 2003 | 1437 | 358 | 36 | 29 | 14 | 15 | 2 | 96/153 | 6,7 |
| 2004 | 1531 | 386 | 34 | 28 | 32 | 13 | 1 | 108/154 | 7,1 |
| 2005 | 1610 | 448 | 30 | 24 | 29 | 10 | 1 | 94/130 | 5,8 |
| 2006 | 1589 | 316 | 18 | 22 | 31 | 14 | 3 | 88/127 | 5,5 |
| 2007 | 1433 | 269 | 10 | 19 | 33 | 15 | 1 | 78/127 | 5,4 |
| Gemid-deldes | 1520 | 355 | 25,6 | 24,4 | 27,8 | 13,4 | 1,6 | 92,8/138,2 | 6,1 |

Die inligting uit Tabel 1.2 openbaar duidelik dat die grootste persentasie skoolverlating binne die eerste sewe maande van die jaar plaasvind. Dit versterk my aanvanklike motivering om vir die eerste sewe maande van 2008 vas te stel waarom leerders dié sekondêre skool eenvoudig net verlaat.

Van verdere belang is dat groot getalle leerders, wat die vorige jaar aktief was, nie die volgende akademiese jaar by die skool opdaag nie. Dit word deur McCulloch (2006) as "no-show" geklassifiseer. Sedert die instelling van die Sentrale Onderwys en Bestuursinligtingstelsel (SOBIS) in 2006 word die "no-show" statistiek deesdae meer akkuraat en vinniger beskikbaar gestel. Dit verg egter 'n studie op sy eie.

## 1.3 Probleemstelling

Baie leerders verlaat skole om een of ander rede voordat hulle by daardie spesifieke skool matrikuleer. Die hoofoogmerk van hierdie studie is om die redes waarom leerders 'n spesifieke skool verlaat sonder om daar te matrikuleer, te identifiseer. Die teikengroep vir die studie was skoolverlaters van dié spesifieke skool en hul ouers. Masitsa (2006:167) meen:

> Early school leaving is a multifaceted and complicated problem experienced the world over. It is the result of variables such as factors prevailing in the family, in the education system, and in society, as well as peer influence and gender-related factors.

Hierdie faktore word deur Scanlon en Mellard (2002:240) geklassifiseer as *pull out of school-* en *push out of school*-faktore. Volgens hierdie navorsers word die *pull out of school*-faktore verbind met veranderlikes buite die skoolomgewing terwyl die *push out of school*-faktore verbind word met die interne skoolorganisasie.

Leerders wat die skool verlaat en nie hul skoolloopbaan elders voortsit nie, vind dit moeiliker om tot die arbeidsmark toe te tree as diegene wat wel hul skoolloopbane voltooi het (Fischein & Folkander, 2000:265). Vroeë skoolverlating dra dan ook by tot die hoë werkloosheidsyfers, wat toenemende misdaad en ander sosiale euwels aanwakker. Dit is waarom Reed en Johnson (1992:225) ook hul bekommernis uitspreek en sê: "There is consensus among education stakeholders that the early school-leaving problem needs to be addressed because no nation can afford to have large numbers of its citizens uneducated or under-educated and incapable of gainful employment".

## 1.4 Navorsingsvrae waarop die studie gefokus is

1. Wat is die redes waarom leerders dié spesifieke skool verlaat sonder om by hierdie skool te matrikuleer? M.a.w. watter *push out of school-* en *pull out of school*-faktore het 'n rol gespeel?

2. Wat kan die skool doen om te verhoed dat die leerders die skool verlaat?

## 1.5 Navorsingsmetodologie

Die literatuurstudie is nuttig aangewend om gestalte te gee aan die navorsingsmetodologie vir hierdie studie. Ek het besluit om ’n kwalitatiewe sowel as ’n kwantitatiewe benadering te volg, met ’n sterker aanwending van kwalitatiewe metodes. Ek het vraelyste aan alle leerders wat die skool binne die navorsingsperiode verlaat het, gestuur. Hierdie instrument het die vorm van ’n oop-tipe vraelys aangeneem sodat die skoolverlater hom/haar vrylik oor die rede vir skoolverlating kon uitdruk.

Vir die doeleindes van triangulasie en om dieper kennis te verkry oor die redes vir skoolverlating, het ek onderhoude met ’n monster van die skoolverlaters en hul ouers gevoer. Die onderhoude was semi-gestruktureerd wat die navorser die geleentheid gebied het om ondersoekende vrae te stel ten einde meer inligting uit die respondent te verkry. Die onderhoude het streng gefokus op die dieperliggende redes waarom die leerders die skool verlaat het.

Om verdere outentiteit aan die studie te verleen, het ek die skoollêers van die skoolverlaters bestudeer om te identifiseer of daar enige inligting voorkom wat verband hou met die leerders se skoolverlating.

## 1.6 Die gebruikswaarde van die studie

Vroeër in die hoofstuk is aangedui dat die getal skoolverlaters by dié spesifieke skool (Tabel 1.1) buitensporig hoog is in vergelyking met die getal inskrywings (Masitsa, 2006). Vir die skool self is dit ’n probleem aangesien baie leerders as *dropouts* verloor word en dat die skool dus indirek bydra tot die armoede-siklus in die gemeenskap. Hierdie navorsing sal die skool help om te identifiseer waarom die leerders die skool verlaat en die skool sal nou in ’n beter posisie wees om strategieë te beplan ten einde skoolverlatings te beperk – veral *dropouts*. In terme hiervan kan die skool nou identifiseer of *pull out of school-* of *push out of school-*faktore ’n rol gespeel het. Indien dit aan die lig sou kom dat oorwegend *push out of school-*faktore tot skoolverlatings lei, kan dit die skool noop om ondersoek in te stel na die skool se interne bedrywighede.

Die terme *push out of school* en *pull out school* sal deurgans in hierdie studie gebruik word as gevolg van ’n gebrek aan Afrikaanse terminologie wat ’n juiste omskrywing bied om dieselfde gevoelswaarde as die Engelse terme vas te vang.

Alhoewel die studie nie noodwendig veralgemeen kan word nie, kan ander skole, wat in dieselfe sosio-ekonomiese konteks funksioneer, by hierdie studie baat vind. Sodanige skole word nou in staat gestel om pro-aktief op te tree ten einde skoolverlatings te beperk.

Die studie kan ook vir die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) van nut wees in hul beleidsformulering rakende skoolverlatings. Die *pull out of school*-faktore en statistiek kan die WKOD opnuut laat besef dat daar belangrike gemeenskapskwessies en -behoeftes is wat ook aandag moet kry ten einde die maksimum aantal leerders op skool te behou.

**1.7 Tekortkominge van die studie**

’n Gevallestudiebenadering is gevolg, wat beteken dat die redes vir skoolverlating die weergawe is van een spesifieke skool se skoolverlaters. By implikasie beteken dit dat die bevindinge van hierdie studie nie noodwendig tot ander skoolkontekste veralgemeen kan word nie.

Die opinie van die skool se bestuurspan en opvoeders vorm nie deel van die studie nie. Hierdie “professionele” perspektief veroorsaak ’n gaping, aangesien dit die mense is wat elke dag met leerders werk en hul observasies van groot nut kon wees.

Die statistiek van dié wat na ander skole migreer of elders hul onderwysloopbane voortsit en dié wat *dropouts* word, kan nie presies weergegee word nie, aangesien nie alle skoolverlaters aan die studie deelgeneem het nie. Sommige skoolverlaterrespondente wou aanvanklik nie tydens die onderhoude hul samewerking gee nie. Die rede lê moontlik daarin dat die navorser ook ’n opvoeder by die spesifieke skool is en van die respondente moontlik bedreig gevoel het. Nadat ek hulle weer eens die versekering van anonimiteit gegee het, het ek hul deelname verkry. Dit verseker egter nog nie dat hulle alle relevante informasie gedeel het nie of dat hulle in alle opsigte openlik en eerlik was nie.

Daarbenewens strek die navorsingsperiode vir hierdie studie slegs oor die eerste sewe maande van ’n enkele jaar wat beteken dat dit nog aangevul moet word om die tradisionele jaarlikse statistiek te verkry.

**1.8 Etiese oorwegings**

Toestemming is van die WKOD verkry (Bylae B) om navorsing in die skool te onderneem. Die Beheerraad van die skool se toestemming (Bylae D) is ook verkry om navorsing binne die skool te doen. Skoolverlaters en ouers van skoolverlaters is deeglik (Bylae E en F) oor die doel van die studie ingelig, dat hul deelname vrywillig is en dat alle inligting vertroulik hanteer sal word. Toestemming van genoemde partye is noodsaaklik ten einde erkenning te gee aan gesag van die WKOD en Skoolbeheerraad en om respek aan respondente te toon.

**1.9 ’n Oorsig van die navorsingsverslag**

Hierdie navorsingsverslag bevat vyf hoofstukke. Hoofstuk een verskaf ’n inleiding tot die studie. Die probleem van skoolverlating word beklemtoon, maar die feit dat nie alle skoolverlaters *dropouts* is nie, word benadruk. Hierdie hoofstuk verskaf ook ’n agtergrond en motivering wat navorsing oor skoolverlating by dié spesifieke skool ’n noodsaaklikheid maak.

Hoofstuk twee bevat ’n literatuurstudie oor redes waarom leerders die skool verlaat. Die redes word in twee hoofgroepe as *pull out of school-* en *push out of school-faktor*e geklassifiseer en bespreek. Die sub-kategorieë onder dié twee hoofgroepe sluit in redes wat verband hou met die gesin, sosio-ekonomiese redes, sosiale of gemeenskapsredes, skoolverwante redes en redes wat verband hou met geslag en groepdruk.

Die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie aangewend is, word in hoofstuk drie verduidelik. Kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe metodes is gebruik om inligting te bekom. Vraelyste is as ’n kwantitatiewe instrument aangewend om data te versamel, terwyl semi-gestruktureerde onderhoude en dokumentontleding as kwalitatiewe instrumente aangewend is. Prosedures vir dataontleding en voorstelling van data word ook uitvoerig in hierdie hoofstuk beskryf.

’n Voorstelling en bespreking van data wat van skoolverlaters en ouers van skoolverlaters verkry is, word in hoofstuk vier uiteengesit. Daar word ruim van histogramme gebruik gemaak om data voor te stel.

In hoofstuk vyf word die bevindings van die navorsing uiteengesit ná ontleding van die data. Aanbevelings tot hierdie studie word dan ook in hierdie hoofstuk gemaak.

# HOOFSTUK TWEE

# LITERATUURSTUDIE

## 2.1 Inleiding

Hoofstuk een verskaf ’n oorsig oor die feit dat groot getalle leerders die skool verlaat sonder om by ’n spesifieke skool te matrikuleer. In hierdie hoofstuk sal daar gekyk word na die opvoedkundige navorsing wat reeds gedoen oor hierdie onderwerp is om uiteidelik te bepaal in hoe ’n mate hierdie probleem hanteer kan word.

### 2.1.1 Definisies van ’n skoolverlater

McCulloch (2006:4) beskryf ’n skoolverlater as ’n individu wat nie by ’n hoërskool gematrikuleer het nie of wat nie ’n erkende provinsiale of nasionale opvoedkundige hoërskoolprogram voltooi het nie. Hy meen verder dat ’n leerder wat die vorige skooljaar by ’n skool geregistreer het en aktief was, maar nie vir die daaropvolgende skooljaar opdaag nie, ook as ’n skoolverlater beskou kan word.

Volgens ’n vergelykende studie wat in Nederland gedoen is, word ’n skoolverlater, net soos McCulloch (2006) dit beskryf, gedefinieer as ’n persoon wat die skoolsisteem sonder ’n basiese kwalifikasie verlaat. ’n Basiese kwalifikasie word beskou as die minimum vereiste opvoedkundige vlak om tot die arbeidsmark te kan toetree (Luyten, Bosker, Dekker & Derks, 2003:376).

Volgens die Suid-Afrikaanse Onderwysdepartement word ’n leerder as ’n skoolverlater beskou indien:

- die skoolrekords toon dat die leerder onttrek is en
- indien die leerder vir meer as 40 dae agtereenvolgens afwesig was en intervensie deur die skool bewys kan word (South Africa. Department of Education, 2008:5).

Die voormalige Minister van Onderwys, Naledi Pandor, maak dit duidelik dat daar ’n verskil is tussen ’n *vroeë skoolverlater* en ’n *skoolverlater* (South Africa. Department of Education, 2008: ix-x). Die Minister redeneer dat, volgens die Handves van Menseregte soos vervat in die Grondwet van Suid-Afrika, leerders wat die skoolsisteem voor die einde van die verpligte skoolfase, dit wil sê Graad 9, verlaat, as *vroeë skoolverlaters* beskou word. Leerders wat die verpligte skoolfase voltooi het en byvoorbeeld by ’n Kollege vir Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) studeer, of bloot na ’n ander skool migreer, word egter as *skoolverlaters* beskryf (South Africa. Department of Education, 2008).

Vir die doel van hierdie ondersoek sal ’n skoolverlater gedefinieer word as ’n individu wat hierdie spesifieke skool verlaat sonder om Graad 12 by die spesifieke skool te voltooi. Dit is dus in ooreenstemming met McCulloch (2006) se beskrywing van ’n skoolverlater.

### 2.1.2 Samevattende faktore wat bydra tot skoolverlating

Baie faktore dra daartoe by dat leerders skoolverlaters word. Van die mees algemene sosiale redes is gebroke families, afwesigheid van ouerlike gesag en werkloosheid van ouers. Skoolverwante redes sluit in oneffektiewe opvoedingstelsel, disfunksionele skole, onder-gekwalifiseerde opvoeders, verwaarlosing van dissipline, gebrek aan toegang tot die skool, ens. Persoonlike redes soos portuurdruk, gereelde graadherhaling, opvoeder-leerder verhouding, armoede en die nodigheid daaraan dat die leerder deeltyds moet werk om gesinsinkomste aan te vul, dra ook daartoe by dat leerders skoolverlaters word (Lategan, 1990:3; Keen, 1992:103). Martin (1995:1) redeneer dat die faktore wat leerders risiko’s vir skoolverlating maak, veelvuldig is en mekaar dikwels komplementeer. ’n Leerder wat byvoorbeeld op skool swak presteer, wat uit ’n arm enkelouerhuis kom en wat die behoefte om te werk raaksien, onder geweldige druk is om die skool te verlaat. Kortom, ’n aansienlike getal skoolverlaters was leerders wat in omstandighede geleef het wat hulle risiko om skoolmislukkings te word, vergroot het (Martin, 1995:1).

## 2.2 Klassifikasie van faktore wat daartoe bydra dat leerders die skool verlaat

Masitsa (2006:167), wat ’n empiriese studie in sewe sogenaamde swart sekondêre skole in die vyf onderwysdistrikte in die Vrystaat gedoen het, het redes vir skoolverlating geïdentifiseer en dit soos volg geklassifiseer:

- redes wat verband hou met huislike omstandighede
- redes wat met die opvoedingstelsel (onderwysstelsel) te doen het
- skoolverwante redes
- redes wat verband hou met sosiale kwessies
- portuurdruk
- geslags-verwante kwessies (jeugswangerskap)

In hul bespreking van die redes vir skoolverlating het Scanlon en Mellard (2002:240) skoolverlating gekategoriseer in *push out of school*-faktore en *pull out of school*-faktore. P*ush out of school*-faktore word gewoonlik veroorsaak deur of is kenmerkend aan die skool of die onderwysstelsel, terwyl *pull out of school*-faktore hulle oorsprong buite die skool het. Binne hierdie teoretiese raamwerk het Masitsa (2006) sy navorsing oor skoolverlatings onderneem. Tabel 2.1 verskaf ’n opsomming van Scanlon en Mellard (2002), wat ’n eksperimentele studie gedoen het, se *push*- en *pull*-faktore.

**Tabel 2.1: Kategorieë van faktore wat lei tot skoolverlatings**

| *PULL*-FAKTORE | *PUSH*-FAKTORE |
|---|---|
| **Huislike omstandighede**<br>• Gebrek aan effektiewe ondersteuning deur die ouer<br>• Bly nie saam met ouers nie<br>• Ouers is geskei of van mekaar vervreemd<br>• Gebrek aan rolmodelle in die huis<br>• Enkelouergesinne<br>• Powere opvoedkundige agtergrond van die familie<br><br>**Sosio-ekonomiese faktore**<br>• Werkloosheid van ouers<br>• Leerders wat forseer word om deeltydse werk te doen<br><br>**Gemeenskapsfaktore**<br>• MIV/VIGS-verwante faktore<br>• Bendebedrywighede in buurt<br>• Arrestasies vir misdaad<br><br>**Persoonlike/Individuele faktore**<br>• Jeugswangerskap<br>• Portuur-/groepdruk<br>• Vroeë huwelike<br>• Misbruik van dwelms | **Akademies**<br>• Swak akademiese prestasie<br>• Druip herhaaldelik<br>• Herhaaldelik afwesig<br>• Leerder wil nie aan dissipline onderdanig wees nie<br><br>**Moraal en motivering**<br>• Leerder besef nie die waarde van opvoeding nie<br>• Gebrek aan motivering<br>• Te oud vir die graad<br><br>**Toegang tot skool**<br>• Loop lang afstande na die skool<br>• Vervoerprobleme<br><br>**Hulpbronne**<br><br>**Kwaliteit van opvoeding**<br><br>**Skoolorganisasie en struktuur** |

Bron: Aangepas van: Scanlon en Mellard (2002:40)

Volgens Tabel 2.1 is dit duidelik dat Scanlon en Mellard (2002) in hul ondersoek meer *pull out of school*-faktore as *push out of school*-faktore geïdentifiseer het. Volgens hul navorsing impliseer dit dat die buite-skoolkonteksfaktore groter aandag moet kry in die hantering van die probleem van skoolverlating.

In vergelyking met Scanlon en Mellard (2002) se studie, het ’n ministeriële komitee wat ’n kwalitatiewe studie onderneem het, in ’n onlangse verslag oor “Learner Retention in South African Schooling System” ook ’n lys van bydraende faktore tot skoolverlating geïdentifiseer soos uiteengesit in Tabel 2.2 (South Africa. Department of Education, 2008:73-74).

**Tabel 2.2: Bydraende faktore tot skoolverlating**

| | |
|---|---|
| Leerder/demografie | • Geslag<br>• Minderheid/nie-minderheid status<br>• Immigrant tot die land<br>• Opvoedingspeil van ouers<br>• Omgewingsvlakveranderlikes |
| Skoolverwante veranderlikes | • Persentasie leerders wat registreer vir verdere onderwys<br>• Stokkiesdraaiery<br>• Grootte van skool<br>• Ligging van skool<br>• Persentasie werkersklasleerders |
| Familiekenmerke | • Enkelouerhuishoudings<br>• Kulturele kapitaal van die familie<br>• Ouer-kindgesprekke oor skool<br>• Ouer gesinslede |

Bron: Aangepas uit: South Africa. Department of Education (2008:74).


Soos in Tabel 2.1 aangedui word, sal die skoolverwante veranderlikes (Tabel 2.2) as *push out of school*-faktore geklassifiseer word, terwyl die res as *pull out of school*-faktore geklassifiseer sal word. Hierdie faktore is deur die ministeriële komitee in die publiek getoets deurdat hulle skoolverlaters of individue wat met redes vir skoolverlatings bekend is, via die media gevra het om skriftelik insette te lewer. Dit is gedoen om die komitee te help om die uitdagings wat tot skoolverlating lei, te verstaan. Die insette wat ontvang is, is soos volg deur die komitee gegroepeer:

- Sosio-emosionele kwessies in konteks
- Akademiese probleme van leerders
- Sosio-ekonomiese kwessies in die gemeenskap
- Mobiliteit en toegang tot skole
- Hulpbronne en fasiliteite
- Opvoeders en opvoeding
- Interne skoolbestuur
- Opvoedingsbeleid en implementering
- Algemeen

Aan die hand van Scanlon en Mellard (2002) se kategorisering van *push out of school-* en *pull out of school*-faktore en Masitsa (2006) se klassifikasie van die redes vir skoolverlating, sal redes nou afsonderlik bespreek word onder die afdelings skoolverwante- en buite-skoolverwante redes.

### 2.2.1 Buite-skoolverwante redes

Figuur 2.1 gee 'n voorstelling van die hoofkategorieë waarin die buite-skoolverwante redes ingedeel is.




**Figuur 2.1: Buite-skoolverwante redes wat verband hou met skoolverlatings**

#### 2.2.1.1 Redes wat verband hou met huislike/gesins omstandighede


Garbers (1980:30-34) meen dat *pull out of school*-faktore wat gesinsverwant is en deel is van die sosio-ekonomiese omstandighede van die kind, primêr daartoe bydra dat leerders die skool verlaat. Hy voer aan dat ouers se onvermoë om na die finansiële behoeftes van hul kinders om te sien baie keer daartoe lei dat die kind die skool verlaat om self te gaan werk. Dit sluit aan by Le Roux (1994:35-36) se redenasie wanneer hy sê, "education in a culture of poverty is hampered, among others, by insecurity, poor orientation towards school and clashes between the value orientation of the family and the school". 'n Aanhaling uit 'n Suid-Afrikaanse studie oor skoolverlatings deur die Human Sciences Research Council (HSRC, 2008) lui soos volg:

> Conditions within the home and the community also pull learners out of school. These include financial difficulties by way of direct cost (school fees), indirect cost (transport, books, uniforms), and opportunity cost of education (having to work to support the family, household chores, and taking care of siblings).

In teenstelling met Garbers (1980), Le Roux (1994) en HSRC (2008) se redenasie, argumenteer Frank (1990:35,44) dat daar geen betekenisvolle verhouding tussen familie-inkomste en skoolverlating is nie. Hy meen dat "the composite measures of socio-economic status used in most drop-out research do not provide adequate evidence for the assumption that poverty is an important variable in estimating the rate of drop-out". Frank (1990) huldig hierdie siening omdat sy navorsingsperiode binne gunstige ekonomiese omstandighede van sy land geval het en armoede nie juis 'n faktor was nie. Met inagneming van Frank se redenasie,

beklemtoon Keen (1992:100) nogtans dat armoede nie geïsoleer kan word as ’n kritieke oorsaak vir skoolverlating nie. Hierdie siening van Keen is in ooreenstemming met een van die publieke insette aan die ministeriële komitee wat sê: “Children who are exposed to poverty in their homes fail to cope in the classroom … children from poor background are unable to handle the pressure of accommodating themselves amongst those that come from well-to-do backgrounds” (South Africa. Department of Education, 2008: 130).

In sy redenasie sê Garbers (1980:30-34) dat egskeidings as ’n *pull*-faktor tot gevolg het dat gesagstrukture, dissipline, toesighouding en morele ondersteuning binne die huis vir die kinders verwaarloos word. Dit sluit ook aan by gesinsonvolledigheid as gevolg van die dood van ’n ouer of beide ouers. Figuur 2.2 verskaf ’n opsomming van al die huislike en gesinsfaktore wat tot skoolverlatings kan lei.





**Figuur 2.2: Opsomming van huislike en gesinsfaktore wat tot skoolverlatings kan lei**

Omdat die morele ondersteuning van die ouers ontbreek, meen Garbers (1980:31) dat die kind belangstelling in die skool verloor. Hierdie siening van Garbers word ondersteun deur Masitsa (2006:175) wat meen:

> Factors such as a lack of or inadequate parental support, learners not living with parents, divorce or separation of parents, loss of parents, single-parent families and family conflicts do not create a situation in which the child can freely pursue academic activities.

Hierdie faktore word in Figuur 2.3 uiteengesit. Masitsa (2006) redeneer dat die kind se aandag deur hinderlike gesinskwessies vasgevang en oorheers word en dat skoolbelangstelling gevolglik verwaarloos word.




**Figuur 2.3: Gesinsonvolledigheid wat 'n negatiewe invloed kan hê op die leerder se belangstelling in die skool.**


Leerders het 'n behoefte aan toesig, belangstelling en morele ondersteuning van hul ouers en 'n stabiele huis. Dit sluit verder aan by Garbers (1980:32) se siening dat te groot gesinne tot gevolg het dat individuele belangstelling van ouers in die opvoeding van hul kinders ontbreek en die risiko van leerders om die skool te verlaat, vergroot word.

Die toekomsvisie van die leerder word volgens Garbers (1980:30-34) deur die onderwyspeil van sy/haar ouers en ouer broers of susters beïnvloed. Lategan (1990:3) ondersteun Garbers deur te sê, "there is ample research evidence to suggest that people's perception of education appears to be related to the amount of education they themselves have received". Frank (1990:44) benadruk dit ook deur te sê dat die opvoedingsvlak van die ouers baie keer dien as die belangrikste bepalende faktor in hul begeerte om hul kinders te laat leer. Hy argumenteer dat kinders van skoolverlaters geneig is om self skoolverlaters te word.

Garbers (1980:30-34) sluit sy redenasie af deur te sê dat die geografiese bewegings van families, veral verstedeliking om werkredes, ook daartoe bydra dat leerders skole verlaat en by ander skole aansluit. Hierdie fenomeen is veral sigbaar by die skool waar ek my navorsing onderneem en kan dus deur my studie getoets word.

#### 2.2.1.2 Sosiale of gemeenskapsfaktore

Figuur 2.4 gee ‘n voorstelling van die sosiale- of gemeenskapsfaktore wat tot skoolverlatings kan lei.




**Figuur 2.4: Sosiale of gemeenskapsfaktore wat tot skoolverlatings kan lei**


Die skool funksioneer in ’n gemeenskap wat ’n beduidende invloed het op dit wat binne sowel as buite die skool gebeur. Dit impliseer dus dat die gemeenskap ’n sterk motiverende of nie-motiverende invloed op leerders het. Die kultuur van die gemeenskap bepaal wat leerders moet leer, asook hul beroepskeuses, omdat leerders in die skool voorberei word om in die gemeenskap te gaan werk (Masitsa, 2006:182). In die huidige moderne samelewing en ook as gevolg van die invloed van globalisering, is die fokus van leerders nie meer tot die gemeenskap beperk nie. Om positief beïnvloed te word moet leerders genoegsame suksesvolle geleerde mense in die gemeenskap kan sien wat as rolmodelle dien. Chroniese werkloosheid, selfs onder geleerde mense in Suid-Afrika, kan leerders ontmoedig om te studeer. ’n Studie wat Thompson (1993) in vyf Amerikaanse state gedoen het, laat blyk ook dat leerders ontmoedig word om verder te studeer as gevolg van die hoë werkloosheidsyfer onder gegradueerdes. Leerders het die geneigdheid om nie die waarde van opvoeding raak te sien nie of hulle dink dat hulle in elk geval soos ander werkloos sal wees (Legotto, Maaga, Mosoge, Nieuwoudt, Sebego, Steyn & Van der Westhuizen, 2002:116). Dit is nie altyd die geval nie aangesien daar baie geleenthede in die arbeidsmark is, solank jy die minimum kwalifikasies daarvoor het. Mwamwenda (1989:224) meen dat leerders maklik daardie punt kan bereik waar hulle skoolbywoning as sinneloos beskou omdat hulle nie werk sal kry nie, wat weer uiteindelik daartoe kan lei dat hulle die skool verlaat.

Die studies van Odum-Brad en Drolet (1997) en Masitsa (2006:183) het aan die lig gebring dat *pull*-faktore soos dwelm- en alkoholmisbruik, leerders wat vir misdaad gearresteer word, bendebetrokkenheid en MIV/VIGS van die algemeenste redes is waarom leerders die skool verlaat. Volgens Cohen (2007) is die redenasie dat baie leerders se ouers aan MIV/VIGS sterf en dat hulle dan die skool verlaat om huishoudelike pligte te verrig of om die verlies te verwerk. My navorsing word onderneem in ’n konteks waar leerders se bendebedrywighede ’n bekommernis is terwyl MIV/VIGS, wat ‘n *pull*-faktor kan wees, oënskynlik nie ’n kritiese kwessie is nie.

Leerders wie se ouers sterf, hetsy a.g.v MIV/VIGS, ander siektes of ongelukke, ondervind baie keer ’n probleem met die betaling van skoolgelde (Cohen, 2007) en bly later net weg van die skool. Hierdie *pull out of school*-faktor behoort nie meer vandag te geld nie aangesien die Suid-Afrikaanse Skolewet (No.84 van 1996) daarvoor voorsiening maak dat leerders, met betrekking tot sekere voorwaardes van gesinsinkomste, van skoolgeld vrygestel kan word.

### 2.2.2 Skoolverwante redes

In die onderstaande figuur (Figuur 2.5) word die skoolverwante redes tot skoolverlating uiteengesit.




**Figuur 2.5: Skoolverwante redes tot skoolverlatings**

#### 2.2.2.1 Onderprestasie deur leerders en graadherhaling

Leerders wat gereeld terugslae in terme van swak uitslae en graadherhaling ervaar, is geneig om ’n negatiewe persepsie teenoor die skool te ontwikkel (Lee & Miu-ling, 2003:106). Terugslae wat leerders ervaar verminder hul motivering om te studeer en hul vertroue

verdwyn geleidelik. Dié *push*-faktore lei uiteindelik daartoe dat hul toegewydheid teenoor die skool afneem en hulle gebruik stokkiesdraaiery en skoolverlating om hul ontevredenheid duidelik te maak. Hierdie faktore word aangevul met emosionele onbeholpenheid. Pitout, Smith en Windell (1992:177) stel dit as volg: "feelings of competence are seldom, if ever generated, and subsequently the motivation of the child is weakened until the school loses its effectiveness". 'n Ministeriële komitee se bevinding oor skoolverlatings in dié verband voer aan dat 'n tekort aan gespesialiseerde bystand vir leerders met leerprobleme, tesame met die onbevoegdheid van opvoeders om strategieë te implementeer om leerprobleme aan te spreek, daartoe bydra dat leerders swak presteer en uiteindelik die skool verlaat (South Africa. Department of Education, 2008:128). Kwaliteitresultate van 'n onlangse studie van die HSRC (2008) oor vroeë skoolverlating in Suid-Afrika lui as volg: "repetition and low achievement because of a lack of remedial programmes may be chief among the reasons for bleeding in the system. Poor quality of interaction between teachers and learners also contributes to learners' exiting the system".

Beekhoven en Dekkers (2005:115) het ook in hul nasionale kohortstudie daarna verwys dat leerprobleme en afnemende motivering uitloop op skoolverlatings. Een van die publieke insette oor hierdie kwessie lui soos volg: "Some children are underachieving due to natural or psychological factors. These children do not pass. Some of them qualify to be placed at special schools but instead they find themselves in mainstream schools where educators are still unskilled in inclusive education" (South Africa. Department of Education, 2008:129).


Lebella (2000:13), Legotto et al. (2002:115) en Azzam (2007:92) deel ook die siening dat gereelde swak uitslae en die feit dat baie leerders gereeld grade herhaal, skoolverlating aanhelp. Legotto et al. (2002) beklemtoon dat hierdie verskynsel veral by "township"-skole se nie-verpligte skoolfase, d.w.s. Gr. 10 tot Gr. 12, voorkom. Die probleem word volgens Lebella (2000:14) vererger deurdat leerders anti-sosiale gedrag aanneem en later nie oor die weg kom met onderwysers en mede-leerders nie. Anti-sosiale gedrag van die leerder lei tot straf, gevolg deur skorsing en uiteindelik uitsetting.

In 'n studie oor skoolverlating wat oor 'n tydperk van twaalf jaar in sewentien skole gedoen is, het Anderson, Jimmerson en Whipple (2002) ook bevind dat graadherhaling as rede vir skoolverlating uitstaan. Hulle het veral deur hul longitudinale studies bevind dat graadherhaling in die primêre skool twee uit elf keer daartoe lei dat so 'n leerder in die

sekondêre skool sal uitsak. Soos Scanlon en Mellard (2002:240) dit stel, is dit omdat leerders wat gereeld grade herhaal, te oud word vir hul grade, later ongemaklik in die klas voel en uiteindelik wegbly.

#### 2.2.2.2 Herhaalde afwesigheid

Azzam (2007:92) het in sy studies bevind dat baie leerders die skool as vervelig ervaar en gevolglik afwesig bly, wat as ’n *push out of school-* faktor geklassifiseer kan word. Omdat die leerder te veel dae gemis het, vind so ’n leerder dit moeilik om die agterstand in te haal by terugkeer na die skool en verlaat uiteindelik die skool. Masitsa (2006:176) meen gereelde afwesigheid is wanneer ’n leerder ’n patroon van afwesigheid op ’n weeklikse basis toon. Gereelde skoolbywoning is volgens Masitsa (2006:177) ’n voorvereiste vir goeie akademiese vordering. Die kettingreaksie van gereelde afwesigheid → swak akademiese prestasie → graadherhaling en → uiteindelike skoolverlating geld hier en word in Figuur 2.6 voorgestel.




**Figuur 2.6: Kettingreaksie van gereelde afwesigheid tot uiteindelike skoolverlating**

Hierdie fenomeen kom veral voor waar afwesigheid nie deur opvoeders opgevolg word nie (Scanlon & Mellard, 2002:240). Die skool waar ek my navorsing onderneem se beleid oor gereelde afwesigheid vereis dat ’n opvoeder die ouers van ’n leerder wat vir drie dae aaneenlopend afwesig is, onmiddellik in kennis moet stel. Ouers van leerders wat sporadiese afwesigheid toon, moet ook in kennis gestel word. Leerders wat agterkom dat hul afwesigheid nie saak maak nie, ontwikkel die gevoel dat hulle nie vir die skool belangrik is nie en bly later permanent weg.

#### 2.2.2.3 Lae moraal en gebrek aan motivering ten opsigte van die skool

Dit is die verantwoordelikheid van die skool om die leerder voor te berei om ná voltooiing van hul studies sosiaal nuttig te wees (South Africa. Department of Education, 2008:75). In kontras hiermee ervaar baie leerders die skool as vervelig omdat die kurrikulum vir hulle betekenisloos is, onderrig nie inspirerend is nie en hulpbronne nie aan hul verwagtinge voldoen nie (Thompson, 1993:1). Fischbein en Folkander (2000:264) stel dit so: “from the perspective of drop-outs, the school is unable to adjust to their needs and is thus not for them”. Dit het tot gevolg dat leerders, soos Florez-Gonzalez (2002:135) ook redeneer, magteloos voel, lae selfrespek ontwikkel en gebrek aan motivering ervaar ten opsigte van die skool. Daar is selde ’n moontlikheid dat sulke leerders deur die skool geprikkel sal word.

Baie leerders ervaar die kurrikulum as irrelevant ten opsigte van hul behoeftes en toekomsvisie (Keen, 1992:102). Die HSRC (2008) se bevinding in dié verband lui “they expressed frustration to the lack of relevance of education to the South African context and day-to-day life experience”. Leerders het die verwagting, volgens Keen (1992:101), dat die kurrikulum interessant en bemeesterbaar moet wees, maar veral dat die kurrikulum in lyn met sy/haar toekomsplanne moet wees. Die blote gedagte dat werk skaars is (al het jy gematrikuleer) verlaag verder die leerder se moraal. Ander fisiese faktore soos afstand van die skool (veral in ongunstige weerstoestande) en gebrek aan vervoer, weerhou nie net die leerder baie keer om skool by te woon nie, maar demp die leerder se moraal ten opsigte van die skool. Die kettingreaksie van lae moraal, afwesigheid, swak prestasie, graadherhaling en skoolverlating kom dan weer hier ter sprake.

Beekhoven en Dekkers (2005:117), wat in Nedeland ’n nasionale kohortstudie gedoen het oor redes vir vroeë skoolverlating van seuns in die laer sekondêre beroepsgerigte onderwys (bv. tegniese skole), het bevind dat leerprobleme, gebrek aan motivering en probleme wat ontstaan as gevolg van die feit dat verkeerde beroepsgerigte vakke gekies was, uitstaande redes vir skoolverlating is. Die seuns het almal dieselfde siening gedeel, naamlik dat hulle ontuis in die skool voel juis omdat hulle verkeerde vakke gekies het en dus nie hul studie geniet nie (*push out of school*). Hulle verkies om liewer te gaan werk en indiensopleiding te ontvang. In die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel het ons nou fokusskole en skoolgebaseerde VOO-kolleges, wat beroepsgerigte onderwys verskaf. Hierdie instellings bied leerders die geleentheid om in die rigting van hul persoonlike aanleg en vaardighede te studeer. ’n Mens sou kon redeneer dat dit ’n demper op skoolverlatings behoort te plaas.

#### 2.2.2.4 Kwaliteit van opvoeders en opvoeding

Volgens die ministeriële verslag oor skoolverlatings word gesê dat powere onderwyskwaliteit as gevolg van oorvol klasse, onder-gekwalifiseerde opvoeders en 'n tekort aan onderrigmateriaal grootliks bydra tot skoolverlating (South Africa. Department of Education, 2008:75). Masitsa (2006:178) is dit eens wanneer hy sê "poor educators and ineffective teaching techniques, which result mainly from insufficient educator training and school climate that is not conducive to teaching and learning, contribute significantly to the drop-out rate". Die feit dat baie opvoeders onervare is en vakke onderrig waarvoor hulle nie gekwalifiseerd is nie, dra ook by tot skoolverlating (HSRC, 2008). Dit word ondersteun deur een van die publieke insette aan die ministeriële komitee wat lui dat "the attitude of some educators does not stimulate creativity and critical thinking in learners, hence intelligent learners feel bored" (South Africa. Department of Education, 2008:134). Die redenasie is dat sodanige intelligente leerders baie keer die skool verlaat en migreer na 'n skool wat meer uitdagings en gehalte onderwys bied.

Die bevinding van die ministeriële komitee dui ook aan dat opvoeders wat leerders verbaal, fisies of seksueel mishandel, 'n negatiewe invloed het op die klimaat waarbinne opvoeding plaasvind.

#### 2.2.2.5 Beskikbaarheid van hulpbronne

Die fisiese omgewing van die skool en die beskikbaarheid van fasiliteite, gereedskap, onderrigmateriaal en ander hulpbronne dra daartoe by dat opvoeders nie effektief kan onderrig nie (Van Deventer & Kruger, 2003:7). Branham (2004:123-124) maak dit duidelik dat 'n skool wat fisies verwaarloos en afgeskeep is, 'n disfunksionele klimaat sowel as disfunksionele gedrag skep. Dit skep 'n skoolklimaat waar leerders nie lus voel om skool by te woon nie en meer geneig is om die skool te verlaat (*push*-faktor). Die ministeriële komitee het in hierdie verband die volgende uitlating gemaak: "A lack of facilities including adequate security measures, material and human resources and large classes were thought to hamper educational activities in schools (South Africa. Department of Education, 2008:132).

#### 2.2.2.6 Skoolmilieu, struktuur en organisasie

Die mate waartoe die kultuur, klimaat en karakter van die skool in lyn is met die leerder se verwagtinge speel 'n belangrike rol in die leerder se besluit of hy/sy by die skool gaan aanbly al dan nie (Luyten, Bosker, Dekkers & Derks, 2003:375). Smyth en Hattam (2002) het 'n studie onderneem wat fokus op wat hulle noem "kulturele geografie". Hulle meen "the

cultural politics of the school has a powerful effect on how young people make sense of schooling, the spaces that exist for them to be listened to, and how they work to shape schools as places" (Smyth & Hattam, 2002:376-377). Hierdie studie is gedoen deur onderhoude te voer met 209 jong Australiese skoolverlaters. Daar is spesifiek ondersoek ingestel in hoe 'n mate die kultuur van die skool (as 'n *push*-faktor) bygedra het tot of 'n rol gespeel het in hul vroeë skoolverlating. Daar is bevind dat leerders verantwoordelik gehou word vir hul mislukking. Leerders wat "terugpraat" en streng gedissiplineer word asook oninteressante metodes van lesaanbieding en die feit dat leerders soos kleuters behandel word, kan as dominante redes tot skoolverlatings beskou word.

Die ministeriële komitee (oor skoolverlating) het aan die lig gebring dat 'n gebrek aan voldoende kontrole en dissiplinêre praktyke vir leerders skoolverlatings aanhelp. Indien daar nie beleide en skoolprosesse in plek is vir die hantering van leerders se dissipline, afwesigheid, stokkiesdraaiery, intervensie, ens. nie, sal elke opvoeder natuurlik sy/haar eie werkswyse volg, indien enige. Omdat daar nie beleid is nie, kan daar ook nie kontrole toegepas word nie, wat beteken daar is geen struktuur nie. Dit sou beteken dat daar nie effektief opgetree word teen leerders wat skoolverlatingsrisiko's word nie. 'n Gaping ontstaan dus vir leerders om die skool te verlaat. Een van die publieke insette maak dit duidelik dat 'n skoolbeheerliggaam wat nie na wense funksioneer nie en nie genoegsame kennis van skoolorganisasie het nie, beheer oor skooldissipline kan verloor (South Africa. Department of Education, 2008:135).

Lee en Burkam (2003:356) het 'n soortgelyke studie (oor skoolkultuur, -struktuur en -organisasie) in hoërskole in Amerika gedoen om te bepaal in hoe 'n mate die strukture en organisasie 'n leerder se besluit om by die skool aan te bly al dan nie, beïnvloed. Op 'n monster van 3 840 leerders in 190 stedelike en voorstedelike hoërskole van die "High School Effectiveness Supplement of the National Educational Longitudinal Study of 1988 in the USA", het die navorsers multi-vlak metodes aangewend om die skool se invloed op skoolverlatings te ondersoek. Leerders se akademiese en sosiale agtergrond was in hierdie studie in ag geneem. Daar is bevind dat skole wat hoofsaaklik akademies georiënteerd is en beperkte nie-akademiese vakke aanbied, hoër syfers van skoolverlatings toon. Leerders is meer geneig om na skole te beweeg wat in hul voorkeure in terme van dissipline, vakkeuses, sport en buite-muurse aktiwiteite voldoen. Die benadering in hierdie studie was bestuurgerig en nie leerdergeoriënteerd nie.


’n Interessante bevinding wat Lee en Burkam (2003:357) gemaak het, is dat skole wat ’n leerderrol van minder as 1 500 het, laer skoolverlatingsyfers toon. Die redenasie is dat, uit die skool se oogpunt, kwalitatiewe individualisering toegepas kan word. In Suid-Afrika waar ’n strategie van Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO) gevolg word, sou kleiner klasse ook ideaal gewees het om aan hierdie stelsel reg te laat geskied. Die feit dat leerders meer “persoonlike aandag” van die skool geniet, bevorder dan ook positiewe verhoudings tussen opvoeders en leerders. Lee en Burkam maak die stelling dat “the impact of positive relations, however, is contingent on the organizational and structural characteristics of high schools” (Lee & Burkam, 2003:357).

### 2.2.3 Individuele faktore

In ’n studie deur Hymel en Ford (2003) is bevind dat 11,4% van die Kanadese jeug die skool vroeg verlaat met ’n groter gedeelte seuns as dogters (14,7% vs. 9,2%). Hierdie siening word ondersteun deur Overman (2002:124), wat ’n studie in sewe hoërskole in Engeland gedoen het, en wat meen dat seuns oor die algemeen 8% meer geneig is om die skool te verlaat as meisies. Binne hierdie konteks het die navorsers bevind dat *push*-faktore soos swak akademiese prestasie en gereelde graadherhaling soos onder skoolverwante faktore beskryf, sy oorsprong binne die individu self het. Dit is immers die individu wat besluit het om nie te leer nie of om afwesig te bly. Hierdie leerders kom ook gewoonlik van eenouergesinne en lae-inkomstefamilies (Overman, 2002:125).

Aan die anderkant het Hymel en Ford (2003) bevind dat, alhoewel leerders ontevredenheid met skoolaspekte soos sinnelose vakpakkette, gebrek aan sportkodes en swak skooldissipline, as ’n sentrale rede vir skoolverlating aangedui het, minder as een derde probleme met skoolwerk ondervind het. Leerders het ook aangedui dat probleme met opvoeders en portuurverhoudinge, gevoel van onveiligheid en die invloed van vriende wat reeds die skool verlaat het, hoofredes is vir skoolverlatings. Dit beteken hulle slaag nie daarin om hulself tot die skoolmilieu te verbind nie en ervaar sosio-emosionele probleme. Leerders wat sosiale en/of emosionele probleme ervaar, vind dit moeiliker om by die skool aan te pas en presteer gewoonlik swak (South Africa. Department of Education, 2008:80).

Figuur 2.7 verskaf egter die hoofkategorieë van die individuele redes wat kan lei tot skoolverlatings.




**Figuur 2.7: Individuele faktore wat kan lei tot skoolverlatings**

### 2.2.3.1 Groep- en portuurdruk

Portuurgroepe vervul hul eie verwagtinge wat nie deur ander sosiale sisteme soos die huis, skool of kerk bevredig kan word nie (Lee & Miu-ling 2003:105). Die punt is dat as die skoolverlater by sy vriende is, hulle 'n gevoel van "behoort aan" en van vryheid en mag ervaar. Keen (1992:102) stem saam dat portuurgroepe groter druk op skoolverlaters plaas as ouers, opvoeders en maatskaplike werkers.

Skoolverlaters put genot uit portuurverhoudinge wat op vriendskap, respek en vertroue gebaseer is. Voorstelle en aanbevelings deur die groep speel 'n belangrike rol in hul besluitnemingsproses. Lee en Miu-ling (2003:107) is dit met hierdie siening eens aangesien baie leerders die skool verlaat omdat hulle vriende dit voorgestel het. 'n Ou gesegde dat "birds of a feather flock together", is by portuurdruk van toepassing (Masitsa, 2006:179).

Overman (2007:117) het bevind dat die portuurdruk-effek impliseer dat leerders uit arm woonbuurte onder geweldige druk van portuurgroepe kom om die skool te verlaat, anders as diegene in gegoede woonbuurtes. 'n Moontlike rede hiervoor is dat leerders van arm families hulself as behoeftig beskou as hulle hulself met leerders van gegoede buurtes vergelyk. Dit veroorsaak dat hulle sterk steun op hul vriendekring en portuurgroep om hul behoefes te bevredig. Leerders uit gegoede buurtes se mees basiese behoeftes word tuis bevredig met die gevolg dat hulle nie so swaar op portuurgroepe hoef te steun nie.

In teenstelling hiermee het Hymel en Ford (2003) in 55 verskillende Kanadese studies bevind dat portuurgroepe ook vir 'n leerder doeltreffende sosialiseringsagente vir effektiewe

skoolbetrokkenheid en motivering kan wees. Hulle het bevind dat om ’n vriend te hê, van vroeg af en regdeur die skooljare, bydra tot ’n leerder se akademiese sukses, meer positiewe ingesteldheid teenoor die skool en minder skoolvermyding. Sodanige leerder sal minder van die skool wegbly, minder stokkiesdraai, minder laatkom by die skool en meer geneig wees om aan buite-muurse aktiwiteite by die skool deel te neem (Hymel en Ford, 2003).

#### 2.2.3.2 Jeugswangerskap

Jeugswangerskap is die grootste enkele rede waarom meisies in Suid-Afrika die skool verlaat (Masitsa, 2006:180). ’n Onlangse studie in Suid-Afrika toon dat 30% van die jeug teen die ouderdom van agtien (18) jaar ten minste een keer geboorte geskenk het (Mahy & Gupta, 2002; NRC-IOM, 2005).

Alhoewel Peraita en Pastor (2000:166), wat ’n kwantitatiewe studie in tien primêre skole in Spanje gedoen het, daarop aanspraak maak dat die invloed van swangerskap op skoolverlating onbeduidend is, meen Le Roux en Smit (1992:90) dat die probleem van jeugswangerskap in Suid-Afrika toenemend kommer wek omdat, volgens hulle, daar nie genoeg deur die skool en gemeenskap gedoen word om jeugswangerskap te beveg nie. Die redenasie is dat die meeste swanger leerders net later van die skool verdwyn en nie ná geboorte terugkeer nie, omdat daar weinig intervensie van die skool se kant af is. Grant en Hallman (2006:13) het data gebruik wat in 2001 in Kwazulu-Natal versamel is en bevind dat 29% skoolverlaters tussen die ouderdomme 14 en 19 ná swangerskap na die skool terugkeer. Slegs 34% van hierdie meisies voltooi dan ook Graad 12 (Grant & Hallman, 2006). Tabel 2.3 verskaf meer detail oor skoolverlatings en voortsetting van skoolloopbane wat verband hou met swangerskap soos bevind deur Grant en Hallman (2006).

**Tabel 2.3: Persentasie skoolverlatings en voortsetting van skoolloopbane vir ’n spesifieke ouderdomsgroep in Suid-Afrika.**

| SKOOLVERLATING/SKOOLBYWONING | OUDERDOMSGROEP 14 – 19 jaar |
|---|---|
| Verlaat **nie** die skool tydens swangerskap | 23.0 |
| **Verlaat** die skool tydens swangerskap | 73.8 |
| Keer terug na die skool **ná** swangerskap | 29.0 |
| **Voltooi** Graad 12 dieselfde jaar met swangerskap | 3.2 |

Bron: Aangepas uit: Grant en Hallman (2006)

’n Studie wat Schlesinger (1988:63) in die state van Amerika onderneem het, het bevind dat 80% van die leerders wat swanger word, die skool permanent verlaat, maar slegs 9% van die meisies wat nie swanger is nie, die skool verlaat. Dit is nie ’n onlangse studie nie, maar verskaf aansienlike bewyse dat swangerskap een van die grootste redes tot skoolverlating is. Volgens Chigona en Chetty (2008) het die Amerikaanse Onderwysdepartemant in 1992 getoon dat beide swangerskap en ouerskap die vernaamste redes was waarom skoolmeisies die skool verlaat het. Die tendens in Suid-Afrikaanse skole is nou dat skooldogters wat swanger raak, die skool verlaat en dan ná geboorte by ’n ander skool inskryf (Masitsa, 2006:181).

Navorsing, Ukil en Esen (2002:270) in die Europese Unie het getoon dat die meeste gevalle van jeugswangerskap in Brittanje voorkom. Nagenoeg 1% hiervan kom voor by dogters onder die ouderdom van sestien jaar. Ukil en Esen (2002:270) het ook bevind dat jeugswangerskap tot 40% van skoolverlatings bydra. In ’n Suid-Afrikaanse konteks sou dit beteken het dat 1% van die dogters wat swanger raak, binne die verpligte skoolfase sou val, omdat leerders gewoonlik eers in Gr. 10 die ouderdom van sestien bereik (South Africa. Department of Education and Culture: Kwazulu-Natal, 2001).

Die feit dat jeugswangerskap grootliks tot skoolverlatings bydra, word deur Goldman en Bradley (1996:188) ondersteun, maar hulle argumenteer dat dit nie uit gedagte verloor moet word nie dat die leerder ná die geboorte na die kind moet omsien of haar moederlike plig moet nakom,. Die eise van moederskap weerhou so ’n leerder sterk daarvan om haar skoolloopbaan te voltooi, veral as daar ’n gebrek is aan kindersorgfasiliteite of indien haar ouers dit nie kan bekostig om die kind na so ’n fasiliteit te neem nie. Volgens Overman (2002:124) tree veral hierdie leerders vroeg in die huwelik wat die kanse baie skraal maak dat so ’n leerder sal teruggaan skool toe.

In die WKOD-beleid van 2003 oor die bestuur van swanger leerders in openbare skole, word die volgende kerngedagte aangehaal: “the learner must be considered to be a learner with special needs with access to counselling by professionals of Specialised Learner and Educator Support (SLES) component with the Education Management Development Centre (EMDC)”

Die beleid maak dit duidelik dat die prinsipaal van die skool hierdie proses moet bestuur en koördineer. Die skool waar ek my navorsing gedoen het, kon geen bewyse toon van professionele berading wat aan swanger leerders verskaf is nie.

**2.2.3.3 Geslagsverwante faktore**

In 'n meer uitgebreide studie oor geslagsverwante redes tot skoolverlating in New York (Amerika) het Reed en Johnson (1992:225) bevind dat 16% seuns tussen die ouderdom van 18 en 19 die skool verlaat het vergeleke met 12% dogters van dieselfde ouderdomsgroep. Dit beklemtoon weer eens die feit dat seuns meer geneig is om die skool te verlaat as dogters omdat, soos Overman (2002:124) dit stel, meisies vroeër volwasse is as seuns en uitdagings in die lewe soos besluitneming, die maak van keuses, probleemoplossing, ens. beter kan hanteer. Die skoolverlatingsyfers wat verband hou met geslagsverwante redes is nie noodwendig hoog nie, omdat leerders in die sekondêre fase reeds toekomsgerig begin optree.

Behalwe as gevolg van jeugswangerskap, het Baine en Mwamwenda (1994:124) bevind dat meisieleerders in baie gevalle aan die skool onttrek word om na kleuters om te sien. Dit kom veral in stedelike gebiede voor waar beide ouers werk en waar daar nie kindersorgsentrums vir kinders onder skoolgaande ouderdom is nie. Meisies word, volgens Baine en Mwamwenda (1994:124), soms ook forseer om na jonger broers of susters en selfs familielede wat aan MIV/VIGS-verwante siektes ly om te sien. Dit wil voorkom asof hierdie probleem onoorkombaar is aangesien meer as 5,6 miljoen Suid-Afrikaners MIV-positief is (Nthite, 2005:1).

**2.2.3.4 Persoonlike verbintenis tot die opvoeding**

In hul navorsing het Suh en Suh (2006:13) bevind dat selfbeeld as 'n verbintenisfaktor 'n langdurige impak op suksesbereiking het, terwyl persoonlike faktore tydelik van aard is. 'n Positiewe selfbeeld, goeie studiegewoontes en organisatoriese vaardighede word beduidend met sukses geassosieer. Hulle het bevind dat leerders wie se opvoedkundige vooruitsigte laer is as matrikulasie, sewe keer meer geneig is om die skool vroeg te verlaat as diegene wat meer as hoërskoolaspirasies het.

’n Gebrek aan motivering, gebrek aan vasberadenheid en ’n gevoel van onbevoegdheid word ook met skoolverlating geassosieer. Leerders wat ’n intrinsieke lokus van kontrole het, glo dat hul gedrag direk daarvoor verantwoordelik is dat hulle spesifieke uitkomste bereik en hierdie leerders is meer geneig om opvoedkundige sukses te behaal as die leerders met ekstrinsieke lokus van kontrole (South Africa. Department of Education, 2008:86).

## 2.3. Ter afsluiting

Uit die literatuurstudie is bevind dat *pull out of school-*, *push out of school-* en individuele faktore tot skoolverlatings bydra, en dat die *pull out of school*-faktore die dominantste is. Die *pull out of school*-faktore wat bespreek is, sluit die volgende in: huislike omstandighede (gebrekkige finansies, werkloosheid, armoede, gesinsverbrokkeling, opvoedingsvlak van die ouers en ouerondersteuning) asook sosiale of gemeenskapsfaktore (leerkultuur van gemeenskap, gebrek aan rolmodelle, dwelm- en alkoholmisbruik, MIV/VIGS en bendebedrywighede). Die *push out of school*-faktore wat bespreek is, sluit in: onderprestasie van leerders en graadherhaling, herhaalde afwesigheid, lae moraal en gebrek aan motivering ten opsigte van die skool, kwaliteit van opvoeders en opvoeding, beskikbaarheid van hulpbronne asook skoolmilieu, kultuur en organisasie. Individuele faktore wat bydra tot skoolverlatings is ook geïdentifiseeer en sluit groep- en portuurdruk, jeugswangerskap, geslagsverwante faktore en persoonlike verbintenis tot die opvoeding in.

Vir my het die vraag nog steeds bestaan: waarom verlaat so baie leerders dié spesifieke skool waar die gevallestudie gedoen is sonder om daar te matrikuleer? Die volgende hoofstukke gee ’n uiteensetting van my navorsingsbenadering en hoe ek te werk gegaan het om dié vraag te beantwoord, terwyl my bevindinge in die laaste hoofstuk vervat is. In die volgende hoofstuk sal die metodologiese aspekte van die ondersoek bespreek word.

# HOOFSTUK DRIE

# NAVORSINGSMETODOLOGIE

## 3.1 Inleiding

Soos in hoofstuk een aangedui, is die primêre doel van hierdie studie om te identifiseer waarom so baie leerders hierdie spesifieke sekondêre skool in die Wes-Kaap verlaat sonder om daar te matrikuleer. In hoofstuk twee is 'n studie van relevante literatuur gedoen wat sekere redes aan die lig gebring het waarom leerders die skool vroeg verlaat en nie hul skoolloopbaan voltooi nie. Dit is dus nodig dat die inligting uit die literatuur verder aangevul en bevestig moet word deur na die praktyk te beweeg om eerstehandse kennis te verkry waarom leerders die skool vroeg verlaat.

Hierdie hoofstuk fokus op die navorsingsmetodologie en die instrumente wat ek gebruik het om data te versamel. 'n Gemengde-metode benadering is gevolg. Creswell en Garrett (2008:322) voer aan dat "mixed methods is an approach to inquiry in which the researcher links, in some way (e.g. merges, integrates, connects), both quantitative and qualitative data to provide a unified understanding of a research problem". 'n Gemengde metode, volgens Gilham (2000), het die potensiaal om die geldigheid van navorsingsresultate asook die outentisiteit daarvan te versterk. Ek het dus 'n gemengde-metode benadering gevolg vir triangulasiedoeleindes en om die betroubaarheid van resultate te verseker.

Die ontwerp sluit in 'n kwantitatiewe benadering (vraelyste) om te identifiseer waarom die leerders die skool verlaat het. 'n Kwalitatiewe benadering (onderhoude) was ook gevolg met die intensie om dieperliggende kennis oor die redes vir skoolverlating te verkry. Creswell en Garrett (2008:322) redeneer verder dat:

> quantitative research provides a measurement orientation in which data can be gathered from many individuals and trends assessed across large geographic regions and that qualitative research yields detailed information reported in the voices of participants and contextualized in the setting in which they provide experiences and the meanings of their experiences.

Hoewel ek nie 'n breë geografiese area gedek het nie, en myself tot 'n spesifieke skool beperk het, het ek nogtans deur die vraelyste waardevolle inligting oor die redes vir skoolverlatings verkry.

Die instrumente wat aangewend is, sluit in vraelyste wat deur skoolverlaters voltooi is, onderhoude met skoolverlaters sowel as met hul ouers, en dokumentanalise van skoolleêrs van die skoolverlaters. Alle onderhoude was met die toestemming van deelnemers op band vasgelê vir latere ontleding. Hierdie instumente asook die rede waarom ek dit gebruik het, word later in die hoofstuk verduidelik.

## 3.2 Die gevallestudiebenadering

Ek het op ’n gevallestudiebenadering besluit omdat ek graag skoolverlatings van ’n spesifieke skool wou ondersoek. In hoofstuk een het ek uiteengesit dat groot getalle leerders jaarliks dié spesifieke skool verlaat en dit dien as motivering waarom dit nodig is om navorsing oor skoolverlatings by dié spesifieke skool te doen.

Gevallestudies word dikwels gedoen wanneer ’n nuwe fenomeen, waarvan ons nie veel kennis dra nie, voorkom (Brink, 2003:110). Brink (2006:110) redeneer verder dat “case studies provide significant amounts of descriptive information, and they can also present explanatory information; in other words, they can explain the causes of the phenomenon or event in addition to describing it, therefore studying the *why* and *what*”. In hierdie navorsing is ’n gevallestudie gebruik omdat die ondersoek daarop gefokus het om die probleem van vroeë skoolverlatings by een spesifieke skool te ondersoek. Die studie het dus ten doel om die redes vir vroeë skoolverlating te identifiseer asook watter *push out of school-* en *pull out of school*-faktore by die spesifieke skool ’n rol gespeel het. Verder probeer ek dan ook deur hierdie studie identifiseer wat die skool kan doen om vroeë skoolverlatings te beperk.

Om die navorsingsprobleem te ondersoek, is daar gestreef om antwoorde op die volgende navorsingsvrae te verkry:

- Wat is die redes waarom leerders dié sekondêre skool verlaat sonder om by die spesifieke skool te matrikuleer?
- Watter *push out of school*-faktore het veral ’n rol gespeel by skoolverlating?
- Watter *pull out of school*-faktore het ’n rol gespeel by skoolverlating?
- Wat kan dié skool doen om te verhoed dat groot getalle leerders die skool verlaat?

’n Gevallestudiebenadering word verder regverdig deur die feit dat die kultuur, karakter en konteks van elke skool uniek is. Welman, Kruger en Mitchell (2005:25) bevestig dit deur te sê:

> Case study research is directed at understanding the uniqueness and idiosyncrasy of a particular case in all its complexity and the objective is usually to investigate the dynamics of some single bounded system, typically of a social nature, such as group or institution.

Ten einde die probleem te ondersoek, het ek dit nodig geag om skoolverlaters van die spesifieke skool en hul ouers te betrek om inligting te bekom. Hierdie deelnemers beskik oor eerstehandse kennis rakende die redes vir skoolverlating. Dit sou my meer insig gee oor die realiteite rondom die probleem en om met meer werkbare aanbevelings vorendag te kan kom om die probleem van vroeë skoolverlating aan te spreek.

Navorsers wat gevallestudies aanwend, gebruik verskillende metodes om data te versamel en te ontleed. Die gewildste metodes sluit in vraelyste, onderhoude, observasie en skriftelike verslae van die subjek (Brink, 2006:110). Brink (2003:116) meen dat gevallestudies tydrowend en kostedraend kan wees. In my studie was dit tydrowend aangesien die skoolverlater eers opgespoor moes word en afsprake vir onderhoude gereël moes word. Baie ouers werk en is net naweke beskikbaar. Aan die ander kant meen Brink (2006) egter dat die gedetailleerde vlak van ontleding wat ontstaan as navorsing tot 'n spesifiek subjek beperk is, 'n groot voordeel van gevallestudies is. In hierdie geval is dit die unieke konteks van een skool se skoolverlatings wat bestudeer sal word en dus ruimte bied vir 'n dieper ondersoek.

### 3.3 Navorsingsontwerp

Dit was vir my nodig om 'n spesifieke plan of strategie te ontwerp ten einde die probleem van vroeë skoolverlating te ondersoek. Navorsingsontwerp verwys hoofsaaklik na die navorser se plan om antwoorde op die navorsingsvrae te verkry (Polit & Hungler, 1993:129). Hulle redeneer dat "research design spells out the strategies that the researcher adopts to develop information that is accurate, objective and interpretable". Mouton (1996:173) beklemtoon dat die hoofoogmerk van navorsingsontwerp is om die geldigheid van die uiteindelike resultate te maksimaliseer. Ek het dus juis die gemengdemetodebenadering gevolg om inligting van verskillende partye te verkry wat dan vergelyk kan word ten einde die geldigheid van die studie te versterk. Dit sou ook volgens my meer waarde tot die bevindinge toevoeg. Die navorsingsontwerp is daarop gemik om 'n probleem navorsbaar te maak deur die studie so te beplan dat spesifieke antwoorde op spesifieke vrae gelewer word (Polit & Hungler, 1993:129). Dit is dan ook waarom die instrumente wat ek aangewend het, streng gefokus het op die doel van die ondersoek en om spesifieke vrae te beantwoord.

Die aard van die navorsingsondersoek en die tipe informasie wat benodig word, beïnvloed beide die navorser se benadering en die metode van dataversameling (Bell, 1993:6). Soos vroeër aangedui, is kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe benaderings in hierdie ondersoek gevolg. Deur vraelyste, onderhoude en dokumentontleding wou ek dus die redes vir vroeë skoolverlating identifiseer. Ek het egter oorwegend 'n kwalitatiewe benadering gevolg om data te verkry wat tot antwoorde op die navorsingsvrae kon lei. Kwalitatiewe studies het, volgens Babbie en Mouton (2001:309), die volgende kenmerke:

1. Navorsing word onderneem in die natuurlike omgewing van die respondent.
2. Kwalitatiewe navorsing beklemtoon meer die proses as die uitkomste.
3. Die deelnemer se persepsie ("insider's view") word beklemtoon.
4. Die primêre doel is dieper kennis en beskrywing rakende die probleem.
5. Om sosiale gedrag binne 'n spesifieke konteks te verstaan, is die fokuspunt en nie soseer die veralgemening daarvan nie.
6. Die navorsing word gewoonlik induktief benader, wat nuwe hipoteses en teorieë genereer.

Vir die doel van hierdie studie sal die fokuspunt wees om die sosiale gedrag binne 'n spesifieke konteks te verstaan. Die deelnemer se persepsie ("insider's view") word dus in hierdie navorsing beklemtoon om sodoende dieper kennis en beskrywing rakende die probleem te verkry.

### 3.4 Metodes van dataversameling

Die taak om die navorsingsveranderlikes te definieer en om 'n geskikte metode van dataversameling te kies, is van die mees uitdagende stappe in die navorsingsproses. Dit is waarom Polit en Hungler (1993:200) dit duidelik maak dat "without high-quality data collection methods, the accuracy and robustness of research conclusions are easily challenged". Brink (2006:141) voeg by dat die navorser deur vyf belangrike vrae gelei word in die proses van dataversameling, naamlik:

- Watter tipe data word benodig?
- Hoe gaan data versamel word?
- Wie gaan die data versamel?
- Waar gaan die data versamel word? en
- Wanneer gaan data versamel word?

Omdat ek kwalitatiewe en kwantitatiewe data benodig het, het ek dus 'n gemengdemetodebenadering gevolg om data te versamel. As die navorser was ek self verantwoordelik vir die fisiese versameling van data. Dit het beteken dat ek self vraelyste na

skoolverlaters uitgestuur het, afsprake vir onderhoude met skoolverlaters en hul ouers gereël het en self uitgegaan het in die gemeenskap om die onderhoude te voer. Ek het ook self die dokumentontleding by die skool gedoen. Die hoofdoel bly egter om betroubare data te versamel (Mouton, 1996:174).

Vraelyste is dus na 80 skoolverlaters van ‘n spesifieke skool uitgestuur waarvan 75 terugontvang is (Bylae G). ’n Monster van 12 skoolverlaters is getrek met wie onderhoude gevoer is oor die redes waarom hulle die skool verlaat het (Bylae H).

Ek het ook onderhoude met 12 ouers van skoolverlaters gevoer om hul weergawe van die redes vir hul kinders se skoolverlating aan te hoor (Bylae I). Die monster ouers met wie onderhoude gevoer is, is die ouers van die skoolverlaters met wie ook onderhoude gevoer is.

Die skoollêers van alle skoolverlaters van wie vraelyste terugontvang is, is ontleed (Bylae J). Gedurende hierdie proses het ek veral gekyk na die afwesigheid van die skoolverlater, ouers se besoeke en redes vir besoeke, dissiplinêre briefies van opvoeders aan die skoolverlater, akademiese prestasie en intervensie. Relevante inligting wat verband hou met die skoolverlating is uit die lêer in die ruimte onderaan die vraelyste aangebring. Dokumentontleding is ’n geskikte bron om patrone in ’n leerder se gedrag te identifiseer aangesien dit op skrif is en die navorser dit herhaaldelik kan bestudeer.

’n Diepgaande literatuurondersoek het my in staat gestel om meer agtergrond oor die redes vir skoolverlating te verkry. Ek kon ook uit ander navorsers se aanbevelings meer duidelikheid kry oor hoe om die probleem van vroeë skoolverlating in dié skool te hanteer. Inligting uit die literatuur kon dan ook ruim aangewend word vir die formulering van die vraelys en onderhoudskedules.

### 3.4.1 Monsterneming

Vermeulen en Shaw (1996:132) deel dieselfde siening as Cohen en Manion (1989:121) dat ’n monster die populasie verteenwoordig waarop die studie geskoei is. Die navorsingsgroep of monster in hierdie studie sluit 80 skoolverlaters in waarvan 75 die vraelyste voltooi het, 12 skoolverlaters met wie onderhoude gevoer is en 12 ouers van skoolverlaters met wie ook onderhoude gevoer is. Hierdie monster is gekies omdat dié groep oor eerstehandse kennis beskik rakende die redes vir vroeë skoolverlating. Die monstergrootte was geskik vir die doel van die studie wat die redes vir skoolverlating wou identifiseer en die feit dat die bevindings

van die studie nie noodwendig veralgemeen wil word nie. "Purposive sampling" was gebruik, want ek het vir die onderhoude so ver moontlik 'n balans tussen seuns en dogters probeer handhaaf. Let wel, die monster ouers met wie onderhoude gevoer is, is die ouers van dieselfde skoolverlaters wat aan die onderhoude deelgeneem het.

### 3.4.2 Etiese oorwegings

Etiese oorwegings is 'n belangrike navorsingspraktyk aangesien die navorser daardeur te kenne wil gee dat alle belanghebbendes se betrokkenheid by die navorsing gerespekteer word. Skriftelike toestemming om navorsing by die skool te doen, is van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) aangevra (Bylae A). Dit was nodig om toestemming te verkry omdat die skool 'n staatsinstelling is, en ek ook daardeur erkenning wou gee aan die gesag van die Onderwysdepartement. Dié aansoek was goedgekeur op 29 Mei 2008, onderworpe aan sekere voorwaardes (Bylae B). Toestemming om navorsing binne die skool te doen, is ook van die betrokke sekondêre skool se Beheerraad verkry (Bylae C) en toestemming is op 9 Mei 2008 verleen (Bylae D). Die Beheerraad is verseker dat die skool in die navorsing anoniem sou bly, maar dat die naam slegs in geval van korrespondensie met die WKOD gemeld sal word.

Die skoolverlaters en die ouers van die skoolverlaters se toestemming vir hulle deelname aan die studie is ook verkry. Ek het ook aan hulle verduidelik dat dit nodig was om die onderhoude op band op te neem. Almal het ingestem om aan die studie deel te neem. Ek het 'n dekbrief aan die deelnemers voorsien om aan hulle die doel van die navorsing duidelik te maak, die belangrikheid daarvan te beklemtoon en om die vertroulikheid van inligting te verseker (Cohen, Manion & Morrison, 2000) (Bylae E vir vraelys en Bylae F vir onderhoude). Toestemming was geverifieer deurdat die skoolverlaters en ouers die dekbrief onderteken het (in die spasie wat voorsien is) en aan my teruggestuur het.

Verdere korrespondensie en bylae, wat deel vorm van die prosedures, sluit in die vraelys aan skoolverlaters (Bylae G); onderhoudsvrae/skedule aan skoolverlaters (Bylae H); onderhoudsvrae/skedule aan ouers (Bylae I) en kriteria by dokumentonleding (Bylae J).

### 3.4.3 Prosedure van dataversameling

Die goedkeuringsbriewe van die WKOD en Skoolbeheerraad om navorsing by die skool te doen en die voorwaardes daaraan verbonde, is aan die prinsipaal voorgelê. Een van die WKOD se voorwaardes vereis dat ek eers die goedkeuringsbrief aan die prinsipaal vir

kennisname moes voorlê alvorens ek met my navorsing kon begin. Dit het my in staat gestel om met die dokumentasieontleding te kon voortgaan. Maandelikse opnames uit die skoolregisters het vir my ’n aanduiding gegee wanneer ’n leerder die skool verlaat het, onttrek het of na ’n ander skool migreer het. Die skoollêers van alle skoolverlaters is individueel ondersoek om te identifiseer of dit enige inligting bevat wat verband hou met die feit dat die leerder die skool verlaat het.

Ek het aan al die skoolverlaters ’n dekbrief, ’n vraelys en ’n betaalde koevert gepos. Die idee was dat die getekende dekbrief, wat die toestemming verifieer, en die voltooide vraelys in die betaalde koevert aan my teruggestuur moes word. Die getekende dekbrief het vir my ’n aanduiding gegee dat die respondent ingestem het vir ’n onderhoud. Inligting uit die voltooide vraelyste het my in staat gestel om telefonies met skoolverlaters en hul ouers te skakel ten einde afsprake vir onderhoude te reël.

### 3.4.4 Instrumente om data te versamel

Die instrumente wat aangewend is om data te versamel, sluit in vraelyste aan alle skoolverlaters, onderhoude met ’n monster van die skoolverlaters en hul ouers asook dokumentontleding. Verskillende instrumente is aangewend om die geldigheid van die studie te versterk.

#### 3.4.4.1 Vraelyste

Ek het besluit op ’n vraelys omdat ek inligting van ’n groot groep skoolverlaters moes verkry. Ek is ook van mening dat dit ’n goedkoop en vinnige manier is om ’n groot hoeveelheid inligting te bekom.

Cohen, Manion en Morrison (2000:86) beskryf ’n vraelys as “a widely used and useful instrument for collecting survey information, providing structured, often numerical data, being able to be administered without the presence of the researcher, and often being comparatively straightforward to analyse”. Vraelyste hou vir die navorser drie hoofvoordele in, soos gesien deur Cohen, Manion en Morrison (2000:87). Dit sluit in die effektiewe aanwending van tyd, die versekering dat die identiteit van die respondente anomiem sal bly en die moontlikheid dat baie voltooide vraelyste terug sal kom indien gestandaardiseerde vrae gevra word. ’n Interessante sterkpunt van vraelyste, soos deur Brink (2006:147) uitgewys, is dat dit een van die maklikste navorsingsinstrumente is om betroubaarheid en geldigheid van data te toets.

Babbie en Mouton (2002:201) meen weer dat 'n vraelys 'n uitstekende bron is om gesindhede en oriëntasies te identifiseer. Aangesien skoolverlaters en ouers verseker was van hul anonimiteit, was hulle geneig om meer gedetailleerde inligting oor redes vir skoolverlating te verskaf. Die vraelys wat in hierdie studie gebruik was, is die oop-tipe met 'n biografiese komponent vir kontakdoeleindes om veral onderhoude te reël. Die nadele van hierdie tipe vraelyste, volgens Pilot en Hungler (1993:203), is dat die ontleding daarvan tydrowend en moeilik is, asook meer subjektief.

Ek het altesaam 65 vraelyste aan leerders gepos. Nege vraelyste is persoonlik aan leerders gegee om te voltooi met hul besoek aan die skool om kennis te gee van onttrekking. Ek het verder ook (binne die navorsingsperiode) ses vraelyste aan skoolverlaters wat om een of ander rede die skool besoek het, gegee om te voltooi. In alle gevalle het ek die dekbrief saam met die vraelyste aan die skoolverlaters gegee en hulle moes dit huis toe neem om ook die ouers se toestemming te verkry. Dié skoolverlaters is dan gevra om die dokumentasie terug te bring of terug te pos.

Dit was soms moeilik om met die skoolverlaters kontak te maak aangesien sommige net van die skool verdwyn het en, volgens leerders in die skool, uit die gebied getrek het. Die skoolverlater se skoollêer is gebruik om dié leerder se kontakbesonderhede te verkry. Hierdie gevalle het gelukkig minimaal voorgekom en dié skoolverlaters kon dan telefonies bereik word om afsprake te reël vir die voltooiing van die vraelyste. In totaal is 80 vraelyste versprei waarvan 75 (94%) terugontvang is. Dit vergelyk goed met wat oor die algemeen die tendens is.

#### 3.4.4.2 Onderhoude

Inligting uit die voltooide vraelyste is hierna aangewend om onderhoudsvrae te formuleer. Ek het op onderhoude besluit omdat dit volgens Marshall en Rossman (1995:101), Middlewood, Coleman en Lumby (1999:146) en Brink (2006:147) die volgende kernvoordele inhou: die ontmoeting met respondente vind van aangesig tot aangesig plaas en die respondente het nie nodig om te lees of skryf nie. Op hierdie manier kan 'n groot hoeveelheid inligting dan vinnig van 'n groot groep van die navorsingspopulasie verkry word. Hulle meen verder dat die metode geskik is om komplekse interaksies in sosiale verhoudings te ontdek en nie-verbale gedrag te observeer. Aangesien onderhoude gevoer word in die deelnemers se natuurlike omgewing, kan in-diepte reaksie verwag word. Brink (2006:147) maak dit baie duidelik dat vrae gerieflik verduidelik kan word indien misverstande voorkom. Pilot en Hungler

(1993:206) waarsku egter teen onderhoude deurdat hulle vra: "How can we trust the information that respondents provide, particularly if the questions could potentially require them to admit to socially unpopular behaviour or beliefs?"

Ek het egter op onderhoude besluit omdat die persoonlike ontmoeting met die respondent my in staat sou stel om ondersoekvrae te vra. Dit sou, soos Middlewood, Coleman en Lumby (1999:146) en Brink (2006:147) dit stel, my in staat stel om 'n meer in-diepte reaksie van die respondente te verkry.

Vir hierdie ondersoek het ek aparte semi-gestruktureerde onderhoudsvrae vir skoolverlaters en ouers van skoolverlaters saamgestel. Hierdie onderhoude is met toestemming van respondente op band vasgelê. Ek het op semi-gestruktureede onderhoude besluit omdat dit minder formeel is. Volgens Coleman en Briggs (2002:149) word 'n semi-gestruktureerde onderhoud deur navorsers gebruik aangesien die respondent die geleentheid gegun word om hom of haar gemaklik uit te druk, maar terselfdertyd word 'n "eindelose gebabbel" vermy. In hierdie geval beteken dit dat die mate van struktuur wat bestaan, die navorser in staat stel om irrelevante gesprekke te stop en met die volgende vraag voort te gaan. Middlewood, Coleman en Lumby (1999:146), ondersteun deur Johnson (1994:45), meen dat "semi-structured interviews are flexible, provide valuable qualitative data, provide frank discussion, reveal unanticipated points and provide valuable insights".

Elliot (1991) beveel aan dat 'n semi-gestruktureerde onderhoud met 'n informele gesprek begin ten einde 'n klimaat te skep waar die respondent gemaklik voel om op vrae te antwoord. In hierdie studie was dit duidelik dat die semi-gestruktureerde werkswyse 'n ontspanne atmosfeer geskep het en inligting was verkry wat nuttig vir die doel van die studie aangewend kon word. In die onderhoudproses kon ek die volgorde van vrae aanpas, opvolgvrae vra, vrae verduidelik en byvoegings tot vrae maak. Ek het ook ruim die geleentheid gehad om ondersoekende vrae te vra vir meer spesifieke antwoorde ten einde misverstande uit die weg te ruim (Cohen en Manion, 1989:161). Die meeste skoolverlaters het spontaan op die onderhoudsvrae gereageer. Daar was egter gevalle waar ek ondersoekende vrae moes stel om dieper inligting van skoolverlaters te verkry.

Al 12 skoolverlaters is dus min of meer dieselfde vrae gevra met ondersoekende vrae soos die gesprekke ontvou het. Ek het ook onderhoude met 12 ouers van skoolverlaters gevoer waartydens die skoolverlater nie teenwoordig was nie. Die onderhoude is in die meeste

gevalle met slegs een ouer per leerder gevoer. Respondente het vrylik hulle siening, gevoelens en opinies na vore gebring aangesien ek uit die ouer se verbale reaksie kon agterkom dat die kind se skoolverlating ook vir die ouer ’n bekommernis is. Dit het my die geleentheid gebied om dieper kennis oor die redes vir skoolverlatings te verkry. Alle onderhoude het min of meer 20 tot 30 minute geduur en was met die toestemming van die respondente op band vasgelê. Respondente was vooraf ingelig oor die doel van die bandopname (vir transkripsie), die reg wat hulle het om enige tyd van die onderhoud te onttrek en die versekering van hul anonimiteit. Elke onderhoud is getranskribeer en ’n afskrif is aan elke deelnemer gegee om die oorspronklikheid van elkeen se onderhoud te verseker. Dit het my ook in staat gestel om tentatiewe kategorieë te begin vorm en om temas te identifiseer.

#### 3.4.4.3 Dokumente (skoollêers van leerders)

Ek het die skoollêers van die skoolverlaters met wie ek onderhoude gevoer het, bestudeer. Ek het onder andere in die lêers gekyk na disiplinêre briefies van opvoeders, intervensiebriewe, bewyse van ouerbesoeke, akademiese prestasies en afwesigheid (Bylae J). Die doel was om ’n beter begrip te verkry van die leerder se skool- en akademiese geskiedenis en om relevante inligting wat verband hou met skoolverlating te bekom. Ek het dié inligting gebruik om te vas te stel of daar ’n verband is met die redes wat skoolverlaters en hul ouers aangevoer het.

## 3.5 Triangulasie

Die gebruik van veelvoudige metodes (vraelyste, onderhoude en dokumentontleding) het my in staat gestel om data van verskillende bronne te vergelyk met die doel om ooreenkomste en verskille te identifiseer. Triangulasie van data is ook gebruik om die geldigheid van die studie te versterk. Middlewood, Coleman en Lumby (1999:143) definieer triangulasie as “the use of two or more methods of data collection in the study of aspects of human behaviour”. Triangulasie word ook aangewend om die akkuraatheid van inligting te verifieer (Kane & O’Reilly-de Brun, 2001:108). Verskillende bronne, metodes en situasies word vergelyk om te bepaal of dieselfde gedragspatrone herhaal word. Welman, Kruger en Mitchell (2005:194) bevestig dit deur te redenaar dat “whichever techniques is used in case studies, the concern is not merely to describe what is being observed, but to search, in an inductive fashion, for recurring patterns and consistent regularities”. Daar is, volgens Kane en O’Reilly-de Brun (2001:108), twee tipes triangulasies:

1. Metodologiese triangulasie - om meer as een metode van dataversameling in dieselfde studie aan te wend.
2. Respondent triangulasie - om dieselfde vrae aan baie respondente te vra.

In hierdie studie het ek inligting d.m.v. vraelyste en onderhoude met skoolverlaters (dit is leerders wat die skool binne die navorsingsperiode verlaat het) verkry, onderhoude met ouers van skoolverlaters en dokumentanalise ten einde kruis-vergelyking van data te kon doen om die geldigheid en betroubaarheid van die studie te versterk.

### 3.6 Ontleding van data

Versamelde data, volgens Bell (1993:169), is van geen nut alvorens dit nie gekodeer, geanaliseer en geïnterpreteer word nie. Dataontleding sluit die volgende belangrike komponente in: organisering van data, ontwikkeling van kategorieë, temas en patrone en die skryf van die finale verslag. Alle data wat versamel was, hetsy deur vraelyste, onderhoude of dokumentasie, was onderworpe aan inhoudsontleding (wat in die volgende afdeling verduidelik sal word) ten einde die redes vir skoolverlating te identifiseer.

#### 3.6.1 Ontleding van vraelyste

Met die ontvangs van die vraelyste, het ek die volledigheid, akkuraatheid en uniformiteit daarvan gekontrolleer. Die doel hiervan was om die data vir ontleding, wat kodering en optekening insluit, voor te berei. Volgens Brink (2006:171) is statistiek die mees geskikte metode om kwantitatiewe data te ontleed. Daarom maak Brink (2006:171) die stelling dat "statististical methods enable the researcher to reduce, summarise, organise, manipulate, evaluate, interpret and communicate quantitative data". Ná die kontrollering van data, het ek met die ontledingsproses begin. Daar is drie stappe in die ontleding van vraelyste gevolg, naamlik: datavoorbereiding, verwerking van data en interpretering van data soos deur Munn en Drever (1990:106) aanbeveel.

Die doel van datavoorbereiding is om die massa informasie van vraelyste meer hanteerbaar te maak (Munn & Drever, 1990:107). Gedurende die voorbereidingsproses het ek data volgens temas uit die vraelyste geklassifiseer, gekodeer en opgeteken. McMillan en Schumacher (2000:607) stel dit dat "coding refers to the process of dividing data according to a classification system".

Ek het 'n eenvoudige numeringstelsel gebruik om biografiese data te kodeer, bv. kode vir manlik = 1 en vroulik = 2. Die vraelys wat ek in hierdie studie gebruik het, het slegs een ope

vraag bevat. Verwagte antwoorde op hierdie vraag is in twee hooftemas gekategoriseer, naamlik A = "Pull out of school factors" en B = "Push out of school factors" soos uit die literatuur geïdentifiseer. Die hooftemas was verder in sub-kategorieë ingedeel en kodes is toegeken aan elk, naamlik 1 = redes wat verband hou met huislike omstandighede; 2 = sosio-ekonomiese redes; 3 = skoolverwante redes en 4 = persoonlike redes.

Ek het 'n opsommingsblad (rooster) ontwerp, waarna ek alle gekodeerde data vanaf die vraelyste oorgedra het sodat die respondente se antwoorde op die biografiese vrae en die een ope vraag gerieflik beskou kan word sonder om deur hope vraelyste te werk. Die eerste kolom van die opsommingsblad was vir die respondente se nommer. Die genommerde horisontale lyne of kolomme was gebruik om antwoorde van die vraelyste op te skryf. Elke horisontale lyn verteenwoordig die antwoorde op die vrae op die vraelys van elke respondent.

Nadat ek die oordragproses, soos verduidelik, afgehandel het, was dit nie vir my nodig om weer die vraelyste te raadpleeg nie. Munn en Drever (1990:107) waarsku egter dat vraelyste nie vernietig moet word nie alvorens die verslag nie gefinaliseer is nie, aangesien 'n opvolgkonsultasie dalk nodig mag wees.

Vervolgens het ek die data verwerk. Gedurende hierdie proses het ek die aantal kere wat 'n kode in 'n kolom voorkom, getel en kolomtotale ingeskryf. Al die kodes 3(8M), wat Graad 8 vroulike skoolverlaters verteenwoordig, se totaal is byvoorbeeld onder in die kolom ingeskryf. Dit het my in staat gestel om te identifiseer hoeveel Graad 8 meisies die skool verlaat het. Ek moes ook kontroleer dat alle respondente in aanmerking geneem was. Hierdeur kon ek die frekwensieverspreiding bepaal. Frekwensieverspreiding, volgens Brink (2006:172), "is a systematic arrangement of the lowest to the highest scores linked with the number of times the score occurs".

Nadat ek die data aangeteken het, het ek die kolomtotale geïnterpreteer deur byvoorbeeld op die opsommingsblad die "manlike" respondente (kode 1) en die "vroulike" respondente (kode 2) te vergelyk. Van die 75 respondente was 35 manlik en 40 vroulik. Hierdie frekwensie is dan omgesit in persentasies. Manlik verteenwoordig dus 46,7% en vroulik 53,3% van die respondente. Tabelle en grafieke (histogramme) is gebruik om data en resultate van die ondersoek op 'n eenvoudige en duidelike manier aan te bied (sien fig. 4.1-4.8).

### 3.6.2 Ontleding van onderhoude

Die transkripsies van die onderhoude was onderworpe aan inhoudsontleding om die redes vir skoolverlating te identifiseer. Kwalitatiewe dataontleding is gebruik om onderhoude met skoolverlaters en ouers te ontleed en voor te stel. Brink (2006:184) meen dat kwalitatiewe dataontleding 'n diepgaande ondersoek na woorde insluit. Dit beteken, soos Henning (2004:127) dit stel, "to take apart words, sentences and paragraphs, in order to make sense of, and interpret and theorise that data". Inhoudsontleding is gedoen deur data te organiseer, te reduseer en te beskryf (Schwandt, 2002:7). Data is dus in 'n beskrywende formaat voorgestel soos temas onthul het.

Data is volgens temas geklassifiseer en gekategoriseer en betekenisvolle ooreenkomste tussen temas is geïdentifiseer. Geklassifiseerde kodering is gedoen aangesien hierdie proses gegrond is op die teoretiese raamwerk van *pull out of school*-faktore en *push out of school*-faktore. Geklassifiseerde kodering volgens Strauss en Corbin (1999:143ff) is die proses waar een of meer hoofkategorieë gekies word en al die ander sub-kategorieë word daaraan verbind. Korrelasies en verhoudings tussen verskillende kategorieë is geïdentifiseer om 'n geheelbeeld van die data te verkry.

### 3.6.3 Ontleding van dokumentasie

Ek het die skoollêers van al die skoolverlaters wat die vraelyste voltooi het, ondersoek. Hierdie skoollêers was nog beskikbaar aangesien die skool 'n beleid het dat skoolverlaters se lêers slegs aan die einde van die akademiese jaar vernietig mag word. Gedurende hierdie proses het ek gekyk of die skoolverlater se lêer enige data bevat wat verbind kan word met die feit dat die leerder die skool verlaat het. Ek het byvoorbeeld gekyk na dissiplinêre briefies van opvoeders, bewyse van ouerbesoeke, intervensiebewyse, akademiese prestasies, afwesigheid, ensovoorts. Ek het relevante inligting, wat tot die leerder se skoolverlating kon bydra, onderaan die vraelys, in die spasie wat voorsien is, ingeskryf. Ek kon nou identifiseer of daar ooreenkomste is tussen die redes vir skoolverlating wat die leerder op die vraelys ingeskryf het, wat die leerder en ouer in die onderhoud vertel het en die inligting soos in die skoollêer aangeteken.

## 3.7 Tekortkominge van die studie

Aangesien 'n gevallestudiebenadering gevolg is, kan die bevindinge van hierdie studie nie noodwendig tot alle sekondêre skole in Suid-Afrika veralgemeen word nie. Die bedoeling met die gevallestudiebenadering was juis om die probleem van vroeë skoolverlating by 'n

spesifieke skool te ondersoek. In hoofstuk een is verduidelik waarom die probleem by dié spesifieke skool kommerwekkend is. Daarbenewens het elke skool 'n unieke kultuur, en word bedryf in 'n soiale omgewing wat van skool tot skool verskil, wat beklemtoon dat hierdie studie nie tot alle skole veralgemeen kan word nie.

Die insette van die skoolverlaters se klasonderwysers is nie in aanmerking geneem nie. Hoewel klasonderwysers oor waardevolle inligting beskik aangesien hulle gewoonlik primêr betrokke is wanneer die leerder die skool verlaat, is hulle nie by die ondersoek betrek nie. Baie klas- en vakonderwysers dokumenteer nie dissiplinêre en akademiese intervensie oor leerders nie en gevolglik het ek gevind dat baie skoollêers nie op datum was nie (terwyl ek byvoorbeeld bewus was van insidente waarby die skoolverlater betrokke was). Die implikasie hiervan is dat daar dus nie volledig oor leerders verslag gedoen kon word nie.

Die ondersoek was slegs vir die eerste sewe maande van die jaar. Die tradisionele jaarlikse statistiek van vroeë skoolverlatings van die spesifieke skool kan dus nie deur hierdie navorsing weergegee word nie.

Slegs 'n beperkte monster (16% van die navorsingspopulasie) is vir die onderhoudvoering geneem. Moontlike waardevolle insette (deur onderhoudsvoering) van ander skoolverlaters en hul ouers is dus uitgesluit by hierdie ondersoek.

Namate daar verandering in die onderwysstruktuur en -beleid plaasvind wat skoolbywoning van leerders strenger reguleer, kan van die redes vir skoolverlating wat in hierdie studie geïdentifiseer is, dalk in die toekoms nie meer geld nie. Veral die *push out of school*-redes vir skoolverlating kan moontlik deur verandering in onderwysregulering geraak word.

### 3.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die navorsingsmetodologie wat gebruik is om die redes vir skoolverlating te identifiseer, bespreek. Belangrike fokuspunte in dié hoofstuk sluit in: navorsingsontwerp, dataversamelingsmetodes, monsterneming, etiese oorwegings, dataversamelingsprosedures, navorsingstegnieke en data-ontleding. Die aanbieding van versamelde data, die ontleding en interpretasie van die resultate, word in die volgende hoofstuk bespreek.

# HOOFSTUK 4

# AANBIEDING EN ONTLEDING VAN DATA

## 4.1 Inleiding

Die vorige hoofstuk het gefokus op die metodologie en die instrumente wat aangewend was om data te versamel. In hierdie hoofstuk word die data wat deur middel van vraelyste aan skoolverlaters, onderhoude met die skoolverlaters en hul ouers asook die dokumentontleding ingesamel is, aangebied en bespreek. Vir die doel van hierdie studie word skoolverlaters omskryf as: *Alle leerders wat 'n spesifieke skool verlaat sonder om by dié spesifieke skool te matrikuleer.*

Data is in die tydperk Januarie 2008 tot 31 Julie 2008 ingesamel. Aanvanklik is inligting verkry uit bevorderingskedules van die vorige vyf jaar, skoolregisters, Sentrale Onderwys en Bestuursinligtingstelsel (SOBIS) opnames en kwartaallikse opsommingsregisters om statistiek van vorige skoolverlatings te verkry. Informasie i.v.m. 2008 se skoolverlatings vir die eerste sewe maande van die jaar is ook uit hierdie dokumentasie ontleed. Die inligting uit die skoolverlaters se skoollêers is ook in hierdie studie aangewend.


Die inligting wat uit die vraelyste verkry is, word in die vorm van histogramme in Afdeling 4.2 aangebied en in Afdeling 4.3 ontleed. Die data wat uit die onderhoude met skoolverlaters en hul ouers verkry is, word tematies voorgestel in Afdeling 4.4 en gesamentlik bespreek in Afdeling 4.5 met inagneming van die inligting uit die skoollêers van die skoolverlaters.

## 4.2 Aanbieding van data uit die vraelyste

In hierdie afdeling word die data aangebied wat deur middel van vraelyste aan skoolverlaters verkry is. Data met betrekking tot geslag, graad van skoolverlaters, maand van skoolverlating, ouderdomverspreiding, *pull out of school-* en *push out of school-*redes asook skoolverlaters wat hul skoolloopbaan voortsit teenoor hulle wat *dropouts* geword het, word in hierdie afdeling aangebied. Van die 80 vraelyste wat versprei is, is 75 terugontvang wat 'n responskoers van 93,8% verteenwoordig. Hierdie data word nou in die vorm van histogramme voorgestel.

### 4.2.1 Die geslag van die skoolverlaters

Figuur 4.1 stel die persentasie seuns en dogters as skoolverlaters wat aan die studie deelgeneem het, voor.





**Figuur: 4.1 Die geslag van die skoolverlaters**

Uit die data van die vraelyste is vasgestel dat 40 (53,3%) van die skoolverlaters dogters is, terwyl 35 (46,7%) seuns is (Fig. 4.1). Volgens die skool se leerderrol vir 2008 is 65% van die leerders dogters en 35% seuns. Die verwagting is dus dat meer meisies die skool sal verlaat as seuns. Uit die literatuur het dit egter duidelik geword dat seuns 4% meer geneig is om die skool te verlaat as dogters tussen die ouderdomsgroep van 18 en 19 (Johnson, 1992 en Overman, 2002).

### 4.2.2 Graadverspreiding van die skoolverlaters

In hierdie afdeling word die aantal skoolverlaters, wat die skool binne die navorsingsperiode verlaat het vir elke graad voorgestel.





**Figuur: 4.2 Graadverspreiding van skoolverlaters**

Die statistiek in Figuur 4.2 toon dat in beide Graad 8 en Graad 9 agtien (18) leerders (24%) die skool verlaat het. Dubbel die getal dogters as seuns het in Graad 8 die skool verlaat. Andersins het 23 van die leerders (31%) in Graad 10 uitgeval, twaalf (12) leerders (10%) in Graad 11 en vier (4) leerders (5%) in Graad 12. Die grafiek toon dat meer seuns as dogters in Grade 9, 10 en 11 die skool verlaat het. Die skoolverlaters in Graad 12 verteenwoordig slegs dogters. Dit is duidelik dat in Graad 10 die meeste (23=31%) skoolverlatings voorgekom het, met die minste (vier=5%) in Graad 12. Die gemiddelde persentasie skoolverlatings van Graad 10 vir die tydperk Januarie tot Julie oor die afgelope vyf jaar (2003 tot 2007) het 29,9% beloop. Die skoolverlatingsyfers vir Graad 10 in 2008 het dus met 1,1% toegeneem in vergeleke met bogenoemde. Moontlike redes vir hierdie tendense sal in latere afdelings verder ontleed word.

### 4.2.3 Maandverspreiding van skoolverlating

Hierdie afdeling gee 'n uiteensetting van die aantal skoolverlatings vir elke maand van die navorsingsperiode. Die data is verky uit die onttrekkingsregister van die betrokke skool.





**Figuur: 4.3 Maandverspreiding van skoolverlatings**

Die data wat in Figuur 4.3 voorgestel word, toon dat die meeste skoolverlatings (19 = 25%) in Julie voorgekom het. April toon die tweede meeste skoolverlatings, naamlik veertien (14) leerders (19%). Die grafiek toon ook dat die skoolverlatings geleidelik toegeneem het van Januarie met vyf (5) gevalle tot April met veertien (14) gevalle van skoolverlatings. In Mei het die skoolverlatings op 'n laer punt van vier (4) begin en weer toegeneem tot negentien

(19) in Julie. April en Julie is dan ook die maande wanneer die nuwe kwartale ná die onderskeie vankansietydperke in die herfs en die winter begin.

Van die respondente wat aan die studie deelgeneem het, het agt (8) skoolverlaters (11%) aanvanklik geen aanduiding verskaf in watter maand hulle die skool verlaat het nie. Na ’n ondersoek in die skooldokumentasie (onttrekkingsregister) is bevind dat vier (4) skoolverlaters in April uitgeval het, een (1) in Mei en drie (3) in Julie. Hierdie syfers is nou by die onderskeie maande ingesluit.

### 4.2.4 Verspreiding van skoolverlaters se ouderdomme





**Figuur: 4.4 Ouderdomverspreiding van skoolverlaters**

Die data in Figuur 4.4 toon dat die meeste leerders dié skool verlaat het op ouderdomme van sewentien (17) en agtien (18) jaar (24% en 21% onderskeidelik). Op veertien- (14) en vyftien- (15) jarige ouderdomme het twaalf (12) en elf (11) leerders onderskeidelik die skool verlaat. Agt van die skoolverlaters was sestien (16) jaar oud by skoolverlating. Die data soos voorgestel in die grafiek toon ook dat vier (4) van die skoolverlaters op die ouderdom van negentien (19) jaar was. Aanvanklik het ses (6) respondente (8%) van die skoolverlaters geen aanduiding van hul ouderdomme verskaf nie. Inligting uit hul skoollêers toon egter dat twee (2) skoolverlaters veertien (14) jaar oud was, drie (3) was sestien (16) jaar oud en een (1) was sewentien (17) jaar oud. Hierdie data is in bostaande syfers bygevoeg.

### 4.2.5 Hooftemas: redes vir skoolverlating

Die onderstaande grafiek kategoriseer die redes vir skoolverlating onder die hooftemas: *push out of school*-faktore en *pull out of school*-faktore (Scanlon & Mellard, 2002:240), soos in hoofstuk twee verduidelik. Met *push out of school* word bedoel die interne skoolfaktore wat daartoe lei dat leerders die skool verlaat, terwyl *pull out of school* verwys na faktore buite die skool wat tot skoolverlatings bydra.





**Figuur: 4.5 Hooftemas: redes vir skoolverlatings**

Die data voorgestel in bostaande grafiek (Fig. 4.5) is uit die vraelyste wat aan skoolverlaters gestuur is, verkry. Die statistiek toon dat 45 van die skoolverlatings (60%) se hoofredes onder *pull out of school*-faktore geklassifiseer kan word en 24 (32%) onder *push out of school*-faktore. Dit beteken by implikasie dat min of meer dubbel die getal eksterne faktore as interne faktore daartoe bygedra het dat leerders dié skool verlaat het. Van die respondente het ses (6) (8%) nie hul redes op die vraelyste aangedui nie, aangesien hulle dit as 'n persoonlike aangeleentheid beskou. Nadat ek hierdie ses skoolverlaters persoonlik tuis besoek het, is egter bevind dat twee (2) van die skoolverlaters swanger was en vier (4) die skool verlaat het as gevolg van huislike omstandighede. Dit beteken dat die *pull out of school*-faktore nou op 51 (68%) te staan kom.

#### 4.2.5.1 Subkategorieë van die *pull out of school*-faktore

Hierdie afdeling gee 'n uiteensetting van die *pull out of school*-faktore wat daartoe gelei het dat leerders die skool verlaat het.





**Figuur: 4.6** ***Pull out of school*-faktore**

Figuur 4.6 toon dat huislike omstandighede, as deel van die *pull out of school*-faktore, die meeste (19=24%) daartoe bygedra het dat leerders die skool verlaat het. Faktore soos werkloosheid, armoede, enkelouergesinne, gebrek aan ouerlike gesag, gesinsgeweld en -verwaarlosing, is van die redes wat hier ’n rol gespeel het. Bostaande grafiek toon ook dat jeugswangerskap veertien (14=19%) van die redes vir skoolverlating verteenwoordig. Dit sluit aan by die stelling wat vroëer gemaak is dat meer dogters as seuns die skool binne die navorsingsperiode verlaat het. Die feit dat ouers verhuis het, het nege (9=12%) tot skoolverlatings bygedra. Die grafiek toon ook dat drie (3=4%) gevalle van siekte van leerders of familielede daartoe gelei het dat leerders die skool moes verlaat. Groepdruk, wat veral bendeverwant is of leerders wat vriende buite die skool het wat geen aspirasie vir opvoeding het nie, verteenwoordig sewe (7=9%) van die skoolverlatings.

Die skool is geleë in ’n gebied waar die gemeenskap ekonomies sukkel om te oorleef en dit verklaar moontlik waarom huislike omstandighede die grootste rede is waarom leerders die skool verlaat het. Die ses leerders wat aanvanklik geen redes verskaf het nie, se data is in bostaande statistieke geïnkorporeer onder swangerskap en huislike omstandighede.

#### 4.2.5.2 Subkategorieë van die *push out of school*-faktore

Hierdie afdeling gee ’n uiteensetting van die *push out of school*-faktore wat daartoe gelei het dat leerders die skool verlaat het.





**Figuur: 4.7** ***Push out of school*-faktore**

Uit die data in Figuur 4.7 blyk dit dat onderprestasie deur leerders (7=9%) en graadherhaling (6=8%) die meeste daartoe bygedra het dat leerders die skool verlaat het. Andersins het leerders die skool verlaat omdat hulle uitgesit was (3=4%), onveilig by die skool gevoel het (4=5%), weier om aan gesag by die skool onderdanig te wees (1=2%) en omdat hulle taalprobleme ondervind het (3=4%). Onderprestasie en graadherhaling gaan hand aan hand en dit kan moontlik wees waarom hierdie twee *push out of school*-faktore min of meer dieselfde gewig dra.

### 4.2.6 Leerders wat hul skoolloopbaan voortsit teenoor *dropouts*

Hierdie afdeling identifiseer die aantal leerders wat hul skoolloopbane elders voortgesit het nadat hulle dié spesifieke skool verlaat het, en dié wat *dropouts* geword het.




**Figuur: 4.8 Voortsetting van skoolloopbane vs. *dropouts***

Bostaande grafiek toon dat 32 van die leerders (43%) wat aan die studie deelgeneem het, hul skoolloopbane by ander skole voortgesit het, terwyl 43 (57%) van die respondente die skool permanent verlaat het.

### 4.3 Ontleding en bespreking van data uit die vraelyste

Die data van die vraelyste wat deur die skoolverlaters voltooi is, sal nou ontleed en bespreek word. Data met betrekking tot geslag, graad van skoolverlaters, maand van skoolverlating, ouderdomverspreiding, *pull out of school*- en *push out of school*-redes asook skoolverlaters wat hul skoolloopbaan voortsit teenoor hulle wat *dropouts* geword het, word in hierdie afdeling bespreek.

#### 4.3.1 Die geslag van die skoolverlaters

Die data uit die vraelyste dui aan dat meer dogters as seuns dié spesifieke skool binne die navorsingsperiode, d.w.s Januarie tot Julie 2008, verlaat het. In Graad 8 het twaalf dogters die skool verlaat teenoor ses seuns in hierdie graad. In Graad 9, 10 en 11 het meer seuns as dogters egter die skool verlaat. Die data toon ook dat alle skoolverlaters in Graad 12 dogters is.

Die leerderrol vir 2008 by die skool toon dat daar 30% meer dogters as seuns geregistreer is, wat moontlik verduidelik waarom meer dogters as seuns die skool binne die navorsingsperiode verlaat het. Die hoë vlakke van jeugswangerskappe by die skool, wat later bespreek sal word, kon moontlik ook hiertoe bygedra het.

#### 4.3.2 Graadverspreiding van skoolverlaters volgens verskillende grade

Die data uit die vraelyste dui aan dat die meeste skoolverlaters (23) wat die skool binne die navorsingsperiode verlaat het, Graad 10-leerders was. By Graad 8 en 9 was dieselfde vlakke van skoolverlating gemeet, naamlik 18 leerders in elke graad.

In Graad 11 het twaalf leerders die skool verlaat, terwyl daar vier dogters in Graad 12 uitgeval het. Die statistiek toon ’n duidelike afname in skoolverlatings vanaf Graad 10 tot Graad 12. Reed en Johnson (1992:225) het in húl studie bevind dat minder Graad 12-leerders die skool verlaat “because it is the period during which learners are about to complete secondary education and are more serious about their educational or vocational future”.

Veral in Graad 12 kry leerders meer blootstelling aan studierigtings, beroeprigtings en 'n verskeidenheid informasie oor inrigtings vir hoër onderwys. Leerders begin die belangrikheid en die finansiële implikasies van opvoeding besef en tree dienooreenkomstig meer verantwoordelik op.

### 4.3.3 Maandverspreiding van skoolverlatings aangedui in verskillende maande

Julie, wat ná die Junie-skoolvakansie volg, toon die hoogste graad van skoolverlating, naamlik negentien (19=25%). April, wat ook ná 'n skoolvakansie is, toon die tweede meeste syfer van skoolverlatings. Dit lyk dus asof skoolvakansies 'n wesenlike invloed het op die leerders se besluit om die skool te verlaat. Veral langdurige afwesigheid voor die Junie-skoolvakansie en die feit dat sodanige leerders dan nie die middeljaareksamen afgelê het nie, kan hulle ontmoedig om terug te keer na die skool. Dié statistiek bevestig die hipotese wat in hoofstuk een gemaak is dat daar gewoonlik 'n hoë uitvalsyfer is ná die Junievakansie. Die navorsingsperiode is juis vir die eerste sewe maande gekies om die uitvalsyfer ná die Junievakansie ook in te sluit.

### 4.3.4 Verspreiding van ouderdomme van skoolverlaters

Die meeste skoolverlatings het op die ouderdomme van 17 en 18 jaar voorgekom. Statistiek, wat later bespreek sal word, dui aan dat daar 'n beduidende getal leerders die skool verlaat het omdat hulle grade herhaal het. Op die ouderdom van sewentien en agtien behoort leerders wat gereeld grade herhaal het dus in Graad 10 te wees. Hierdie statistiek stem ooreen met die statistiek wat vroëer bespreek is en wat aandui dat die meeste skoolverlatings in Graad 10 voorgekom het. Die vier (4=5%) skoolverlatings op die ouderdom van 19 jaar is ook in ooreenstemming met die graadverspreidingsyfers vir Graad 11 of 12, want so 'n leerder behoort in hierdie grade te wees.

Skoolplig is tot Graad 9 of tot die ouderdom van 16 jaar. Die rede waarom die meeste leerders die skool op 17 en 18 verlaat het, kan wees omdat leerders nie op hierdie ouderdomme verplig is om skool by te woon nie. Uit die ondersoek en interpretering van die data was dit duidelik dat skoolverlaters hiervan bewus is.

### 4.3.5 Ontleding van die hooftemas as redes vir skoolverlating

Die data uit die vraelyste van skoolverlaters toon dat 45 (68%) *pull out of school*-faktore en 24 (32%) *push out of school*-faktore as redes vir skoolverlating geïdentifiseer kan word. Die statistiek van die ses (8%) skoolverlaters wat aanvanklik nie redes verskaf het nie, maar wat

na verdere ondersoek geïdentifiseer was, is by bogenoemde syfers ingesluit. Dit is duidelik dat eksterne faktore eerder as interne skoolfaktore daartoe aanleiding gee dat leerders die skool verlaat. Die gebied waarin die skool geleë is, word gekenmerk deur hoë syfers van werkloosheid, armoede, bendebedrywighede, gebrek aan kulterele kapitaal en jeugswangerskap. Die genoemde karakter van die skoolgemeenskap verklaar dalk waarom die *pull out of school*-faktore die meeste daartoe bygedra het dat leerders die skool verlaat het.

Die 32% respondente wat meen dat skoolfaktore (*push out of school-*) daartoe bygedra het dat hulle die skool verlaat het, is minder as die *pull out of school*-faktore, maar dit bly steeds 'n uitdaging vir die skool.

Vervolgens gaan die sub-kategorieë van sowel die *pull out of school-* as die *push out of school*-faktore bespreek word.

#### 4.3.5.1 Sub-kategorie: P*ull out of school*-faktore

Die *pull out of school*-faktore soos verkry uit die vraelyste van die skoolverlaters, is geklassifiseer onder die hofies swangerskap, huislike omstandighede, verhuising, siektes en groepdruk. Dié faktore sal nou elk afsonderlik bespreek word.

- **Swangerskap**

Swangerskap het tot 14 (wat 19% van die *pull out*-faktore, maar 35% van die meisies verteenwoordig) van die skoolverlatings bygedra, wat volgens die data die tweede meeste is. Behalwe Graad 10, wat die meeste gevalle van swangerskap toon, is die res eweredig oor die grade versprei. Met die ontleding van data is bevind dat al die skoolverlatings vir Graad 12 met swangerskap verband hou. Hierdie skoolverlaters het almal aangedui dat hulle nie terug wil kom na die skool toe nie, omdat hulle skaam is. Een van die Graad 12-leerders wat vroeg in die jaar reeds geboorte geskenk het, het wel aangedui dat sy beoog om na 'n ander skool in die nabygeleë omgewing terug te gaan. Twee ander matrikulante het aangedui dat hulle graag na 'n ander skool sou wou gaan, maar dat hulle as gevolg van finansiële redes nie kan bekostig dat iemand na die kind moet omsien nie. Die inligting hier sluit aan by wat Yampolskaya, Brown en Greenbaum (2002:5) meen, naamlik dat "the demands of child-rearing strongly deter a mother from completing her schooling, especially if there is a lack of child-care facilities or if her parents cannot afford to take her child to such facilities".

Uit die Graad 8- tot 11- groepe het leerders nie op die vraelys aangedui of hulle na dié skool gaan terugkom en of hulle na ’n ander skool toe sal gaan nie. By die skool het ons tog in die verlede ondervind dat ’n klein persentasie leerders wat swanger geraak het en die skool verlaat het, die volgende jaar terugkom skool toe. Schlesinger (1988:63) wat ‘n studie in Amerika gedoen het, het bevind dat 80% van die leerders wat swanger word, die skool permanent verlaat, terwyl Grant en Hallman (2006) weer meen dat 29% van die leerders in Suid-Afrika wat die skool weens swangerskap verlaat, na die skool terugkeer.

- **Huislike omstandighede**

Huislike omstandighede toon die hoogste syfer, naamlik 18 (18=24%), as rede tot skoolverlatings en wissel van finansiële probleme (armoede), gebrek aan oueronderstеuning, gesinsgeweld, werkloosheid, gebrek aan ouergesag en onvolledige gesinne. Le Roux (1994:35-36) beweer dat “education in a culture of poverty is hampered, among others, by insecurity, poor orientation towards school and clashes between the value orientation of the family and the school”. Van die skoolverlaters het aangedui dat hulle besluit het om te gaan werk om finansies in die huis aan te vul. Dit is in ooreenstemming met Scanlon & Mellard (2002:240) se siening dat seuns, veral in stedelike gebiede en lae-inkomstehuishoudings, soms geforseer word om te gaan werk om die familie se inkomste aan te vul. Sodanige skoolverlaters verrig gewoonlik halfgeskoolde arbeid wat die armoedesiklus op die langtermyn voortsit.

Twee ander dogters wat die skool verlaat het, redeneer dat ouers geen belangstelling in hul skoolwerk het nie omdat hul ouers self ongeletterd is, hulle dus nie motiveer nie en selfs nie skoolvergaderings wil bywoon nie. Van die respondente het een (1) seun aangedui dat hy gereeld snags nie kan slaap nie omdat daar gedurig in hul huis tot laatnag ’n stryery is as gevolg van drankmisbruik, terwyl ’n ander aangedui het dat sy stiefpa hom met die mes wou steek en hy na ander familielede moes vlug.

Twee dogters het aangedui dat hulle besluit het om die skool te verlaat omdat hulle na kleiner boeties en sussies moet omsien omdat die moeder gesterf het, terwyl ’n seun weer aangedui het dat hy moes gaan werk omdat sy vader gesterf het. Een leerder het aangdui dat daar “geen orde” in hul huis is nie, aangesien sy tot laat saans buite die huis kuier en haar ouers nie omgee nie. Dit dui op ’n gebrek aan ouerlike gesag.

- **Verhuising**

Uit die data is bevind dat alle leerders wat die skool verlaat het om na ’n ander skool te gaan, dit gedoen het omdat hul gesin verhuis het. Al nege (9=12%) van hierdie leerders het aangedui dat hulle by ’n ander skool geregistreer het.

Van die leerders het aangedui dat ekonomiese druk veroorsaak het dat die gesin verhuis het vir goedkoper behuising elders. Een van die skoolverlaters het aangedui dat sy na familielede verhuis het omdat sy onveilig gevoel het in die omgewing.

- **Siektes**

Van die drie (3=4%) skoolverlaters wat die skool verlaat het as gevolg van siektes, het twee aangedui dat hulle self siek is, terwyl die ander een aangedui het dat sy na ’n siek familielid moet omsien. Een skoolverlater (’n dogter wat in Graad 10 was) verduidelik dat haar lang afwesigheid van die skool weens siekte tot gevolg gehad het dat sy te veel werk verloor het en dat sy besluit het om vir die res van die jaar by die huis te bly. Sy het egter aangedui dat sy beoog om volgende jaar (2009) weer terug te keer na die skool. ’n Ander leerder het weer aangedui dat sy chroniese siekte en gevolglike gereelde afwesigheid dit vir hom onmoontlik maak om te vorder op skool en dat hy dus besluit het om die skool permanent te verlaat.

Die ander respondent het gemeen dat die skielike siekte van ’n familielid haar verplig het om die skool te verlaat. Sy het geskryf: “My oom by wie ek bly, het ’n hartaanval gehad en ek het geen ander keuse gehad om na hom te *kyk* nie”. Sy moes na hierdie siek familielid omsien aangesien niemand anders in die familie beskikbaar was nie om werkredes. Hierdie skoolverlater, wat in Graad 11 was, het egter aangedui dat sy hoop die situasie verander sodat sy volgende jaar weer kan teruggaan skool toe. .

- **Groepdruk**

Groepduk verteenwoordig sewe (7=9%) van die skoolverlatings onder die *pull out of school*-kategorie. Uit die data kon ek identifiseer dat sommige skoolverlaters by bendes betrokke was, vriende het wat ook skoolverlaters is of skoolvriende gehad het wat ’n negatiewe invloed op hulle uitgeoefen het.

Van die skoolverlaters het aangedui dat hulle by vriende wou inskakel en daarom saam met die vriende verkeerde dade gepleeg het soos dwelmmisbruik, drankmisbruik, misdaad (steel), afwesigheid, “bunk” en laatnagrondlopery. ’n Ander het gesê dat sy vriende van buite hom

aanbeveel het om te gaan werk vir geld. Keen (1992:102) het bevind dat groepduk ’n sterker invloed het op die skoolverlater as ouers, opvoeders of maatskaplike werkers. Aan die anderkant het Lee & Miu-ling (2003:107) die stelling gemaak dat “most learners drop out of school because their peers have suggested this”.

Een respondent het aangedui dat hy by bendedrywighede betrokke geraak het en sodoende belangstelling in sy skoolwerk verloor het. Hy het onder druk van sy maats uiteindelik besluit om die skool te verlaat.

#### 4.3.5.2 Sub-kategorie: Pu*sh out of school*-faktore

Die *push out of school*-faktore soos verkry uit die vraelyste van die skoolverlaters, is geklassifiseer onder die temas onderprestasie deur leerders, uitgesit, voel onveilig by die skool, graadherhaling, weiering van gesag en taalprobleme. Dié temas sal nou elk afsonderlik bespreek word.

- **Onderprestasie deur die leerder**

Onderprestasies deur skoolverlaters verteenwoordig die hoogste syfer van die redes tot skoolverlatings, nl. sewe (7=9%) uit die kategorie van skoolverwante redes. Masitsa (2006:177) maak die stelling dat “the single best predictor of whether or not a learner will drop out of school is his/her level of academic achievement”. Die verwagting is gewoonlik dat ’n leerder wat oor die algemeen akademies baie swak presteer, uiteindelik (veral op sekondêre vlak) die skool sal verlaat. Een leerder het aangedui dat hy ’n lees- en skryfprobleem het en nou “moeg” is van die skool omdat hy nie kan vorder nie. ’n Ander het weer gesê dat sy nie die werk verstaan nie en dus motivering in die skool verloor het. Twee dogters wat in Graad 10 was, het aangedui dat die werk te veel en te moeilik is in vergelyking met Graad 9 en dat hulle gevolglik swak presteer het. In hierdie geval blyk dit dat die leerders nie kon byhou by die eise van die nuwe kurrikulum nie.

Daar is ook ’n leerder wat aangedui het dat hy gereeld onderpresteer het omdat hy die verkeerde vakkeuses gemaak het. Hy meen dat daar nie genoeg opvoeder- en ouerbystand was by sy vakkeuses vir Graad 10 nie, en dat hy gevolglik vakke gekies het wat sy maats gekies het. Daar was selfs ’n leerder wat gesê het dat die skool vir haar “boring” (vervelig) geraak het en dat sy liewer besluit het om haar eie besigheid te begin. Tydens my besoek aan hierdie skoolverlater tuis, het ek waargeneem dat sy ’n huiswinkel begin het. ’n Ander dogter wat in

Graad 9 was, het erken dat haar gereelde "bunkery" en afwesigheid tot gevolg gehad het dat sy gereeld onderpresteer het en sodoende motivering vir die skool verloor het.

- **Uitgesit**

Van die leerders wat die skool verlaat het, het drie (3=4%) aangedui dat hulle uitgesit was as gevolg van gereelde dissiplinêre probleme. Twee van hierdie leerders is weer deur plattelandse skole opgeneem. 'n Ander leerder was lank onder die indruk dat hy uitgesit was, maar was eintlik net vir vyf dae geskors. Hierdie leerder het net weggebly en nooit weer terug skool toe gekom nie.

Uitsetting is normaalweg nie 'n gereelde verskynsel nie, maar as gevolg van bendeverwante voorvalle by dié skool het dit die skool geen ander opsie gelaat nie. Die WKOD vereis in hul uitsettingsbeleid dat 'n skool wat leerders uitsit, te alle tye moet poog om sodanige leerders by ander skole geplaas te kry. Die doel is juis om te verhoed dat sodanige leerders *dropouts* word.

- **Voel onveilig by die skool**

Van die groep skoolverlaters het vier (4=5%) van die respondente aangedui dat hulle die skool verlaat het omdat hulle onveilig voel. Een respondent het aangedui dat hy gereeld gedreig was en aan skool-bendelede "tax" (beskermgeld) moes betaal. Die data openbaar ook dat seuns gereeld deur ander geboelie word en dus bang voel om skool toe te gaan.

Een van die dogters het aangedui dat een van die skool-bendelede, haar forseer het om 'n verhouding met hom aan te gaan en haar selfs wou aanrand. Nog 'n meisie het aangedui dat ander meisies wat bevriend is met bendelede, gereeld kos en geld van haar eis. Een ander meisie het ook aangedui dat sy in 'n bakleiery betrokke was met een van die bendelede se meisies en te bang was om terug te gaan skool toe. Sy het geskryf dat sy nou lekker skool gaan by skool X op die platteland.

Die skool het sedert verlede jaar (2007) enorme voorvalle van bakleiery, wat skool-bendeverwant is, beleef. Van die skoolverlaters het ook in die vraelyste verwys na die voorval verlede jaar by die skool waar 'n leerder op die skoolterrein met 'n skêr doodgesteek is.

Dit is egter bemoedigend om te verneem dat leerders wat die skool as gevolg van onveiligheid verlaat, gewoonlik by ander skole gaan registreer. Die veiligheid van leerders by die skool is ’n kwessie wat tans streng deur die skool ondersoek word.

- **Graadherhaling**

Onderprestasie en graadherhaling gaan hand aan hand en dit is die rede waarom ses (6=8%) skoolverlaters, wat die tweede meeste van die skoolverlatings verteenwoordig, onder hierdie kategorie aangemeld is. Die meeste skoolverlaters het aangedui dat hulle te veel grade herhaal het en motivering verloor het. Hulle meen dat hulle te oud geword het vir die graad en nie met jonger leerders in die klas oor die weg kon kom nie. In hierdie verband meen Scanlon en Mellard (2002:240) dat “learners who repeat grades become too old for their grades, and are uncomfortable in class, which makes them drop out of school”.

Hierdie fenomeen kom veral vroeg in die jaar voor aangesien van die respondente erken het dat hulle later skaam begin voel en liewer na ’n ander skool migreer omdat dit nog vroeg in die jaar is. Nie alle graadherhalers migreer egter na ander skole nie, aangesien sommige gesê het dat hulle moraal so laag gedaal het dat hulle besluit het om ’n werk te gaan soek.

Uit die data wil dit voorkom asof graadherhaling die eindproduk is van verskillende faktore. Die data toon dat graadherhaling nie in isolasie as rede vir skoolverlating gesien moet word nie, maar met ander veranderlikes verbind moet word. Dit is duidelik dat die redes vir skoolverlating mekaar aanvul en dit is soms moeilik om jou vinger op een spesifieke rede te lê. Keen (1992:100) verduidelik dat “the causes of drop-out are often interrelated and intertwined, and some of them, such as poverty, have a ripple effect on others, since other factors which exhibit drop-out propensities are symptomatic of poverty”.

- **Weiering van gesag**

Na aanleiding van die data uit die vraelyste het een (1=2%) seun, wat in Graad 11 was, aangedui dat hy die skool verlaat het omdat hy die gesag van die skool geweier het. In hierdie geval het die leerder geweier om weens dissiplinêre probleme voor die Beheerraad te verskyn. Hierdie leerder het na vele skriftelike versoeke nooit by dissiplinêre verhore opgedaag nie en ook nooit na die skool teruggekeer nie. Ná 40 dae van aaneenlopende afwesigheid is hierdie leerder outomaties deur die skool onttrek. Hierdie skoolverlater het geskryf dat hy voel dat hy onregverdig voor die Beheerraad gedaag was en daarom geweier het om voor die Beheerraad te verskyn.

- **Taalprobleem**

Hierdie skool was as ’n fokusskool vir Kuns en Kultuur geïdentifiseer en was daarom ook verplig om leerders wat Engelssprekend is, te registreer. Die gevolg is dat leerders met Xhosa as moedertaal by die skool opgeneem is, maar dat die meeste Engels as ’n tweede of selfs derde taal sou aanbied. Sodanige leerders kon nie na wense vorder nie, bloot omdat hulle nie Engels verstaan nie. Hierdie leerders het later die skool verlaat en weer by skole aangesluit waar hul moedertaal meer gehoor sou word. Hierdie groep verteenwoordig drie (3=4%) van die skoolverlatings, maar almal het aangedui dat hulle by ’n ander skool geregistreer het. Die skoolrekords toon dat hulle reeds vroeg in die jaar na die ander skole migreer het.

### 4.3.6 Leerders wat hul skoolloopbane voortgesit het teenoor diegene wat “drop-outs” geword het.

Die data toon dat meer skoolverlaters (43=57%) *dropouts* geword het, terwyl 32 (43%) van die skoolverlaters hul skoolloopbane by ander skole voortgesit het. Van die 43 *dropouts* is daar nege wat aangedui het dat hulle die volgende jaar wil teruggaan skool toe. Hierdie voorneme kan egter nie gewaarborg word nie, en kan daarom nie deel word van die leerders wat wel binne die navorsingsperiode by ander skole opgeneem is nie.

Voormalige Minister Naledi Pandor het die stelling gemaak dat “not all individuals who leave the schooling system are necessarily dropping out of the education system because many pursue other options in terms of careers or education” (South Africa. Department of Education, 2008: ix-x). Dit is egter opvallend dat nie een van die leerders wat aan die studie deelgeneem het, aangedui het dat hulle by VOO-Skoolgebaseerde kolleges geregistreer het of beroepsgerigte kursusse volg nie.

## 4.4 Aanbieding van onderhoude met skoolverlaters en ouers van skoolverlaters.

Gedurende die ondersoek is onderhoude met ’n monster van 12 skoolverlaters en hul ouers gevoer. Ek het besluit op ’n monster van 12 omdat dit 16% van die navorsingspopulasie verteenwoordig, wat volgens my ’n verteenwoordigende groep is. Die inligting uit die vraelyste het my in staat gestel om ses dogters en ses seuns (asook hul ouers) op ’n doelgerigte manier te kies om aan die onderhoude deel te neem. Hiervolgens het ek dus ’n balans in geslag gehandhaaf, maar ook verskeie redes vir skoolverlating probeer dek.

### 4.4.1 Onderhoude met skoolverlaters

'n Opsomming van die inligting wat uit die onderhoude verkry is, sal eers in tabelvorm (Tabel 4.1) weergee word, waarna dié inligting verder beskryf sal word. Algemene inligting omtrent die skoolverlaters sal eers gegee word voordat redes vir skoolverlating aangevoer sal word.

In sommige gevalle is direkte response aangehaal. Vir die doel van anonimiteit word die twaalf respondent skoolverlaters onderskeidelik as SV(D), wat die dogters verteenwoordig, en SV(S), wat die seuns verteenwoordig, gekodeer. Dit word ook so in Tabel 4.1 aangedui.

#### 4.4.1.1 Algemene inligting rondom skoolverlaters

Ses van die twaalf skoolverlaters met wie onderhoude gevoer is, is dogters en ses is seuns. Van hierdie leerders was twee in Graad 8 en twee in Graad 9. Daar was ook vyf in Graad 10 en drie in Graad 11. Uit hierdie groep was twee leerders veertien jaar oud, een vyftien jaar oud en een sestien jaar oud by skoolverlating. Van die ander was drie sewentien en drie agtien jaar oud, terwyl twee negentien jaar oud was by skoolverlating.

Van hierdie groep het een leerder die skool in Januarie verlaat, twee in Februarie, drie in April, een in Mei en vyf in Julie. Slegs twee van die leerders uit hierdie groep het na ander skole migreer terwyl tien leerders *dropouts* geword het. Van hierdie tien leerders het vyf aangedui dat hulle moontlik volgende jaar wil terugkom skool toe, terwyl die ander vyf seker was dat hulle nie weer wil terugkom skool toe nie.

In Tabel 4.1 word die redes vir skoolverlating ook geklassifiseer as *pull out of school*- en *push out of school*-faktore. Die redes vir skoolverlating sal nou onder hierdie sub-afdelings bespreek word.

**Tabel 4.1: Opsommende inligting uit onderhoude met skoolverlaters (SV)**

| Skool-verlaters | Geslag | Graad by skool-verl. | Maand skool verlaat | Ouder-dom | Ander skool vs. *dropout* | | REDES | Moont-lik terug volgende jaar? |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | Ander skool | "Drop-Out" | | |
| | | | | | | | *PULL OUT OF SCHOOL* | |
| SV1 | D | 10 | Feb. | 16 | | √ | Huislike omstandig-hede | Ja |
| SV3 | S | 8 | Apr. | 14 | √ | | Groepdruk (van buite) | Reeds by ander skool |
| SV5 | D | 10 | Apr. | 17 | | √ | Siekte | Ja |
| SV6 | S | 11 | Jul. | 19 | | √ | Groepdruk(van buite) | Nee |
| SV11 | D | 10 | Jul. | 15 | | √ | Huislike omstandig-hede | Ja |
| | | | | | | | *PUSH OUT OF SCHOOL* | |
| SV2 | D | 10 | Jan. | 18 | | √ | Onderprestasie | Nee |
| SV4 | D | 10 | Jul. | 17 | | √ | Graadherhaling | Ja |
| SV7 | S | 11 | Mei. | 19 | | √ | Graadherhaling | Nee |
| SV8 | S | 8 | Jul. | 14 | √ | | Uitgesit | Reeds by ander skool |
| SV9 | S | 9 | Feb. | 17 | | √ | Voel onveilig by skool | Ja |
| SV10 | S | 9 | Apr. | 18 | | √ | Onderprestasie | Nee |
| SV12 | D | 11 | Jul. | 18 | | √ | Onderprestasie | Nee |

**Kodes: SV = Skoolverlater ; D = Dogter ; S = Seun**

### 4.4.1.2 Redes vir skoolverlating

Uit die onderhoude is *push out of school*-faktore sowel as *pull out of school*-faktore geïdentifiseer. Die *pull out of school*-faktore sal eers bespreek word, waarna die *push out of school*-faktore bespreek sal word.

#### 4.4.1.2.1 *Pull out of school*-faktore

Van die twaalf onderhoude wat gevoer is, is vyf van die hoofredes vir skoolverlating as *pull out of school*-redes geklassifiseer. Binne hierdie kategorie het twee leerders se skoolverlating verband gehou met huislike omstandighede, twee met groepdruk van buite die skool en een met eie siekte. Hierdie drie kategorieë sal nou bespreek word.

- **Huislike omstandighede**

Een van die dogters (SV(D)1) het gesê dat haar ouers finansiële probleme het en dat sy ook nie die nodige ondersteuning met haar skoolwerk van haar ouers ontvang nie. Sy beklemtoon ook dat sy en haar stiefpa gedurig stry en dat sy gevolglik moedeloos geraak het om skool toe te gaan. Sy het die volgende genoem: "Ek kry nie wat ek vra van my ma nie, want sy sê elke keer die man gaan nie daarmee tevrede wees nie".

Volgens SV(D)11 het sy probleme by die huis want "my ma bly net op my *case*". Sy noem dat sy 'n aangenome kind is en dat alles net verkeerd loop by die huis. Sy sê: "ek het probleme by die huis en skool wat ek nie kan hanteer nie."

- **Groepdruk**

Respondente SV(S)3 en SV(S)6 is beide seuns wat onder druk van hul vriende by dwelmmisbruik, stokkiesdraaiery en bendebedrywighede betrokke geraak het. "Ek was saam met my vriende buite die skool gruwelik en het later dissiplinêre probleme by die skool opgetel" het SV(S)3 vertel. Hy vertel verder dat hy nou na 'n ander skool op die platteland migreer het. Aan die ander kant het SV(S)6 erken dat hy deur sy vriende se invloed aan dwelms verslaaf geraak het. Hy sê: "my ma-hulle het my later weggestuur na die toevlugsoord in Worcester".

- **Siekte**

Volgens SV(D)5 het haar eie siekte veroorsaak dat sy die skool moes verlaat. Volgens haar het 'n onverklaarbare siekte oor haar gekom en sy was vir lank van die skool afwesig. Sy sê: "iemand het my 'vuil' aangedoen en ek het net lam gevoel en het geen eetlus gehad nie". Volgens haar het sy later ver agter geraak met haar skoolwerk en uiteindelik besluit om die skool maar te los.

#### 4.4.1.2.2 *Push out of school*-faktore

Van die twaalf onderhoude wat gevoer is, het sewe van die leerders se redes vir skoolverlating verband gehou met *push out of school*-redes. Binne hierdie groep het leerders se skoolverlating verband gehou met onderprestasie, graadherhaling, veiligheid by die skool en gedragsprobleme (uitgesit). Hierdie vier kategorieë sal nou beskryf word.

- **Onderprestasie**

Van die respondente het drie (SV(D)2, SV(S)10 en SV(D)12) vertel dat hulle nie op skool na wense presteer het nie en daarom die skool verlaat het. Een van die dogters het vertel dat sy veral in die tale baie swak presteer het. Een ander respondent (SV(S)10) het gesê: “ek het gesukkel met die skoolwerk omdat ek nie so goed kon lees en skryf nie” terwyl SV(D)12 vertel het “die werk het my mismoedig gemaak en my punte het net nooit gestyg nie”.

- **Graadherhaling**

Die skooldokumentasie (punteskedules) toon dat alle skoolverlaters wat gereeld grade herhaal het, oor die algemeen akademies swak presteer het. Twee van die respondente (SV(D)4 en SV(S)7) het gesê dat hulle die skool verlaat het omdat hulle te veel gedruip het. “Ek het die vorige jaar gedruip en al my vriende het oorgegaan. Ek het baie uitgesluit gevoel in die klas,” het SV(D)4 vertel. Die ander respondent (SV(S)7) voel weer dat hy as gevolg van graadherhaling te oud (19 jaar) geraak het vir die skool. Hy vertel dat ’n matriekdogter swanger is van hom en dat hy in elk geval nou wil gaan werk.

- **Voel onveilig by die skool**

Een van die skoolverlaters (SV(S)9) het aangedui dat onveiligheid by die skool die hoofrede is waarom hy die skool verlaat het. Hierdie skoolverlater wou geensins verder uitbrei oor die onveiligheid by die skool nie. Hy het gesê dat die skool vir hom ook “boring” (vervelig) geraak het en dat die kinders in sy klas “versin” is. Die rede hoekom hierdie respondent hom nie kon vereenselwig met sy klasmaats nie, was omdat hy al reeds 17 jaar oud in Graad 9 was (twee jaar ouer as die ouderdomsgroep vir hierdie graad) toe hy die skool verlaat het. Hy meen verder dat die skool nie meer vir hom interessant is nie en dat sy klasmaats baie “steurend” is. Hy kon blykbaar nie die gelag, gegiggel en spelery van sy klasmaats verdra nie.

- **Uitgesit**

Een skoolverlater (SV(S)8) het aangedui dat hy dié spesifieke skool verlaat het omdat hy deur die Beheerraad van die skool uitgesit was. Hy sê dat hy deur die Beheerraad geskors was omdat hy die skool baie probleme gegee het. Volgens dié leerder se skoollêer het hy baie stokkies gedraai, afwesig gebly, opvoeders gevloek en nooit vir dissiplinêre verhore opgedaag nie. Hierdie leerder is deur ’n ander skool opgeneem en bly nou by familie naby daardie skool.

### 4.4.2 Onderhoude met ouers van skoolverlaters

In hierdie afdeling word die inhoud van die getranskribeerde onderhoude met ouers van die twaalf skoolverlaters, met wie ook onderhoude gevoer is, aangebied. ’n Opsomming van die inligting wat uit die onderhoude verkry is, sal eers in tabelvorm (Tabel 4.2) weergegee word, waarna dié inligting verder beskryf sal word onder die hofies: algemene inligting rondom skoolverlating, en redes vir skoolverlating.

Vir die doel van anonimiteit word die twaalf respondentouers gekodeer as RO1 – RO12, omdat hul direkte woorde in sommige gevalle aangehaal word.

#### 4.4.2.1 Algemene inligting rondom skoolverlating

Tabel 4.2 toon dat nege van die twaalf ouers daarvan bewus was dat hul kind die skool gaan verlaat. Een van die ouers (RO11) was egter geensins bewus dat die kind die skool verlaat het nie, terwyl RO3 en RO4 eers op ’n latere staduim uitgevind dat die kind nie meer skoolgaan nie.

Die inligting uit die onderhoude met die ouers openbaar ook dat sewe van die twaalf ouerpare saam met die kind die besluit geneem het om die skool te verlaat. RO3 het egter namens die kind besluit dat die kind die skool moet verlaat aangesien hierdie leerder in ’n ander skool geplaas is. Hierdie ouers het betyds waargeneem dat hul kind verkeerde vriende het, en besluit om die kind uit die omgewing weg te neem. Vier ander ouers (RO6, RO8, RO9 en RO11) gee te kenne dat dit hul kind se keuse was om die skool te verlaat. “Ek het hom die keuse gegee en hy het besluit om die skool te los” het RO6 gesê. Een van die ander ouers (RO9) het gesê dat hulle eers later uitgevind het hul kind gaan nie meer skool nie en dit maar so aanvaar. Al hierdie ouers was gekant teen die idee dat hul kinders nie meer wil skoolgaan nie, maar het uiteindelik tot die besluit ingegee omdat dit blyk dat ouerlike gesag ontbreek.

Vyf ouers (RO1, RO4, RO8, RO10 en RO11) meen dat die skool geblameer kan word vir die feit dat hul kinders die skool verlaat het. RO1 vertel “ek het ’n probleem met ’n onderwyser by die skool opgetel oor my kind. Ek het toe met die hoof daaroor gepraat, maar dit het gelyk asof hy nie belangstel nie en homself onttrek van die situasie”. Die kind blameer egter die omstandighede by hul huis. RO8 het weer te kenne gegee: “ek het by my kind gehoor dat hy geskors is”. Respondente RO10 en RO11 het hul bekommernis uitgespreek oor die feit dat hulle niks van die skool gehoor het nie. Hulle het daardeur te kenne gegee dat die skool die kind rede gegee het om die skool te verlaat. RO10 meen dat die skool ekstra klasse kon

aanbied vir leerders wat swak presteer terwyl RO11 meen die skool kon telefonies kontak gemaak het met hulle as ouers. Repondent RO8 het gesê indien die skool per pos met hulle gekommunikeer het of ’n persoonlike besoek afgelê het, sou die kind moontlik nog steeds op skool gewees het.

Al die ander respondentouers het volstaan by die feit dat die skool nie geblameer kan word vir die feit dat hul kinders die skool verlaat het nie. Een van die ouerrespondente (RO2) het gesê, “van die onderwysers het my ingelig dat my kind veral baie swak is in haar tale en net nie wil verbeter nie…. die onderwysers het regtig probeer”. ’n Ander ouer (RO5) meen weer, “ek kan regtig sê dat dit nie die skool se skuld is nie, want my kind was siek en ek kan nie die skool daarvoor blameer nie”.

Die onderhoude met die ouers het duidelik laat blyk dat daar ’n gebrek aan ouerlike gesag is. Dit het ook aan die lig gebring dat ouers en die skool nie genoeg moeite gedoen het om die kind op skool te hou nie. Agt van die ouers het hul bekommernis uitgespreek oor die toekoms van hul kinders en veral beklemtoon hoe moeilik dit vir die kinders is om werk te kry. Dit is dan ook waarom sommige ouers (van dieselfde skoolverlaters) aangedui het dat hulle graag hul kind volgende jaar terug wil sien op die skool.

#### 4.4.2.2 Redes vir skoolverlating volgens ouers

Behalwe RO1, RO9 en RO11, het al die ander ouers dieselfde redes as die skoolverlater self vir hul kinders se skoolverlating verskaf. Volgens RO1 het haar kind haar vertel dat sy die skool verlaat omdat sy (die skoolverlater) nie met opvoeders oor die weg kom nie. Die ouer het die skool besoek en ook ’n soortgelyke ondervinding beleef. Dit het die ouer laat glo dat dít die rede is waarom die kind die skool verlaat het. Hierdie respondent meen dat die skool meer akkommoderend moet wees teenoor leerders en ouers se situasie tuis en ’n meer positiewe gesindheid teenoor leerders se probleme moet inneem.

In die onderhoud het RO9 deurgegee dat die kind die skool verlaat het omdat hy te veel sonder hul wete stokkies gedraai het en sodoende agtergeraak het met sy skoolwerk. Die ouers vertel ook dat hulle baie keer die skool besoek het oor die kind se stokkiesdraaiery. Daar was dan ook bewyse oor stokkiesdraaiery uit skooldokumentasie (perioderegister) aan hulle voorgelê. Die ouers vertel ook, “die kind het gereeld gesê dat hy nie meer lus het vir skoolgaan nie en liewer wil gaan werk. Ons het hom egter aangemoedig om skool toe te gaan en het aanvaar dat as hy soggens die huis verlaat dat hy skool toe gaan”.

Die ander ouer (RO11) het voet by stuk gehou dat die kind geen rede gehad het om die skool te verlaat nie. Die ouer meen, "alhoewel sy 'n aangenome kind is, kry sy tog alles wat sy vra. Ek kan net nie insien hoekom sy die skool gelos het nie". Die ouer is egter bekommerd omdat die kind nie juis met hulle wil kommunikeer nie. Volgens die ouer het die kind vir die bure gesê dat sy na 'n ander skool wil gaan, maar dat sy dit nie met hulle wil bespreek nie. Hierdie

**Tabel 4.2: Opsommende inligting uit onderhoude met ouers van skoolverlaters (RO)**

| Ouer respon-dent (OR) | Was ouer bewus? | Wie se keuse was dit? | Kan die skool geblameer word | Rede | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Volgens ouer | Volgens leerder |
| **RO1** | Ja | Beide leerder en ouer | Ja | Probleem met opvoeders | Huislike omstandighede |
| **RO2** | Ja | Beide leerder en ouer | Nee | Onder-prestasie | Onder-prestasie |
| **RO3** | Nie aan begin: het later uitgevind | Ouer | Nee | Verkeerde maats, dwelms | Groepdruk |
| **RO4** | Nie aan begin: het later uitgevind | Beide leerder en ouer | Ja | Graadherhaling | Graadherhaling |
| **RO5** | Ja | Beide leerder en ouer | Nee | Siekte | Siekte |
| **RO6** | Ja | Leerder | Nee | Verkeerde maats, dwelms | Groep druk |
| **RO7** | Ja | Beide leerder en ouer | Nee | Graadherhaling | Graadherhaling |
| **RO8** | Ja | Leerder | Ja | Uitgesit (by leerder gehoor) | Uitgesit |
| **RO9** | Ja | Leerder | Nee | Stokkiesdraai "Bunkery" | Voel onveilig by skool |
| **RO10** | Ja | Beide leerder en ouer | Ja | Onder-prestasie | Onder-prestasie |
| **RO11** | Nee | Leerder | Ja | Geen rede volgens ouer | Huislike omstandighede |
| **RO12** | Ja | Beide leerder en ouer | Nee | Onder-prestasie | Onder-prestasie |

Kode: RO= Respondentouers

ouers hou vol dat solank die kind nie met hulle praat nie, sy geen rede het om die skool te verlaat nie. Dié ouers wou weet waarom die skool nie vir hulle gekontak het nie. Aangesien die skooldokumentasie geen intervensie oor hierdie skoolverlater kon oplewer nie, kan die ouers seker ook net met reg die skool blameer vir die kind se skoolverlating.

## 4.5 Ontleding en bespreking van data vanuit die onderhoude met skoolverlaters en hul ouers

Ek sal die inligting wat ek van die skoolverlaters en hul ouers gekry het, gelyktydig ontleed aangesien daar in die meeste gevalle ooreenstemming is met betrekking tot die redes wat verskaf is. Ek sal terselfdertyd die inligting wat ek uit die skoolverlaters se skoollêers gekry het, bespreek. Die redes vir skoolverlating sal weer onder die breë kategorieë *pull out of school-* en *push out of school-f*aktore bespreek word. Die skoolverlaters en hul ouers se siening oor wat die skool kon doen om skoolverlatings te voorkom, sal ook in hierdie afdeling bespreek word.

### 4.5.1 P*ull out of school*-faktore

- **Huislike omstandighede**

Van die groep skoolverlaters met wie ek onderhoude gevoer het, het twee (SV(D)1 en SV(D)11) aangedui dat negatiewe huislike omstandighede die hoofrede is waarom hulle die skool verlaat het. Masitsa (2006:174) is van mening dat huislike omstandighede asook die verhouding tussen huis en skool ’n groot impak het op die kind se opvoeding. Huislike omstandighede kan wissel van werklose ouers, finansiële tekorte (armoede), enkelouergesinne, gebrek aan dissipline en gesagstrukture binne die huis en gebrek aan ouerlike ondersteuning.

Respondent SV(D)1 voel sterk (volgens die vraelys en die onderhoud) dat sy nie by die huis die nodige ouerondersteuning met betrekking tot haar skoolwerk gekry het nie. Dit is volgens haar die hoofrede waarom sy die skool verlaat het. Sy sê: “Ek was in Graad 10 en dit was vir my baie moeilik. My ma-hulle stel nooit belang in my skoolwerk nie of om my te help daarmee nie. Ek het baie keer nie my huiswerk gedoen nie”.

In die skoollêer van hierdie respondent het ek juis ’n afskrif van ’n brief gevind wat haar ouers inlig oor onvoltooide tuiswerk. Hierdie respondent verduidelik ook dat sy en haar stiefpa nie oor die weg kom nie en gedurig stry. Sy sê hulle stry omdat haar stiefpa baie keer

weier as haar ma vir haar wil klere koop of sakgeld gee. Sy vertel: "My pa is nie my regte pa nie en ons sit gedurig vas, want my ma moet alewig sy toestemming kry alvorens sy vir my iets kan koop".

Matsitsa (2006:175) beklemtoon dit dat "factors such as inadequate parental support and family conflict do not create a situation in which the child can freely pursue academic activities". Die respondent sê: "Die gedurige stryery in die huis het veroorsaak dat ek nie meer lus gehad het vir skoolgaan nie en ek het besluit om sommer vir altyd weg te bly van die skool".

Dit is opvallend dat ouers van beide SV(D)1 en SV(D)11 nie huislike omstandighede as rede vir hul kind se skoolverlating aangevoer het nie. Die ouers van SV(D)1, RO1, is van mening dat die kind 'n probleem met sekere opvoeders by die skool gehad het en daarom die skool verlaat het. Volgens dié ouer het sy na aanleiding van 'n brief oor onvoltooide skoolwerk die skool besoek. Sy verduidelik:

> Nadat ek die brief van X ontvang het, was ek onmiddellik die volgende dag by die skool. Ek het aan die onderwyser verduidelik dat ons probleme by die huis het en dat X deur 'n moeilike tyd gaan, maar die onderwyser wou niks verstaan nie.Ek het toe maar besluit om met die prinsipaal te gaan praat, want ek en die onderwyser het baie verskil.

Die prinsipaal het volgens dié ouer nie belangstelling getoon om die geskil op te los nie. Dit het hierdie ouer laat glo dat sekere opvoeders die probleem was waarom die kind die skool verlaat het.

In die geval van SV(D)11, 'n vyftienjarige leerder wat in Graad 10 was, het sy die skool verlaat omdat sy baie ongelukkig was weens omstandighede by die huis. Sy voer aan dat dit die hoofrede is waarom sy die skool verlaat het. Sy sê daar is altyd 'n tekort aan geld vir kos, klere en krag in die huis. Sy vertel dat die tekort aan geld rusie veroorsaak het in die huis wat haar baie gespanne gemaak het. Sy sê:

> Ek is 'n aangenome kind, maar ek wil nie eitlik daaroor praat nie. My ma-hulle stry elke keer oor geld as daar iets tekort is en dit ontstel my verskriklik. Ek vertel hulle nooit hoe ongelukkig ek voel oor die gestryery nie, want ek wil hulle nie verder *upset* nie.

Dié skoolverlater het ook laat blyk dat sy nie 'n verhouding van oop kommunikasie met haar aanneemouers handhaaf nie.

Haar ouers, RO11, meen weer dat sy geen rede gehad het om die skool te verlaat nie. Die ma vertel: “Y wil nie eintlik met ons praat nie. Sy is baie teruggetrokke die laaste tyd. Ek het maar by die *neighbours* gehoor sy het die skool gelos. As ons met haar wil praat dan loop sy weg”.

Die ouers sien dus geen rede waarom die leerder die skool verlaat het nie, omdat die skoolverlater ten tyde van die onderhoud nog nie met haar ouers in detail oor haar skoolverlating gesels het nie. Skooldokumentasie bevat ook geen inligting omtrent die rede waarom dié leerder die skool verlaat het en oor enige intervensie deur die skool nie. Dié ouers het dan ook hul bekommernis uitgespreek omdat die skool nie met hulle kontak gemaak het nie. Die ouers sê by implikasie dat die skool die kind dus rede gegee het om die skool te verlaat. Oor die rol van die skool het die ouers gesê: “Die skool moet hul manier van kommunikasie verbeter. Ek dink in gevalle soos hierdie kon die skool vir ons ’n brief gepos het, en ons kon dan al vroeër geweet het van die kind se afwesigheid.”

Die skool is dus primêr te blameer vir die kind se skoolverlating. Dit mag ook wees dat baie ouers huiwerig is om te erken dat daar huislike probleme is en liewer die blaam verskuif na iemand anders of net voorgee dat daar geen probleme is nie.

- **Groepdruk**

Respondente SV(S)3 en SV(S)6 het die skool verlaat omdat hulle deur hul vriende by verkeerde bedrywighede betrokke geraak het. Die blaam word weer eens na ’n ander party verskuif. Die invloed van vriende is hier in ooreenstemming met Lee en Miu-ling (2003) se seining soos in Hoofstuk 2 verduidelik. Een van hierdie respondente, SV(S)3, ’n 14-jarige leerder wat in Graad 8 was, sê dat hy by sy vriende geleer het om dagga te rook en tik te gebruik. Hy vertel:

> Dis deur my *tjommies* dat ek begin dwelms gebruik het. Ek was die meeste van die tyd saam met hulle en het nie lus en tyd gehad vir huiswerk nie. Omdat my huiswerk nie gedoen was nie, het ek baie *gebunk* en somtyds sommer by die huis gebly. Ek het dan na my *tjommies* gegaan.

Volgens dié skoolverlater was hy gedurig by opvoeders in die moeilikheid en hy was, soos hy dit stel, as ‘n “probleemkind” gesien. In die skoollêer van hierdie leerder is daar bewyse van intervensiebriewe met betrekking tot stokkiesdraaiery, afwesigheid en onbehoorlike gedrag. Dié leerder het erken dat hy nooit intervensiebriewe by die huis afgegee het nie. Hierdie leerder hou egter vol dat hy sy vriende wou tevrede stel deur saam met hulle te “sosialiseer”

en daarom die skool verlaat het. Hy vertel: “Ek geniet dit om saam met my vriende te *socialise,* want by die skool was ek net in die moeilikheid. Ek het toe maar vir hulle tevrede gestel en die skool gelos”.

In pas hiermee verduidelik Keen (1992:102) dat “a peer group exerts greater pressure on drop-outs than do parents, educators and social workers”. Dit beteken by implikasie dat vriende se invloed baie keer swaarder weeg as dié van ouers, opvoeders en maatskaplike werkers wanneer die leerder moet besluit of hy/sy die skool gaan verlaat of nie.

Die ouers van hierdie respondent RO3 was dit eens dat verkeerde vriende hul kind beïnvloed het om die skool te verlaat. Dié ouer het gesê: My kind het buite die huis leer dagga rook en skool begin *bunk*. Hy kon dit nie hier by ons huis doen nie, want ons is gelowige mense.”

Die ouers sê dat hulle geen opsie gehad het as om die kind by ’n plattelandse skool in te skryf nie. Die ma vertel:

> Ek het vir my man gesê dat ons hom weg moet stuur hier uit die plek, weg van sy vriende af en hom liewer by ’n plattelandse skool moet inkry. Ons het hom toe by ’n skool in Piketberg ingekry. Hy gaan nou daar by my man se familie bly.

Die ander respondent, SV(S)6 wat ’n Graad 11-leerder was, het hom soos volg uitgedruk:

> …ja, dit is deur my *tjommies* dat ek die skool verlaat het en in die toevlugsoord beland het. Ek het saam met my vriende ‘van buite’ begin dwelm gebruik en dit het gemaak dat ek soms soggens te moeg was om skool toe te gaan. As ek so weg bly van die skool het ek en my vriende baie keer goed gaan verpand om dwelm te koop.

Die klasregister van hierdie leerder het bewyse dat hy baie afwesig was, maar geen intervensiebewyse kon in die skoollêer gevind word nie. Gedurende die onderhoud het dit duidelik geword hoe die skoolverlater deur sy vriende beïnvloed is. Hy het genoem dat sy vriende hom nie wou uitlos nie en hom aangemoedig het om die skool te los. Die pa van hierdie skoolverlater het gesê:

> Omdat ek en my vrou elke dag in die werk is, het ek nie geweet met watter dinge my kind deurmekaar is nie. Ek het eers later uitgevind dat hy met vriende dwelms gebruik en nie meer skoolgaan nie.

Die ouers het die kind uiteindelik drie maande by ’n toevlugsoord in Worcester laat opneem vir rehabilitasie. Hierdie leerder het nie ná die wintervakansie van Junie/Julie teruggekeer na die skool nie, omdat sy ouers hom reeds sedert 1 Julie by die toevlugsoord ingeboek het. Ek

het die geleentheid benut om tydens ’n naweekbesoek aan sy ouerhuis ná twee maande in die reabilitasiesentrum ’n onderhoud met die skoolverlater te voer.

- **Siekte**

Skoolverlater SV(D)5 én haar ouers RO5 het haar siekte as rede vir haar skoolverlating aangevoer. Sy het te kenne gegee: “My siekte was so erg dat ek myself nie kon help nie en vir lank nie by die skool kon uitkom nie. Daar was tye dat my bene net lam gevoel het en ek kon dan nie loop nie”.

Haar ouers het weer gesê: “Sy het ’n onverklaarbare siekte gehad en ons vermoed dat sy ‘kwaad’ aangedoen was. Ek sê nog altyd my kind was ‘getoor’ daarom kon die dokters nie sê wat sy makeer nie”.

Volgens die ouers sowel as die skoolverlater was die siekte langdurig en het dit veroorsaak dat sy met haar skoolwerk agter geraak het. Aangesien sy so ver agter geraak het met haar skoolwerk, het die ouers saam met die leerder die besluit geneem dat sy die volgende jaar terug skooltoe sou gaan. Die Graad 10-klasregiser toon langdurige afwesigheid terwyl die skoollêer intervensiebewyse van ’n brief en telefoonoproep aan die ouers bevat. Die onttrekkingsregister by die skool het bewyse dat die ouers die kind onttrek het nadat sy vir 36 dae aaneenlopend afwesig was.

### 4.5.2 *Push out of school*-faktore

- **Swak akademiese prestasie (onderprestasie)**

Drie repondente (SV(D)2, SV(S)10 en SV(D)12) het aangedui dat hulle die skool verlaat het omdat hulle gereeld in elke toets of eksamen swak uitslae behaal het. Die ouers (RO2, RO10 en RO12) van hierdie skoolverlaters het almal dieselfde rede as hul kinders aangevoer.

’n Agtienjarige dogter wat in Graad 10 was, SV(D)2, het haar soos volg uitgedruk: “Ek het geen vordering op die skool gemaak nie en besluit om die skool te los. Ek kon net nooit Engels en Afrikaans slaag nie, so ek het elke keer die eksamens gedruip”.

Opsommingskedules by die skool bevestig dit, maar toon ook dat sy oor die algemeen in alle vakke swak presteer het. Die skoollêer van hierdie leerder bevat twee intervensiebriewe van die klasonderwyser aan die ouers om die skool te besoek om haar akademiese vordering te

bespreek. Die ouer het gesê: "Ek was al baie keer by die skool oor X se swak punte, maar sy het nog steeds *stadig opgetel.* Die Engelse juffrou het haar regtig baie gehelp, maar sy kon net nie regsê nie".

Lee & Miu-ling (2003:106) meen dat "learners who constantly face setbacks in terms of academic and interpersonal failures will eventually drop out of school". Dit is dus duidelik dat hierdie leerder se konstante swak prestasie en gevolglike graadherhaling die motief was waarom sy die skool verlaat het.

'n Ander skoolverlater, SV(S)10, wat reeds agtien jaar oud was in Graad 9, het weer erken dat hy lees- en skryfprobleme het en dus nie op skool kon vorder nie. Hy voer verder aan dat hy die oudste in die klas geraak het en dat die kinders hom daaroor geterg het. Die ouers, RO10, van hierdie skoolverlater het vertel: "Hierdie kind is 'n aangenome kind en was kleintyd sieklik en ondervoed toe ons hom aangeneem het. Hy doen al reeds van laerskool af baie swak en was elke keer *oorgesit.*

Die Graad 7-rapport in die leerder se skoollêer dien as bewys dat hy op grond van sy ouderdom na Graad 8 bevorder is. In die lêer is ook 'n bewys gevind dat hierdie leerder 'n leerstoornis het.

'n Ander ouerrespondent, RO12, het gesê dat die hoofrede waarom haar kind, SV(D)12, die skool verlaat het, is omdat sy akademies swak is, maar voeg ook by dat die kind 'n spraakprobleem het. Die ouer vertel:

> Die kind was baie swak omdat sy nie in die klas wou praat nie, want sy het 'n spraakprobleem ... sy hakkel taamlik. Sy het vir ons gesê dat sy nie by Engels en Afrikaans wil voordra nie, omdat die ander kinders haar spot. Sy het baie punte so verloor.

Die skoollêer van hierdie respondent bevat geen intervensiebewyse vir haar swak akademiese vordering nie, maar skoolrekords toon wel dat ouers nie gereeld oueraande bygewoon het nie.

- **Graadherhaling**

Respondente SV(D)4 en SV(D)7 asook hul ouers, RO4 en RO7 is dit eens dat graadherhaling die hoofrede vir skoolverlating is. Die Graad 10-leerder, SV(D)4, vertel dat sy hierdie jaar uitgesluit gevoel het in die klas omdat sy die vorige jaar gedruip het terwyl al haar vriende bevorder is. Sy het dus die jaar op 'n ongemotiveerde manier begin. Sy sê: "Om weer in

dieselfde graad met vreemde klasmaats te wees, is nie lekker nie. Dit het my nie moed gegee om die nuwe skooljaar te begin nie".

In hierdie verband sê Scanlon & Mellard (2002:240) dat leerders wat grade herhaal later te oud raak vir die graad en ongemaklik voel in die klas wat tot gevolg het dat so 'n leerder later uitval. Die ouer, RO4, van hierdie leerder meen die feit dat haar dogter Graad 10 gedruip het, het haar "vernederd" laat voel en sy het gevolglik gereeld stokkies gedraai. Hierdie is 'n enkelouer en sy voeg by:

> As ek bedags werk, dan is Y alleen by die huis en ek het later uitgevind dat sy baie *gebunk* het … dít is hoekom sy ook verlede jaar gedruip het. My vraag is nog altyd wat doen die skool dan om die kinders te help. Dit lyk nie asof hulle enige na-skoolse klasse kry nie. Ek dink dit het tyd geword dat die skool ook hul plig teenoor hierdie tipe leerders moet nakom.

Die skool se opsommingsregister toon dat hierdie leerder in Graad 10 gedruip het, maar geen intervensie oor stokkiesdraaiery kon in die skoollêer gevind word nie.

Tydens die onderhoud het SV(S)7, 'n negentienjarige seun wat in Graad 11 was, gesê dat hy "moeg" geraak het van elke keer grade herhaal. Hierdie leerder het erken dat sy ouderdom ook 'n rol gespeel het in sy besluit om die skool te verlaat. Hy meen dat sy motivering vir skoolgaan uiteindelik "platgeval" het toe hy uitvind dat 'n matriekdogter van hom swanger was. Die ouers, RO7, van hierdie skoolverlater het gesê:

> Hy het net ons geld gemors op die skool met sy druipery en ek het die prinsipaal gaan sê dat ek hom uit die skool gaan haal. Ek het vir die prinsipaal ook gesê van die skoolmeisie wat swanger is van hom en dat hy maar liewer moet gaan werk.

Daar is bewyse in die ontrekkingsregister dat die ouers self die kind onttrek het. Die skool se opsommingsregisters van die afgelope vyf jaar toon ook dat hierdie leerder gereeld grade herhaal het.

Uit die ondersoek is dus geïdentifiseer dat graadherhaling nie net vereenselwig kan word met 'n leerder wat akademies swak is nie, maar ook verband hou met die leerder se ingesteldheid teenoor die skool.

Respondent SV(D)4 was nie akademies swak nie, maar het te veel stokkies gedraai. Dit dui op die leerder se negatiewe ingesteldheid teenoor die skool. In hierdie verband het 'n ministeriële komitee oor leerderretensie in Suid-Afika gesê, "learners who repeat grades become

disillusioned and generally disengage from school activities" (South Africa. Department of Education, 2008:xv). Leerders wat herhaal kan dieselfde kurrikuluminhoud as vervelig beskou en motivering verloor.

Swak akademiese prestasie en gereelde graadherhaling is bekommernisse, maar dit bly die skool se verantwoordelikheid om dit te bestuur. Dit is duidelik dat die skool sy plig in hierdie verband versaak het.

- **Uitsetting**

Een van die respondente wat in Graad 8 was, SV(S)8, het gesê dat hy deur die hoof uitgesit is. Hierdie storie het hy ook so aan sy ouers oorvertel, wat dit dan aanvanklik ook so geglo het, alhoewel hulle geen formele uitsettingsbrief van die Skoolbeheerraad ontvang het nie. Een van die ouers, RO8, van hierdie leerder vertel:

> Ons was onder die indruk dat hy geskors is, maar het later uitgevind dat dit nie die geval was nie. Hy was al vroeër deur die Skoolbeheerraad vir vyf dae geskors, want hy is maar 'n probleemkind en het baie probleme by die skool gegee.

Op SV(S)8 se laaste rapport van die laerskool, wat in sy skoollêer gevind is, word kommer oor sy afwesigheid uitgespreek. Die rapport dui ook aan, "vorder na Graad 8 met ondersteuning". Dit beteken dat hy spesiale opvoedingshulp in Graad 8 moet ontvang, wat nie die geval was nie. Die skoollêer bevat ook afskrifte van twee briewe (gedateer 23 Januarie 2008 en 10 Maart 2008) om die ouers kennis te gee van hul kind se stokkiesdraaiery. Nog 'n brief, gedateer 24 Julie 2008, wat die ouers kennis gee oor die vyf dae skorsing van SV(S)8, is ook in sy lêer gevind. Dit is opvallend dat geen inligting oor dissiplinêre kwessies gevind is nie, aangesien die ouers in hul onderhoud melding gemaak het dat SV(S)8 ook gereeld dissiplinêre probleme by die skool veroorsaak het.

Die ouers het ook hul bekommernis uitgespreek oor die manier waarop die skool met hulle kommunikeer het. Dit is egter 'n feit dat SV(S)8 'n probleem met skoolbywoning en stokkiesdraaiery gehad het. Een van die ouers het gesê: "Ons het in elk geval vir hom by 'n ander skool gaan inskryf … hy bly nou by sy Ouma."

Dit was vir my duidelik dat sowel die skoolverlater as sy ouers nie die verskil tussen "uitsetting" en "skorsing" verstaan het nie. Dit blyk ook dat stokkiesdraaiery 'n probleem is by dié skool.

- **Gevoel van onveiligheid by die skool**

Een skoolverlater, SV(S)9, ’n sewentienjarige seun wat in Graad 9 was, het aangevoer dat hy onveilig gevoel het by die skool en dat dit die hoofrede was waarom hy die skool verlaat het. Hy erken:

> Die skool het vir my vervelig geraak omdat die skoolwerk nie meer lekker is vir my nie, maar dit is eintlik die *gangsters* by die skool wat my elke keer gedreig het. Ek het al baie met hulle gebots, nou soek hulle eintlik vir my…ek kan nie so skoolgaan nie.

Hy sê skoolbendes boelie leerders op skool of rand hulle ná skool buite die skoolgrond aan indien hulle nie aan die bendes se eise voldoen nie. Op die vraag of hy dit sal oorweeg om volgende jaar terug na dieselfde skool toe te gaan , het hy gesê: “Ek sal teruggaan na die skool indien hulle al daardie *gangsters* skors en ek weet dat ek *safe* sal wees…anders moet my ma-hulle my maar in ’n ander skool sit”. Oor die rol van die skool het hierdie respondent net gesê dat die skool eenvoudig net ontslae moet raak van die skoolbendes.

Die ouers, RO9, vertel weer dat hy baie stokkies gedraai het en lui geraak het vir die skool; sy klasonderwyser het dokumentasie ter stawing van stokkiesdraaiery aan hulle voorgelê. Op die vraag wat die skool in hierdie verband kon doen, het die ouers hul soos volg uitgespreek:

> U weet ons is net bekommerd oordat die skool so laat die kind se probleem met ons bespreek het. Die skool moes ons onmiddellik in kennis gestel het toe X so probleme gee. Hierdie kinders van vandag moet ‘n mens onmiddellik vasvat as hulle probleme gee anders verloor jy hulle. So … ja, ek dink die skool het te laat opgetree.

Dit was duidelik dat die ouers nie bewus was van die feit dat hul kind onveilig gevoel het by die skool nie. Moontlik het dié skoolverlater juis stokkies gedraai omdat hy onveilig gevoel het by die skool.

### 4.5.3 Wat die skool kon doen om skoolverlatings te voorkom volgens die skoolverlaters en hul ouers.

Uit die onderhoude was dit duidelik dat die skoolverlaters sowel as hul ouers nie baie sterk standpunt ingeneem het oor die skool se rol om skoolverlatings te voorkom nie. Hulle redenasie was baie elementêr en het veral meer uitgewy wanneer dit gekom het by die *push out*-faktore as die *pull out*-faktore.

Respondent SV(D)1 wat die skool verlaat het as gevolg van ‘n gebrek aan ouerondersteuning in terme van haar skoolwerk het die volgende gesê:

> Omdat my ouers my nie wou help met my skoolwerk nie, het ek gevoel dat die onderwysers by die skool my kon help. Ek dink die onderwysers kon sien dat ek ‘n probleem het by die huis …. daarom het ek mos nie huiswerk gedoen nie. As die onderwysers my meer ondersteun het sal ek nie die skool gelos het nie.

Die ouer van hierdie respondent, RO1, het op die vraag watter rol die skool kon speel om te verhoed dat die kind die skool verlaat het, die volgende gesê:

> Die onderwysers moet meermale verstaan wanneer die kinders probleme het. U sien … deur te skel jaag jy eintlik die kind weg van die skool af. Ja, kinders moet gestraf word as hulle lui is of onbeskof is, maar sommige kinders het regtig probleme by die huis. Sulke leerders soek dan ook liefde by hul onderwysers.

SV(S)3 het die skool verlaat as gevolg van groepdruk wat gepaard gegaan het met dwelmmisbruik, afwesigheid, stokkiesdraaiery en dissiplinêre probleme by die skool. Sy ouers, RO3, het dit duidelik gemaak dat die skool onmiddellik ouers in kennis moet stel as kinders probleme gee. Die ouers het hulle soos volg uitgedruk:

> Ons was bewus dat X dagga rook, maar nie geweet dat dit ‘n problem by die skool is nie. Niemand het ons laat weet nie. Ons het maar eers later uitgevind dat X nooit die skoolbriewe afgegee het nie. My punt is dat die skool nie reg met ons kommunikeer as daar ernstige probleme is nie. Hoekom het hulle ons nie gebel nie? Nee, die skool sal moet kyk na hoe hulle met ouers kommunikeer.

Skoolverlater SV(D)5 wat die skool verlaat het as gevolg van siekte was saam met haar ouers dit eens dat die skool niks kon doen om te verhoed het dat sy die skool verlaat het nie. Haar moeder het haar hoop uitgespreek dat die skool haar die volgende jaar weer terug op skool sal aanvaar indien sy van haar siekte sou herstel.

Respondent SV(S)10 wat die skool verlaat het omdat hy ‘n lees-en skryfprobleem het se ouers is egter van mening dat sowel die laerskool as die hoërskool nie genoeg gedoen het om hulle te help om die kind in ’n spesiale inrigting te plaas nie. Die ouers het oor die rol van die skool gesê:

> Indien die skool nie vir die kinders met hierdie tipe probleem ekstra klasse kan aanbied nie, moet hulle dan die kind by ’n spesiale inrigting probeer inkry. Ek glo my kind sou nog skool gegaan het indien die skool sy plig nagekom het en hom by ’n inrigting ingekry het.

SV(D)2 wat ook die skool as gevolg van swak akademiese prestasie veral in die tale verlaat het, het op die vraag wat die skool kon doen in hierdie verband geantwoord:

> My Engelse juffrou was die enigste persoon wat vir my 'n bietjie gehelp het. Dit was ook nie genoeg nie, want sy het dit altyd te vinnig gedoen. By die ander vakke het niemand vir my ekstra hulp gegee nie. Ek dink die skool kon meer ekstra klasse gegee het vir ons wat so sukkel.

Die ouers van SV(D)12 het oor haar spraakprobleem wat swak akademiese prestasie tot gevolg gehad het die volgende gesê oor die rol van die skool:

> Ek kan u nie presies sê wat die skool moes doen nie, maar hulle kon hulp vir die kind ingekry het. Die skool kon ook toegesien het dat die kind nie so gespot word as sy voorgedra het nie. Hoekom het hulle haar nie alleen laat voordra nie? U sien … alle onderwysers kon sien dat die spraakprobleem van haar 'n invloed gehad het op haar skoolwerk.


Die ouers van SV(D)4 wat die skool verlaat het as gevolg van gereelde graadherhaling meen dat die skool ook hul plig teenoor hierdie leerders moet nakom. Hierdie ouer het na-skoolse klasse vir sodanige leerders voorgestel.

SV(S)8 het die skool verlaat omdat hy aan sy ouers voorgegee het dat hy uitgesit is deur die Skoolbeheerraad. Die ouers van hierdie respondent, RO8, is van mening dat hulle hul kind se probleme beter sou kon hanteer indien hulle vroeër daarvan in kennis gestel is. Hulle was veral teleurgesteld omdat die skool nie direk met hulle geskakel het oor die uitsetting van hul kind nie. Hulle meen:

> Ek dink my kind sou nog vandag op skool gewees het as die skool ons persoonlik gekontak het. Hulle weet by nou dat die kinders nie die briewe by die huis kom afgee nie. Hulle kon self tot hier gekom het … ons bly dan so naby die skool.

SV(S) 9 wat die skool verlaat het omdat hy deur skoolbendes gedreig was het bloot net gesê dat die skool die veiligheid van leerders moet verseker en strenger optree teenoor skoolbendes wat ander leerders boelie en intimideer.

'n Opsomming van die ouers en skoolverlaters se voorstelle oor wat die skool kon doen om skoolverlatings te voorkom word in Figuur 4.9 voorgestel.




**Figuur 4.9: Skoolverlaters en hul ouers se voorstelle oor wat die skool kon doen om skoolverlatings te voorkom**

## 4.6 Ter afsluiting

In hierdie hoofstuk is die aanbieding, ontleding en bespreking van vraelyste van die skoolverlaters, onderhoude met skoolverlaters en hul ouers asook ontleding van die skooldokumentasie van die skoolverlaters met wie onderhoude gevoer is, uiteengesit. Die aanwending van die verskillende databronne het 'n vollediger oorsig oor die redes van skoolverlating verskaf. Uit die onderhoude kon ek ook die skoolverlaters asook hul ouers se voorstelle met betrekking tot die rol van die skool om skoolverlatings te voorkom, identifiseer.

Oor die algemeen toon die databronne ooreenkomste met betrekking tot die redes vir skoolverlating. Daar is egter enkele gevalle waar die redes van die skoolverlater verskil van dié van hul ouers. Skooldokumentasie (spesifiek skoollêers) toon 'n leemte met betrekking tot inligting oor skoolverlating. Dit is duidelik dat afwesigheid, stokkiesdraaiery en akademiese intervensie nie gereeld in die skoollêer bygehou word nie. In die skoollêers kon ook nie altyd bewyse t.o.v. ouerkommunikasie gevind word nie. In die volgende hoofstuk (Hoofstuk 5) sal die bevinding en aanbevelings aangebied word.

# HOOFSTUK VYF

# BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

## 5.1 Inleiding

Dit is belangrik om te weet dat nie alle individue wat die skoolsisteem ná Graad 9 verlaat, *dropouts* word nie. Baie voltooi die verpligte skoolfase tot Graad 9 en sit hul opvoedingsloopbane voort by ander formele skoolgebaseerde Verdere Onderwys en Opleidingskolleges (VOO), private opvoedingsinstansies of volg ander beroepsopleidingskursusse. Ander verlaat bloot ’n skool om by ’n ander skool te registreer. Oor laasgenoemde het die voormalige Minister van Onderwys, Naledi Pandor, haar soos volg uitgespreek: “To some extent, this may even be considered healthy – that children pursue various options for preparing for the labour market after completing the compulsory school phase” (South Africa. Department of Education, 2008:x).

Die doel van hierdie studie was om die redes waarom leerders ’n spesifieke skool verlaat sonder om Graad 12 by daardie skool te voltooi, te identifiseer. In die ondersoek is gefokus op *push out of school*-faktore en *pull out of school*-faktore wat ’n rol gespeel het by skoolverlatings. Dit behoort my in staat te stel om sekere aanbevelings te maak oor wat die skool kan doen om te verhoed dat leerders die skool verlaat. In hoofstuk twee het ek op die literatuur gefokus en sekere redes uitgelig waarom leerders skool verlaat het sonder om by ’n spesifieke skool Graad 12 te voltooi. Hierdie redes was onder die breë hofies *push out of school-* en *pull out of school*-redes geklassifiseer.

Hoofstuk drie gee ’n uitleg oor die navorsingsbenadering en verduidelik waarom ’n gevallestudie gedoen is. Die instumente wat aangewend is om inligting te bekom, waarom juis dié instumente gebruik is en hoe dit gebruik is, word dan ook in hierdie hoofstuk verduidelik. Hierdie instrumente sluit in vraelyste aan skoolverlaters, onderhoude met skoolverlaters en hul ouers asook dokumentontleding. Die voordeel van triangulasie met betrekking tot die inligtingsbronne word ook verduidelik.

In die daaropvolgende hoofstuk is die data wat van die vraelyste verkry is, grafies in die vorm van staafgrafieke voorgestel, ontleed en bespreek. Data verkry van die onderhoude is in beskrywende vorm en tabelvorm aangebied. Hierdie data (van die skoolverlaters en hul ouers) is dan gesamentlik ontleed en bespreek. Inligting uit die skoollêers van die skoolverlaters is

by die ontleding en bespreking van die onderhoude ingevleg om ooreenkomste, maar ook verskille te identifiseer.

In hierdie hoofstuk word my bevinding tot die studie aangebied asook aanbevelings gemaak wat tot voordeel van die skool kan wees.

## 5.2 Opsomming van bevindinge

Die bevindinge van hierdie studie sal aangebied word onder die sub-afdelings: algemene inligting wat verband hou met skoolverlating, en redes vir skoolverlating. Die bevinding tot die redes vir vroeë skoolverlating word onder die kategorieë *push out of school-* en *pull out of school*-faktore (Scanlon en Mellard, 2002:240) aangebied.

### 5.2.1 Algemene inligting wat verband hou met die skoolverlating

Uit die databronne (vraelyste wat deur die skoolverlaters voltooi was, die onderhoude met skoolverlaters en hul ouers en die dokumentasie) is die volgende bevind:

Die skool beskik nie oor ’n effektiewe administratiewe stelsel wat skoolverlatings monitor en vinnig kan weergee nie. Die skool kon met ander woorde nie op ’n spesifieke tydstip presiese statistieke gee oor hoeveel leerders die skool verlaat het nie, omdat daar leerders was wat lank reeds van die skool *verdwyn* het, maar nie deel van die statistieke was nie. Dit weerspieël swak rekordhouding. Tydens my ondersoek moes ek uitvind dat hierdie leerders reeds die skool verlaat het. Dit dui op ’n gebrek aan die skool se kant omdat daar dus geen intervensie toegepas is nie. Daar is ook bevind dat intervensie by ander skoolverlaters, wat deel was van die skool se statistieke, te laat toegepas was. Die leerder was reeds baie lank afwesig voordat die ouers deur die skool in kennis gestel is. Dit dui weer eens op nalatigheid en swak bestuur aan die skool se kant.

Daar is ook bevind dat meer dogters as seuns die skool binne die navorsingsperiode verlaat het. Veral in Graad 8 het dubbel die getal dogters as seuns die skool verlaat en in Graad 12 was dit net dogters wat die skool verlaat het. Graadgewys toon Graad 10 die hoogste uitvalsyfer en dit neem beduidend af tot Graad 12. Die probleem van skoolverlating blyk dus aan die begin van die VOO-fase te wees.

Baie van die skoolverlaters het nie ná die Maart/April-skoolvakansie en die Junie/Julie-skoolvakansie teruggekeer skool toe nie. Dit blyk dus asof die skoolvakansies ’n wesenlike

invloed op sommige leerders gehad het in hul besluit om die skool te verlaat. Die meeste skoolverlaters het ook reeds die ouderdomme van sewentien en agtien bereik tydens die ondersoek. Die geneigdheid om die skool te verlaat in terme van ouderdom is dus groter ná die skoolplig-fase.

Daar is ook bevind dat meer skoolverlaters *dropouts* geword het en minder hul skoolloopbane by ander inrigtings voortgesit het, soos in Tabel 5.1 uiteengesit. Tewens, daar is geen skoolverlaters wat hul opvoedingsloopbane voortgesit het in terme van skoolgebaseerde VOO-kolleges, private onderwys of beroepsgebaseerde opleiding nie. Dié wat wel hul opvoedingsloopbane voortgesit het, het bloot na ander openbare skole migreer.

**Tabel 5.1: Vooruitsig van skoolverlaters**

| Vooruitsig van die skoolverlaters | Getal skoolverlaters |
|---|---|
| *Dropouts* | 43 |
| VOO-kollege | 0 |
| Private onderwys | 0 |
| Beroepsgerigte opleiding | 0 |
| Ander openbare skool | 32 |
| **TOTAAL** | **75** |

Die meeste ouers was bewus dat hul kinders die skool gaan verlaat, terwyl daar ook ouers is wat eers later uitgevind het dat hul kinders nie meer skoolgaan nie. In die meeste gevalle het die ouer saam met die kind besluit dat hy/sy die skool gaan verlaat, terwyl daar ook voorvalle is waar dit die skoolverlater se keuse was. Daar is ook 'n beduidende getal ouers en skoolverlaters wat meen dat die skool nie genoeg gedoen het om skoolverlating te verhoed nie. Van die ouers meen byvoorbeeld dat die skool hulle vroegtydig kon ingelig het oor hul kind se afwesigheid, terwyl ander hul bekommernis uitgespreek het oor die skool se gebrek aan adissionele akademiese bystand aan die leerders.

### 5.2.2 Redes vir skoolverlating

Met die navorsing is bevind dat dubbel die getal *pull out of school*-faktore as *push out of school*-faktore daartoe aanleiding gegee het dat leerders die skool verlaat het. Dit beteken dus dat meer buite-skoolverwante redes tot skoolverlating gelei het. Die skool het gewoonlik weinig tot geen beheer oor buite-skoolverwante redes nie, maar kan tog 'n wesenlike invloed hierop uitoefen.

Uit die vraelyste en onderhoude is ook bevind dat die redes vir skoolverlating wat ouers aanvoer in enkele gevalle verskil van dié wat die skoolverlater aangevoer het. Dit dui op ’n kommunikasiegaping tussen ouers en leerders, asook tussen die skool en die ouer. Dit impliseer ook dat leerders nie altyd eerlik is teenoor hul ouers aangaande hul skoolbedrywighede nie en dat die skool ook nie genoegsaam met ouers kommunikeer nie.

#### 5.2.2.1 *Pull out*-faktore

Ná die ontleding van die vraelyste met skoolverlaters, onderhoude met skoolverlaters en hul ouers, is die volgende bevind met betrekking tot *pull out of school*-faktore wat daartoe gelei het dat die leerders die skool verlaat het:

Huislike omstandighede, wat ouerlike ondersteuning, gesinsgeweld, finansiële tekorte wat spruit uit werkloosheid en armoede, gebrek aan ouerlike gesag en voogskap insluit, is die grootste rede waarom leerders die skool verlaat het. Daar het ook ’n beduidende getal leerders, versprei oor al die grade, het die skool weens swangerskap verlaat. Al die Graad 12-leerders wat die skool binne die navorsingsperiode verlaat het, het dit as gevolg van swangerskap gedoen. Daar is egter bevind dat die WKOD-beleid oor leerderswangerskap nie soos voorgeskryf toegepas word nie (cf 2.1.2, 2.2.1.1 & 2.2.1.1).

Leerders wat die skool verlaat het omdat hulle gesin verhuis het, het almal by ’n ander skool geregistreer. Aan die ander kant het die meeste leerders wat die skool as gevolg van groepdruk verlaat het, nie na ander skole migreer nie en geen belangstelling getoon om terug op skool te wil wees nie. ’n Interessante bevinding by groepdruk is dat leerders gewoonlik by dwelms betrokke geraak het en dat hulle dan hul vriende daarvoor blameer(cf 2.2.3 & 2.2.3.1).

Baie min leerders het die skool verlaat as gevolg van siekte. Dié wat wel die skool om dié rede verlaat het, het almal aangedui dat hulle volgende jaar terug wil wees op skool.

Daar is ook bevind dat ouers nie genoeg ondersteuning, hulp en motivering aan hul kinders gebied het om hulle in die skool te hou nie. Dit wou voorkom dat baie ouers onkundig is en net gelate aanvaar as hul kinders die skool verlaat. Andersins het die skool ook nie genoegsame ondersteuning, intervensie, hulp en opvolging toegepas om leerders in die skool te hou nie (cf 2.2.2.4). Daar was duidelik ’n gebrek aan ouerbetrokkenheid van die skool se kant.

#### 5.2.2.2 *Push out*-faktore

Ná die ontleding van die vraelyste met skoolverlaters en die onderhoude met skoolverlaters en hul ouers, is die volgende bevind met betrekking tot *push out of school*-faktore wat daartoe gelei het dat die leerders die skool verlaat het:

Die meeste leerders het die skool verlaat omdat hulle swak (onder-) presteer het. Van die leerders het erken dat hulle nie by die skoolwerk kon byhou nie en daardeur ’n renons teenoor die skool ontwikkel het. Baie ouers van skoolverlaters wat swak presteer het, het nie skoolvergaderings, wat as platform gedien het om leerders se akademiese vordering te bespreek, bygewoon nie. Die skool het geen opvolging hiervan gedoen nie, alhoewel daar rekordhouding was (cf 2.2.2.1).

Naas onderprestasie, is graadherhaling die tweede grootste rede waarom leerders die skool verlaat het. Hierdie twee redes gaan gewoonlik hand aan hand en die skool het ’n verantwoordelikheid teenoor leerders wat gereeld grade herhaal as gevolg van swak akademiese prestasie. Daar is ook bevind dat leerstoornisse soos lees- en skryfprobleme bygedra het tot swak prestasie, graadherhaling en uiteindelike skoolverlating (cf 2.2.2.2). Geen inklusiewe onderwys vir leerders met leerstoornisse van Graad 9 tot 12 is ten tyde van die ondersoek toegepas nie. Dit is duidelik dat die skool in baie opsigte hierdie verantwoordelikheid versaak het. Alternatiewe assessering is slegs vir Graad 8 toegepas. Tydens die ondersoek is ekstra en na-skoolse klasse net by die Kuns en Kultuur-vakke aangebied.

Leerders wat reeds die ouderdom van sewentien en agtien bereik het en akademies swak presteer het of grade herhaal het, was meer geneig om die skool te verlaat. Hierdie leerders was dus skoolverlatingsrisiko’s en daar is bevind dat geen effektiewe intervensie in hierdie gevalle toegepas is nie (cf 2.2.2.1).

Daar is ’n beduidende getal skoolverlaters wat onveilig gevoel het by die skool en daarom na ander skole migreer het. Aansluitend hierby het die skool ook nie effektiewe strukture in plek om die bekommernis van leerders wat by die skool onveilig voel aan te hoor en aan te spreek nie. Nog ’n bevinding is dat nie alle leerders wat deur die Skoolbeheerraad uitgesit is, by ander skole opgeneem is nie, terwyl opname by ’n ander skool gewoonlik deur die WKOD aanbeveel word. Die skool het ook nie genoegsame pogings aangewend om ouers van skoolverlaters wat geweier het om voor die Beheerliggaam te verskyn, te betrek nie.

Die skool kon nie die taalprobleem van sommige skoolverlaters, wie se moedertaal Xhosa is, oplos nie. Hierdie leerders het gewoonlik in Graad 8 en 9 swak presteer en die siklus van swak akademiese prestasie, graadherhaling en uiteindelike skoolverlating is dan voortgesit. Ná Graad 9 is leerders met Xhosa as moedertaal na ander skole verwys.

Oor die algemeen is daar ook nie skoolbeleid in plek om leerders wat die risiko loop om ’n skoolverlater te word, te probeer behou nie (cf 2.2.2.6). Dit was duidelik dat hierdie skool nie die probleem van skoolverlatings met erns bestuur nie.

### 5.3 Aanbevelings

Die skool behoort gewoonlik in beheer te wees van die *push out of school*-faktore tot skoolverlating, maar kan ook ’n noemenswaardige invloed uitoefen op die *pull out of school*-faktore. Die volgende aanbevelings kan deur die skool aangewend word om die probleem van vroeë skoolverlatings aan te spreek, veral vanweë die feit dat 57% van die skoolverlaters *dropouts* geword het:

Die skool kan ’n **effektiewe administratiewe stelsel** en struktuur in plek kry om afwesigheid van leerders te monitor (cf 2.2.2.2). Gereelde of langdurige afwesigheid is gewoonlik tekens dat die leerder die risiko loop om die skool te verlaat. Die skool behoort dan in staat te wees om tydige intervensie toe te pas. Daar sal egter van klas- en vakonderwysers verwag word om afwesigheid met erns te bestuur en om sodanige afwesigheid onmiddellik aan te meld. Dit is ook belangrik om herhaalde en langdurige afwesigheid in die leerder se skoollêer te dokumenteer.

’n **Spesifieke skoolbeleid** moet in plek gekry word om leerders wat in die algemeen die risiko loop om skoolverlaters te word, te identifiseer en die nodige intervensie toe te pas. Hierdie beleid kan die volgende insluit:

- Doelbewuste pogings (’n aksieplan) om leerders te identifiseer wat skoolverlatingsrisiko’s word.
- Klassifisering van risiko’s en ontwikkeling van strategieë (intervensie) om dit aan te spreek.
- Opvolgprosesse om intervensie te monitor en te evalueer.
- Die aanwending van eksterne deskundige dienste waar dit nodig geag word.

**Ouerbetrokkenheid** kan gemaksimaliseer word sodat ouers ingelig kan wees oor die akademiese sowel as dissiplinêre status van hul kinders, maar ook om belangrike inligting van

die ouer te verkry rakende die kind se sosiale welstand tuis. Meer gereelde ouerkommunikasie asook die betrekking van ouers by skoolfunksies en sport kan dien as aanbeveling in hierdie verband. Gepaardgaande hiermee kan die metode van kommunikasie met die ouers ook hersien word, aangesien leerders nie altyd briewe by die huis afgee nie. Kommunikasie met ouers is ook belangrik, aangesien meer *pull out of school*-redes as *push out of school*-redes tot skoolverlatings uit die ondersoek geïdentifiseer was. Daar kan dus 'n struktuur geskep word waar daar meer persoonlike kontak met die ouers gemaak kan word. Vir hierdie doel kan daar meer as die minimum verpligte ouervergaderings gehou word om persoonlike kontak te bewerkstelling. Tydens sulke byeenkomste kan ouers gereeld opgevoed word om betrokke te raak by hul kinders se skoolwerk, aangesien dit aan die lig gekom het dat 'n gebrek aan ouerlike ondersteuning ook tot skoolverlatings kan lei.

**Spesiale vergaderings** kan **met ouers** van leerders wat die risiko loop om die skool te verlaat (en leerders), gereël word. Ouers wat sodanige vergaderings dan nie bywoon nie, behoort skriftelik aangespreek te word om hulle verantwoordelikheid teenoor hul kind na te kom. Die groep SMS-metode kan ook in hierdie geval van pas wees, aangesien die meeste van die ouers selfone besit. Alle vorme van ouerkommunikasie behoort gedokumenteer te word.

Die skool kan ook 'n struktuur in plek kry waar **klasonderwysers** die geleentheid gebied word om **ouers tuis te besoek**. Veral ouers (van leerders wat die risiko loop om die skool te verlaat) wat nie vergaderings bygewoon het nie, kan geteiken word. Die fokus moet sterk wees op ouers van Graad 10-leerders, aangesien die uitvalsyfer hier die grootste was, asook die leerders wat gereeld grade herhaal en hoë ouderdomme het. Vir hierdie doel behoort opvoeders toegelaat te word om in hul administratiewe periode ouers, wat tuis is en naby die skool bly, te besoek. Andersins behoort opvoeders die geleentheid gebied te word om tuisbesoeke onmiddellik ná skool (wanneer die leerders verdaag het) af te lê. Besoeke behoort ook veral ná skoolvakansies plaas te vind, aangesien baie leerders, volgens die ondersoek, ná skoolvakansies wegbly van die skool. Dit behoort dan die verantwoordelikheid van graadhoofde te wees om besoeke te monitor en terugvoering in die vorm van 'n verslag met die res van die graadgroep te deel.

**Skoolverpleegkundiges** kan meer gereeld met skoolmeisies gesels oor **tienerswangerskap en gesinsbeplanning**. Die rede hiervoor is omdat meer dogters as seuns die skool verlaat het en tienerswangerskap as *pull out of school*-rede, as die tweede meeste geïdentifiseer is. Die skool kan ook reël dat nieregeringsorganisasies (NRO) tydens Lewensoriënteringsperiodes

bewusmakingsprogramme aanbied. Slagoffers van vroeë skoolverlating as gevolg van vroeë swangerskap kan dan geleentheid gebied word om hul stories met die leerders te deel. Ouers behoort ook deur die skool aangemoedig te word om met hul kinders te gesels oor vroeë swangerskap. Die beskikbaarstelling van gesinsbeplanningsmiddele deur skoolverpleegkundiges word ten sterkste aanbeveel vir alle grade, aangesien die meeste skoolverlaters in Graad 8 meisies is en swangerskap die rede is vir alle Graad 12-skoolverlatings. Die beleid van die WKOD oor leerderswangerskap kan in die vorm van ’n werkswinkel deur skoolbestuur en opvoeders bespreek word om effektiewe implementasie te verseker. Hierdie stap is nodig aangesien hierdie beleid tans nie by die skool realiseer nie (cf 2.2.3.2).

’n **Struktuur** kan geskep word waar leerders hul **persoonlike probleme en bekommernisse** op ’n private manier kan uiter. Vir hierdie doel kan skoolsielkundiges, maatskaplike- en sosiale werkers meer effektief benut word. Dit beteken hulle kan meer toeganklik en beskikbaar wees vir leerders by die skool. ’n Spesiale briewebus kan ook op ’n strategiese plek in die skool geplaas word waarin leerders briefies oor hul probleme en bekommernisse kan plaas. Hierdie briefies behoort dan vertroulik deur die skool se jeugwerkster hanteer te word. Die Skoolbeheerraad kan ook betrek word indien dit nodig sou wees (cf 2.2.3).

Die skool kan die **deelname van leerders aan kultuurorganisasies en sportkodes** by die skool bevorder deur deelname aan ten minste een organisasie of sportkode verpligtend te maak. Sodanige deelname kan dissipline by leerders inskerp en help bou aan skooltrots en lojaliteit.

’n **Strenger dissiplinêre beleid** kan **teen skoolbendes** ingestel word, aangesien skoolbendes ander leerders intimideer en boelie. Dit is hier waar die Skoolbeheerraad ’n kritieke rol kan speel deur ’n houding van *zero tolerance against school gangsters* aan te neem. Die gedragskode van die skool kan ook meer effektief teen skoolbendes aangewend word. Strenger beheermaatreëls behoort ook ingestel te word om leerders teen bendes van buite te beskerm. Vir hierdie doel kan blokhekke tydens periodes gesluit word en die Bambanani veiligheidswagte (sekuriteitswagte vanuit die gemeenskap wat deur die staat aangestel is) kan gedurende pouses meer sigbaar wees. Die streekpolisie kan ook meer gereeld genooi word om toepaslike en relevante inligting met betrekking tot intimidasie, aanranding en misdaad met leerders te deel.

Die ontwikkeling van 'n **akademiese aksieplan**, om leerders te ondersteun wat oor die algemeen swak presteer, behoort aandag te geniet. Dit is veral nodig omdat ouers ook hul bekommernis hieroor uitgespreek het en swak prestasie die grootste *push out of school*-rede was. Sodanige plan kan dan voortdurend geëvalueer word om die effektiwiteit daarvan te meet. Gereelde aanpassings kan ook aan so 'n plan gemaak word om gewenste uitkomste te bereik. Na-skool klasse, alternatiewe assessering, meer gereelde toetsing en verandering in onderwysstyl, kan nuttig vir hierdie doel aangewend word. Ondersteuning behoort nie net te fokus op sekere grade of vakke nie, maar moet van toepassing wees op alle leerders wat swak presteer (cf 2.2.2.1).

**Inklusiewe onderwys** kan ook geïmplementeer word om huidige leerders wat leerstoornisse soos lees- en skryfprobleme, spraakprobleme en sigprobleme het, te akomodeer. Dit is nodig omdat die studie aangedui het dat leerstoornisse ook tot skoolverlatings bygedra het. Die WKOD-beleid oor leerders met leerprobleme maak dit duidelik dat intervensie teenoor sodanige leerders toegepas moet word. Vir dié doel kan sommige opvoeders opgelei word om met hierdie leerders te werk, maar daar kan ook van eksterne deskundiges se hulp gebruik gemaak word om die leerders by te staan.

Die **taalbeleid** van die skool kan in lyn gebring word met die behoeftes van die skoolgemeenskap. Slegs leerders wat kwalifiseer in terme van hierdie beleid kan dan by die skool opgeneem word. Die aflê van 'n taaltoets deur alle Graad 8-leerders kan byvoorbeeld verpligtend wees voor registrasie. Leerders wat nie die vereiste uitkomste op grond van taal bereik nie, kan dan na 'n ander skool verwys word. Taalkwessies kan ook op streeksvlak deur skoolbestuurders bespreek word om uitruilings van leerders te bewerkstellig (cf 2.2.2.6).

## 5.4 Verdere navorsing

Om pro-aktief op te tree teenoor skoolverlating is 'n positiewe stap. Dit is daarom van uiterste belang dat leerders wat skoolverlatingsrisiko's is, betyds geïdentifiseer behoort te word voordat hulle skoolverlaters word. ***Ontwikkeling van intervensiestrategieë om leerders, wat geïdentifiseer is as skoolverlatingsrisiko's, te behou: 'n Gevalle-studie by 'n spesifieke skool,*** kan 'n interessante onderwerp wees waaroor in die toekoms navorsing gedoen kan word.

## 5.5 Ter afsluiting

Hierdie navorsing het gefokus op die redes vir skoolverlatings by ’n spesifieke sekondêre skool in die Wes-Kaap. Dit is duidelik dat die probleem van vroeë skoolverlating nie net tot dié spesifieke skool beperk is nie, maar as ’n nasionale probleem gesien kan word. Die bekommernis van skoolverlatings lê veral in daardie komponent wat *dropouts* word. D*ropouts* is nie net die probleem van die oud-leerder en sy/haar ouers nie, maar ook dié van die gemeenskap waarin hulle leef. Hierdie siening word ondersteun deur Branham (2004:1113) sowel as Kronick (2003:521) deurdat hy sê “Dropping out of school has wide-ranging negative effects on society including unemployment, loss of national income, loss of government tax revenues, an increased demand for government services, and poorer health” (Branham, 2004:1113).

Die stygende werkloosheidsyfer in Suid-Afrika het die landsburgers weer opnuut die noodsaaklikheid van onderwys, opleiding en vaardigheidsontwikkeling laat besef. Moderne arbeidspraktyk vereis al meer dat werkers opgelei, gekwalifiseerd of gespesialiseerd moet wees. Indien jy dus nie oor die nodige kwalifikasies of opleiding beskik nie, maak jy dit vir jouself moeilik om die arbeidsmark te betree. Met dit in gedagte het aksie teen skoolverlatings en veral *dropouts* onafwendbaar geword vir skole, die regering en gemeenskappe.

Skole is primêr verantwoordelik om leerders op skool te hou en te onderrig. Die skool moet dus eienaarskap neem van die *push out*-faktore en dit met erns bestuur. Geen land kan bekostig dat groot getalle van sy inwoners ongeskoold en werkloos is nie.

**BRONNELYS**

Anderson, G.E., Jimerson, S.R. & Whipple, A.D. 2002. Winning the battle and losing the war: examining the relation between grade retention and dropping out of high school. *Psychology in the Schools.* 39(4):441-457.

Azzam, A.M. 2007. Why students drop out. *Educational Leadership*, 64(7):91-93, April 2007.

Babbie, E.R. & Mouton, J. 2001. *The practice of social research.* Cape Town: Struik.

Babbie, E.R. & Mouton, J. 2002. *The practice of social research.2nd ed.* Cape Town: Oxford University Press.

Baine, D. & Mwamwenda, T. 1994. Education in South Africa: current conditions and future direction. *International Review of Education,* 40(2):113-134.

Beekhoven, S. & Dekkers, H. 2005. Early school leaving in the lower vocational track: triangulation of qualitative and quantitative data. *Adolescence,* 40(157).

Bell, J. 1993. Doing your research project: *A guide for the first time researchers in education and social science*. 2nd ed. Buckingham: Open University Press.

Branham, D. 2004. The wise man builds his house upon the rock: the effects of inadequate school building infrastructure on student's attendance. *Social Science Quarterly,* 85(5):1113-1128.

Brink, H. 2003. *Fundamentals of research methodology for health care professionals*. Cape Town: Juta & Co.

Brink, H. 2006. *Fundamentals of research methodology for health care professionals*. 2nd edition. Cape Town: Juta & Co.

Chigona, A. & Chetty, R. 2008. Teen mothers and schooling: lacunae and challenges. *South African Journal of Education.* EASA Vol 28:261-281.

Citizen, The. 2005. Reasons for school drop-out sought. 8 February 2005:6.

Cohen, J. 2007. Aids increases school dropouts. *HIV and AIDS News.* [Online]. Available: http://www.aids-increases-school-drop-outs.html. [29 November 2007].

Cohen, L. & Manion, L. 1989. *Research methods in education.* 3rd ed. London: Routledge.

Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. 2000. *Research methods in education.* 5th ed. London: Routledge Farmer.

Coleman, M & Briggs, A. 2002. *Research methods in educational leadership and management.* London: Paul Chapman.

Creswell, J. & Garrett, A. 2008. The "movement" of mixed method research and the role of educators. *South African Journal of Education.* EASA Vol 28:321-333.

Elliot, J. 1991. Developing community focused environmental education through action research. *Mimeograph.* Centre for Applied Research in Education, School of Education. University of East Anglia, Norwich, U.K.: University Press.

Fischein, S. & Folkander, M.E. 2000. Reading and writing ability and drop-out in the Swedish upper secondary school. *European Journal of Special Education,*15(3):264-74.

Florez-Gonzalez, N. 2002. *School kids/street kids: identify development in Latino* students. New York: Teacher College Press.

Frank, J.R. 1990. High school drop-out: a new look at family variables. *National Association of Social Workers,* 13(1):34-47.

Garbers, J.G. 1980. *Vroeë skoolverlating in die groot stad***.** Durban: Butterworth.

Gilham, B. 2000. *Developing a questionnaire*. London: Continuum.

Goldman, D.J. & Bradley, G.L. 1996. A profile of Australian high school drop-outs who return to school. *Studies in the education of Adults.*28(2):185-210.

Grant, M. & Hallman, K. 2006. *Pregnancy-related school dropout and prior school performance in South Africa.* [Online]. Available: www.popcouncil.org/publications/wp/prd/rdwplist.html. [12 June 2009].

Henning, E. 2004. *Finding your way in qualitative research.* Pretoria: Van Schaik Publishers

Human Sciences Research Council (HSRC). 2008. *School drop-outs.* [Online]. Available: http://www.hsrc.ac.za/HSRC_Review_Article-82.phtml [12 June 2009].

Hymel, S. & Ford, L. 2003. School completion and academic success. The impact of early social-emotional competence. *Encyclopaedia on Early Childhood Development* [Online]. Available: http://www.excellence-earlychildhood.ca/documents/Hymel-FordANGxp.pdf. [25 March 2007].

Johnson, D. 1994. *Research methods in educational management.* London: Longman.

Kane, E. & O'Reilly-de Brun, M. 2001. *Doing your own research.* London: Marion Boyars.

Keen, A.W. 1992. Is school drop-out in a semi-rural community related to poverty? *Social Work Research*, 28(3):100-104.

Kronick, R.F. 2003. The imperative of dealing with drop-outs: theory, practice and reform. *Education.* 114(4):530-534.

Lagana, M.T. 2004. Protective factors for innercity adolescents at risk of school drop-out: family factors and social support. *National Association of Social Workers,* 26(4): 211-20.

Lategan, A.H. 1990. *Opening the doors of learning to all young children: potential demands*. Johannesburg: The Urban Foundation.

Lebella, N. 2000. *Focus adolescent services: youth who drop out.* [Online]. Available: http://www.focus.com/Dropouts.htmls. [26 April 2005].

Lee, F.W. & Miu-ling, F. 2003. Young school drop-outs: levels of influence of different systems. *Journal of Youth Studies,* 6(1):89-110.

Lee, V.E. & Burkam, D.T. 2003. Dropping out of high school: the role of school organization and structure. *American Educational Research Journal Summer 2003,* 40(2):353-393.

Legotto, M.W., Maaga, M.P., Mosoge, M.J., Nieuwoudt, H.D., Sebego, M.G., Van Der Westhuizen, P.C. & Steyn, H.J. 2002. Perception of stakeholders on causes of poor performance in grade twelve in a province of South Africa. *South Africa Journal of Education,* 22(2):113-8.

Le Roux, J. 1994. *The black child in crisis:a socio-educational perspective,2.* Pretoria: Van Schaik.

Le Roux, J. & Smit, M.E. 1992. *Themes in social pedagogies.* Pretoria: Van Schaik.

Luyten, H., Bosker, R., Dekkers, H. & Derks. A. 2003. Dropout in the lower tracks of Dutch secondary education: predictor variables and variation among schools. *School effectiveness and School Inprovement*, 14(4):373-411.

Mahy, M. & Gupa, N. 2002. Trents and differentials in adolescent reproductive behavior in sub-Saharan Africa. *DHS Analytical Studies No. 3,* Calverton, MD: ORC Macro International.

Marshall, C. & Rossman, G. 1995. *Designing qualitative research.* Thousand Oaks, California: Sage Pulication Inc.

Martin, P. 1995. Using open-ended interviews to determine why Peurto Rican students drop out of school. *Journal of Multicultural Counseling and Development*, 23(3): 158-69.

Masitsa, G. 2006. Drop-out in township secondary schools: educators'perspectives. *Acta Academica,* 38(3):165-191.

McCulloch, L. 2006. *Montana High School completer and dropout data collection handbook.* [Online]. Available: www.opi.mt.gov [10 September 2007].

Mcmillan, J.H. & Schumacher, S. 2000. *Research in education: a conceptional introduction.* 4th ed. New York: Longman.

Middlewood, D. Coleman, M. & Lumby, J. 1999. *Practitioner research in education: making a difference.* London: Paul Chapman Publishing Ltd.

Motala, S., Dieltiens, V., Carrim, N., Kgobe, P., Moyo, G & Rembe, S. 2008. *Educational access in South Africa: country policy brief.* [Online]. Available: www.create-rpc.org. [15 May 2009].

Mouton, J. 1996. *Understanding social research.* Pretoria: Van Schaik.

Munn, P. & Drever, E. 1990. *Using questionnaires in small-scale research: a teacher's guide.* Edinburgh: SCRE Publications.

Mwamwenda, T.S. 1989. *Educational psychology: an African perspective*. Durban: Butterworth.

National Research Council and Institute of Medicine of the National Academics (NRC-IOM) 2005. *Growing up global: the changing transitions to adulthood in developing countries.* Cynthia B Lloyd (ed.). Washington, DC: The National Academic Press.

Nthite, T. 2005. Aids booklet for high school pupils. *Pretoria News,* 28 June 2005.

Odum-Brad, R. & Drolet, J. C. 1997. Knowledge level of HIV/AIDS among High School drop-outs. *Journal of Health Education,* 28(6):15 June.

Overman, H.G. 2002. Neighbourhood effects in larger and smaller neighbourhoods. *Urban Studies,* 39(1):117-30.

Peraita, C. & Pastor, M. 2000. The primary school drop-out in Spain: the influence of family background and labour market conditions. *Education Economics*, 8(2):157-168.

Pitout, D.N., Smith, A.G. & Windell, J.H.J. 1992. *Education for secondary school teachers.* Pretoria: Academica.

Polit, D. & Hungler, B. 1993. Nursing research – methods, appraisal and utilization. Philadelphia: J.B. Lippincott Company.

Reed, D. & Johnson, S.D. 1992. Using media and models to motivate high school students. *Clearing House,* 65(4):225.

Scanlon, D. & Mellard, D.F. 2002. Academic and participation profiles of school-age drop-outs with and without disabilities. *Council for Exceptional Children,*68(2):238-58.

Schlesinger, A.M. 1988. *Challenges for school leaders.* Arlington, VA: American Association of School Administrators.

Schwandt, TD. 2002. *Dictionary of qualitative inquiry.* 2nd edition. Thousand Oaks, CA: Sage.

Smyth, J. & Hattam, R. 2002. Early school leaving and the cultural geography of schools. *British Educational Research Journal,* 28(3):372-383.

South Africa. Department of Education and Culture: Kwazulu-Natal. 2001. *Manuel for the registration of learners to receive education at home.* Pretoria: Government Printer.

South Africa. Department of Education. 2008. *Report: ministerial committee on* learner *retention in the South African schooling system*. Pretoria: Government Printer.

South African Schools Act. 1996. (N 84 of 1996). *Regulation relating to the examption of parents from payment of school fees in public school.* Government Notice 1052, Government Gazette 29311 of 2006.

Strauss, A.L & Corbin, J. 1999. *Basic qualitative research: techniques and procedures for developing grounded theory.* 2nd edition. Thousand Oaks, CA: Sage.

Suh, S. & Suh, J. 2006. Educational engagement and degree attainment among high school dropouts. *Educational Research Quarterly,* 29(3):11-20.

Thompson, H. 1993. Giving up on school: student drop-out and teacher burnout. *Educational psychology,* 13(2):197-198.

Ukil, D. & Esen, U. 2002. Early teenage pregnancy outcome: a comparison between a standard and dedicated teenage antenatal clinic. *Journal of Obstetrics and Gynaecology,* 22(3):270-272.

Van Deventer, I. & Kruger, A.G. 2003. *An educator's guide to school management skills.* Pretoria: Van Schaik.

Vermeulen, L.M. & Shaw, F.B. 1996. *Research orientation: a practical study for students and researchers.* Magalieskruin: Vermeulen Publishers.

Welman, C., Kruger, F. & Mitchell, B. 2005. *Research Methodology*. 3rd edition. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.

Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) 2003. *Policy on managing learner pregnancy in general education and training and further education and training institutions.* [Online]. Available: http://www.capegateway.gov.za/Text/2003/learner_pregnancy_14feb03.pdf.
[10 June 2009].

Yampolskaya, S., Brown, E.C. & Greenbaum, P.E. 2002. Early pregnancy among adolescent females with serious emotional disturbances: risk factors and outcomes. *Journal of emotional and behavioural disorders,* 10(2):1-14.

## BYLAE A: AANSOEKBRIEF AAN DIE WKOD

Tel.: (021) 952 6241
Sel : 084 0408796
E-Pos: stevenvalentyn@Yahoo.com

S.N. Valentyn
Verbenastraat 15
Belhar
7493

19 Mei 2008

Wes-Kaap Onderwysdepartement
Privaatsak X9114
Kaapstad
8000

Vir Aadag: Dr. R. Cornelissen

Geagte Heer

**Toestemming om navorsing te doen by XXXXX Sekondêre Skool –**
Verw. 204221501.

Ek is huidiglik ‘n student aan die Universiteit vir Tegnologie: Skiereiland, waar ek in die proses is om ‘n Meestersgraad te doen. Ten einde my graad suksesvol te voltooi, moet ek ‘n navorsingstuk skryf en verslag doen oor my bevindinge.

Die titel van my studie is: **Redes waarom leerders die skool verlaat: ‘n gevalle-studie van ‘n spesifieke skool.**

My studie fokus op die redes waarom leerders hierdie skool verlaat aangesien die syfers uit die skool se statistieke kommerwekkend is. Ek wil dus ‘n ondersoek doen om te identifiseer wat leerders beweeg om die skool te verlaat. Die uiteidelike doel is om dan beleid en strategieë in plek te kry om skoolverlatings te bekamp.

Die instrumente wat gebruik sal word in hierdie studie sal wees ‘n skoolverlatingsvorm/vraelys (wat deur die skoolverlater voltooi sal word), onderhoude (met ‘n monster skoolverlaters en hul ouers), wat buite skoolure sal plaasvind en dokumentasie-ontleding (skoollêer van die skoolverlater).

Die beoogde navorsingsperiode(dataversameling) sal wees van 1 Januarie 2008 tot 31 Julie 2008. Voltooiing van vraelyste, onderhoude en dokumentasie-ontleding sal egter tot aan die einde van die derde kwartaal geskied.

Dit sal my tot groot voordeel wees indien ek u toestemming verkry om my navorsing in hierdie skool te doen en gebruik te kan maak van die dokumentasie wat die eiendom van die WKOD is.

By voorbaat baie dankie

*S.N. Valentyn*

## BYLAE B: TOESTEMMINGSBRIEF ONTVANG VAN WKOD

Navrae
Enquiries **Dr RS Cornelissen**
IMibuzo

Telefoon
Telephone **(021) 467-2286**
IFoni

Faks
Fax **(021) 425-7445**
IFeksi

**Wes-Kaap Onderwysdepartement**

**Western Cape Education Department**

**ISebe leMfundo leNtshona Koloni**

Verwysing
Reference **20080528-0070**
ISalathiso

Mnr Steven Valentyn
Verbenastraat 15
BELHAR
7493

**Geagte Mnr S. Valentyn**

**NAVORSINGSVOORSTEL: REDES WAAROM LEERDERS DIE SKOOL VERLAAT: 'N GEVALLE STUDIE.**

U aansoek om bogenoemde navorsing in skole in die Wes-Kaap te onderneem, is toegestaan onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Prinsipale, opvoeders en leerders is onder geen verpligting om u in u ondersoek by te staan nie.
2. Prinsipale, opvoeders, leerders en skole mag nie op enige manier herkenbaar wees uit die uitslag van die ondersoek nie.
3. U moet al die reëlings met betrekking tot u ondersoek self tref.
4. Opvoeders se programme mag nie onderbreek word nie.
5. Die ondersoek moet onderneem word vanaf **1 Junie 2008 tot 31 Julie 2008.**
6. Geen navorsing mag gedurende die vierde kwartaal onderneem word nie omdat skole leerders op die eksamen (Oktober tot Desember) voorberei.
7. Indien u die tydperk van u ondersoek wil verleng, moet u asb met dr R Cornelissen in verbinding tree by die nommer soos hierbo aangedui, en die verwysingsnommer aanhaal.
8. 'n Fotostaat van hierdie brief sal oorhandig word aan die prinsipaal van die inrigting waar die beoogde navorsing sal plaasvind.
9. U navorsing sal beperk wees tot die volgende skool: **XXXXX Sekondêr.**
10. 'n Kort opsomming van die inhoud, bevindinge en aanbevelings van u navorsing moet voorsien word aan die Direkteur: Onderwysnavorsing.
11. 'n Afskrif van die voltooide navorsingsdokument moet ingedien word by:

    **Die Direkteur: Onderwysnavorsing**
    **Wes-Kaap Onderwysdepartement**
    **Privaatsak X9114**
    **KAAPSTAD**
    **8000**

Ons wens u sukses toe met u navorsing.

Die uwe

Geteken: Ronald S Cornelissen
vir: **HOOF: ONDERWYS**
**DATUM: 29 Mei 2008**

MELD ASSEBLIEF VERWYSINGSNOMMERS IN ALLE KORRESPONDENSIE / PLEASE QUOTE REFERENCE NUMBERS IN ALL CORRESPONDENCE / NCEDA UBHALE IINOMBOLO ZESALATHISO KUYO YONKE IMBALELWANO

GRAND CENTRAL TOWERS, LAER-PARLEMENTSTRAAT, PRIVAATSAK X9114, KAAPSTAD 8000
GRAND CENTRAL TOWERS, LOWER PARLIAMENT STREET, PRIVATE BAG X9114, CAPE TOWN 8000

WEB: http://wced.wcape.gov.za

INBELSENTRUM /CALL CENTRE

INDIENSNEMING- EN SALARISNAVRAE/EMPLOYMENT AND SALARY QUERIES ☎0861 92 33 22
VEILIGE SKOLE/SAFE SCHOOLS ☎ 0800 45 46 47

## BYLAE C: AANSOEKBRIEF AAN SKOOLBEHEERLIGGAAM

**Tel. nr: (021) 952 6241**
**Sel : 084 0408796**
**E-Pos : stevenvalentyn@yahoo.com**

**Mnr. S. Valentyn**
**Verbena Straat 15**
**Ou Belhar**
**7493**

**29 April 2008**

Die Beheerraad
XXXX Sekondêr
(Adres van die skool)

Geagte Dames en Here

**Toestemming om navorsing binne die skool te doen.**

Ek is 'n M. Ed student aan die Kaap Skiereilandese Universiteit van Tegnologie (studente nr. 204221501). As deel van my studie moet ek 'n navorsingstuk voltooi (mini-tesis). Die titel van my studie is: ***Redes waarom leerders die skool verlaat: 'n gevalle-studie by 'n spesifieke skool.***

Ek vra dus graag u toestemming om genoemde navorsing by XXX Sekondêr te doen aangesien ek híérdie skool gekies het om die gevalle-studie te doen.

Die naam van die skool, deelnemende skoolverlaters en ouers van skoolverlaters sal anoniem bly en alle persoonlike inligting sal vertroulik gehanteer word.

Ek vertrou op u heelhartige samewerking.

By voorbaat dank.

…………………………
(Mnr. S. N. Valentyn)

……………
(Datum)

**BYLAE D: TOESTEMMINGSBRIEF ONTVANG VAN SKOOLBEHEERRAAD**

# SEKONDêRE SKOOL

**NAAM VAN SKOOL**

**EN EMBLEEM**

**ADRES VAN DIE SKOOL**

**KONTAKBESONDERHEDE VAN DIE SKOOL**

**9 Mei 2008**

Mnr S. Valentyn

XXX Sekondêr

Geagte Mnr. Valentyn

**TOESTEMMING OM NAVORSING TE DOEN**

Hiermee word aan Mnr. Steven Valentyn toestemming verleen om sy navorsing te doen binne die skoolopset van XXX Sekondêr.

Die uwe

Handtekening van sekretaresse

Me. X

Sekretaresse: Beheerliggaam

## BYLAE E: TOESTEMMINGSBRIEF VIR DIE VOLTOOIING VAN DIE VRAELYS

Tel nr.: (021) 952 6241(H)
(021) 909 5270(W)
Sel nr.: 084 0408796
Faks : (021) 904 2823
E-Pos : stevenvalentyn@yahoo.com

S. N. Valentyn
Verbenastraat 15
Ou Belhar
7493

Geagte leerder en ouer/voog

Toestemming vir die voltooiing van die **vraelys**

Ek is huidiglik ‘n Meestersgraad student aan die Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie. As deel van my studie moet ek ‘n navorsingstuk voltooi en verslag lewer oor my bevindinge.

Die titel van my navorsing is: **Die redes waarom leerders die skool verlaat: ‘n gevalle-studie by ‘n spesifieke skool.**

My studie fokus dus op die redes waarom leerders die skool verlaat en nie by dié spesifieke skool matrikuleer nie. Ek vra dus vriendelik u as leerder se deelname deur die meegaande vraelys te voltooi asook u as ouer/voog se toestemming daarvoor. Ek verskaf u die versekering dat alle inligting hoogs vertroulik hanteer sal word en slegs vir navorsingsdoeleindes aangewend sal word. U deelname moet vrywillig wees en u behou die reg om enige tyd as deelnemer te onttrek. Bevestig asseblief u deelname deur die brief te onderteken.

Ek bedank u as leerder vir u tyd asook u as ouer/voog vir u toestemming. Wil u verder so gaaf wees om die voltooide vraelys asook die bevestigingsbrief aan my terug te pos of na bogenoemde nommer te faks.

By voorbaat baie dankie.

………………………….. ………………………
(S.N. Valentyn) (Datum)

***Bevestiging:***

*As leerder bevestig ek my deelname aan u studie:* ………………………
*(Leerder)*

*As ouer/voog gee ek toestemming vir my kind se deelname:* ………………………
*(Ouer/Voog)*

## BYLAE F: TOESTEMMINGSBRIEF VIR ONDERHOUDE


Tel nr.: (021) 952 6241(H)
(021) 909 5270(W)
Sel nr.: 084 0408796
Faks : (021) 904 2823
E-Pos : stevenvalentyn@yahoo.com

S. N. Valentyn
Verbenastraat 15
Ou Belhar
7493


Geagte leerder en ouer/voog

<u>Toestemming vir deelname aan 'n **onderhoud**</u>

Ek is huidiglik 'n Meestersgraad student aan die Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie. As deel van my studie moet ek 'n navorsingstuk voltooi en verslag lewer oor my bevindinge.

Die titel van my navorsing is: **Die redes waarom leerders die skool verlaat: 'n gevalle-studie by 'n spesifieke skool.**

My studie fokus dus op die redes waarom leerders die skool verlaat en nie by dié spesifieke skool matrikuleer nie. Ek vra dus vriendelik u as leerder en ouers se toestemming om 'n onderhoud met u te kan voer. Ek verskaf u die versekering dat alle inligting hoogs vertroulik hanteer sal word en slegs vir navorsingsdoeleindes aangewend sal word. U deelname moet vrywillig wees en u behou die reg om enige tyd as deelnemer te onttrek. Bevestig asseblief u deelname aan die onderhoud deur die brief te onderteken.

Ek bedank u as leerder vir u tyd asook u as ouer/voog vir u toestemming. Ek sal u kontak om die tyd vir die onderhoud te reël soos dit u pas. Wil u verder so gaaf wees om die bevestingingsbrief aan my terug te pos of na bogenoemde nommer te faks.

By voorbaat baie dankie.

……………………………..
(S.N. Valentyn)

………………………
(Datum)

***<u>Bevestiging:</u>***

*As leerder bevestig ek my deelname aan die onderhoud:* ……………………
*(Leerder)*

*As ouer/voog gee ek toestemming vir my kind se deelname:* ………………………
*(Ouer/Voog)*

**BYLAE G: VRAELYS AAN SKOOLVERLATERS**

## SKOOLVERLATINGSVORM/VRAELYS -2008

Naam van leerder: ……………………………………………….

Geslag:

[Maak slegs 'n kruisie(x) ]

| Manlik | | Vroulik | |
|---|---|---|---|

Ouderdom: ……….

Adres: ……….…………………………………
………………………………………………
………………………………………………

Telefoon nr.: (021) …………… Sel nr. ………………………….

Graad by skoolverlating:

[Maak slegs 'n kruisie(x) ]

| Gr.8 | Gr.9 | Gr.10 | Gr.11 | Gr.12 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

Datum van skoolverlating: …. ………………… 2008

**Rede/s waarom jy die skool verlaat het/wil verlaat:**

………………………………………………………………………………...
…………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………

Baie dankie vir u samewerking

***Relevante inligting vanuit leerder se skoollêer: ( Slegs vir navorser se gebruik)***

……………………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………………
………...…………………………………………………………………………………

## BYLAE H: ONDERHOUDSKEDULE AAN SKOOLVERLATERS

Die doel met die onderhoud is om data in te samel oor die redes waarom die leerder die skool verlaat het.

Vrae:

1. In watter graad was u toe u hierdie skool verlaat het?
2. In watter maand het u die skool verlaat?
3. Wat was u ouderdom toe u die skool verlaat het?
4. Waarom het u die skool verlaat? Gee spesifieke rede/s.
5. Sou u sê dat die skool iets kon doen om te verhoed dat u die skool verlaat? Vertel my meer.
6. Het u enige persoon om raad genader om u in u besluit te help? Indien wel, vir wie? Wat was hierdie persoon(e) se raad?
7. Was u ouers bewus daarvan dat u die skool gaan verlaat? Wat het hulle daaroor gesê?
8. Sou u sê dit was 'n wyse besluit om dié skool te verlaat? Waarom?
9. Indien die geleentheid hom weer sal voordoen, sal u uself terug wil sien by dié skool? Hoekom/Hoekom nie?

## BYLAE I: ONDERHOUDSKEDULE AAN OUERS VAN SKOOLVERLATERS

Die doel met die onderhoud is om data in te samel oor die redes waarom die leerder die skool verlaat het.

Vrae:

1. Om watter redes het u kind die skool verlaat?

2. Vertel my of u as ouer bewus daarvan was dat u kind die skool gaan verlaat? (Het u saam met die kind die besluit gemaak of was dit die kind se keuse?).

3. Indien dit die kind se keuse was, watter pogings het u aangewend om die kind by die skool te hou?

4. Hoe voel u oor die feit dat u kind die skool verlaat het?

5. Sou u sê dat die skool u kind rede gegee het om die skool te verlaat? Waarom/waarom nie?

6. Watter rol sou u sê kon die skool gespeel het om te verhoed dat u kind die skool verlaat het?

## BYLAE J: FOKUSGEBIEDE VIR DOKUMENTASIEONTLEDING

### 1.1 Aanvanklike dokumentasie vir agtergrond

1.1.1 Opsommingsregisters vir die afgelope vyf jaar
1.1.2 Akademiese rekords van leerders
1.1.3 Klasregisters
1.1.4 Onttrekkingsregister
1.1.5 SOBIS-dokument

### 1.2 Leerder se persoonlike skoollêer

1.2.1 Dissiplinêre briewe van opvoeders en Skoolbeheerraad
1.2.2 Intervensiebriewe ten opsigte van akademiese ondersteuning
1.2.3 Bewyse van ouerbesoeke (insluitend skoolvergaderings)
1.2.4 Akademiese prestasie (selfs laerskool)
1.2.5 Afwesigheid
1.2.6 Onttrekkingsbewyse
1.2.7 Bewyse van enige fisiese of psigiese stoornisse